

'n TAALKUNDIGE EN LEKSIKOGRAFIESE PERSPEKTIEF OP TROETELTAAL IN AFRIKAANS

Gerda Simpson

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Wysbegeerte
(Leksikografie) in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van
Stellenbosch



Studieleier: Prof. R.H. Gouws
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Departement van Afrikaans en Nederlands

Maart 2012

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasies aangebied het nie.

Gerda Simpson

Datum:

Kopiereg © 2012 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

ABSTRACT

A LINGUISTIC AND LEXICOGRAPHIC PERSPECTIVE ON ENDEARMENT TERMS OF LANGUAGE IN AFRIKAANS

The focus in this paper is on terms of endearment, and initially linking it with love, affection and care, which prominently feature in the oldest ancient languages. Users of dictionaries are motivated by finding and understanding the unbelievable variety of words in languages. In many faiths/religions people give credence to a perception that love and understanding of one another's needs and aspirations form the true basis of successful interpersonal relationships but as yet no consensus has been reached. The data was empirically collected through personal conversations with local people, including children, the young generation, parents and grandparents, staff of banks, supermarkets and bookshops. A distinction is made between terms generally used for kids, adults, men and women according to context in usage and the meanings thereof as reported by respondents, varying from seriously meant (*dearest*), to affectionate (*darling, beloved*) to mere superficial friendship (*pal, love*). As the focus was on Afrikaans which is the home language of the most residents in the Western Cape, according to information received from Statistics South Africa, and the knowledge as well as present usage of the word 'troetel' as a term of endearment, the English equivalents and additional similar terms are not of importance here. The impression is, however, that a special nuance of emotion is attached to the usage of the mentioned examples. Dictionaries should include terms of endearment known in the colloquial language at the time of their compilation and must be reliable sources of information regarding vocabulary, ways to address people and the varying degrees of communication in the wide distinguishable variety of contexts.

OPSOMMING

'n TAALKUNDIGE EN LEKSIKOGRAFIESE PERSPEKTIEF OP TROETELTAAL IN AFRIKAANS

Woordeboekverklarings vir die woord *troetel* sluit onder meer in *met liefde behandel*, *liefkoos*, *streef* en *versorg*. Hierdie besonder positiewe konnotasie het gelei na 'n soekroete in die oudste antieke tale as vertrekpunt om die ontstaan, bekendheid en gebruik van hierdie woordjie in Afrikaans te probeer vasstel. Omdat liefde in verskeie gelowe as basis vir suksesvolle menseverhoudinge deur die eeue aanbeveel, uitgeleef of geopponeer is, en tog nog geen algemeen aanvaarde konsensus, ten spyte van al die slim argumente en beredenerings deur briljante geleerdes bereik is nie, kan troeteltaal wat meestal met 'n ondertoon van 'n nuanse van liefde gepaard gaan, gebruikstaal positief beïnvloed. Deur middel van onoffisiële proefvraelysies aan die publiek plaaslik en op die platteland en deur persoonlike empiriese navorsing in gemeenskappe is die verlangde inligting by oud en jonk versamel, bank-, supermark- en boekwinkelpersoneel se menings is ingewin. Daar is onderskei tussen troetel- of troetelverwante name vir babas tot jongmense en seniors, mans en dames, met betekenis volgens konteks soos deur respondente verstrekk. Alhoewel troetel as sulks nie by die jonger geslag juis algemeen, soos vroeër, bekend is nie, veral in dorpsgemeenskappe, kom dit nog redelik wyd in die Wes-Kaap, streek- en gesinsgebonde voor. Daar word probeer om leksikograwe te beïnvloed om meer aandag aan troetelwoordjies soos *bokkie*, *dingetjie*, *kleintjie* en *pikkie* in woordeboeke te gee en die gebruik daarvan en krag daarin opgesluit by gebruikers te laat ervaar en weer in gebruik te laat herlewe, veral by ouers en jongmense. 'n Doel van woordeboeke vir die algemene taalgebruiker is in hoofsaak om 'n data-aanbod daar te stel wat verteenwoordigend is van die gewone omgangstaal in die tydsgewrig van samestelling, maar om verder ook as interessante inligtingsbronne van data in gebruikstaal te dien.

Woord van dank

My Hemelse Vader wat krag voorsien het, toe eie krag ontbreek het.
Hom kom al die lof toe.

My jongste seun, André, vir sy onbaatsugtige en volgehoue onderskraging, konstante aanmoediging en vertrouwe wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie droom waar te maak.

Professor Dr. R.H. Gouws, my promotor – besondere waardering en dank vir sy doelgerigte leiding en aanmoediging.

Aan ons eerste, beste bure op Stellenbosch, Daan en Betty Strydom: opregte dank vir aanmoediging, vertrouwe en volgehoue steun! Dankie bly mos 'n nie-genoeg-nie woord!

INHOUDSOPGAWE	Pagina
Voorwoord	xi
1. INLEIDING	
Hipotese	1
Doelstelling	1
1.1 Agtergrond	2
1.2 Metodologie van bespreking	2
1.2.1 <i>Analise</i>	2
1.2.1.1 <i>Tematisering</i>	3
1.2.2 <i>Perspektiewe op oorspronklike skeppings</i>	3
2. OORSPRONG EN TOEPASSING VAN TROETELTAAL	
2.1 Inleiding	5
2.2 Navorsing van troeteltaal in vier antieke tale	7
2.2.1 <i>Hebreeus</i>	7
2.2.2 <i>Grieks</i>	8
2.2.3 <i>Latyn</i>	10
2.2.4 <i>Germaans</i>	10
2.2.5 <i>Samevatting</i>	11
3. TROETELTAAL AS TAALVARIËTEIT VAN AFRIKAANS	
3.1 Inleiding	13
3.2 Menings oor variante deur verskeie navorsers	13
3.2.1 <i>Spontane ontwikkeling</i>	14
3.3 Publikasies oor gebruikstaal in 'n paar streke	15
3.4 Troeteltaalvorme se opname en bewerking in woordeboeke	15
3.5 Troeteltaal - Klanke, Ritme en Musiek	16
3.6 Afrikaanse Taalkunde: troetelvariasie	17
4. NAAMGEWING	
4.1 Inleiding	20
4.2 Naamgewing en die toepaslikheid op troeteltaal	21
4.2.1 <i>Naamgewing vir mense</i>	21
4.2.2 <i>Waarde van naamgewing</i>	21
4.2.3 <i>Nuwe skeppinge in gebruikstaal</i>	22
4.2.4 <i>Leenwoorde</i>	22

4.3	Perspektief op die verband tussen naamgewing en troeteltaal	23
4.3.1	<i>Kategorieë vir die indeling van die troetelnaamlyste</i>	23
5.	TIEN LEKSIKALE ITEMS AS TROETELVORME IN GEBRUIKSTAAL	
5.1	Inleiding	27
5.2	Die WAT	27
5.3	PHAROS	28
5.4	Bespreekte Troetelwoorde	28
5.4.1	<i>Die WAT</i>	28
5.4.2	<i>PHAROS</i>	28
5.5	Besprekingskriteria	28
5.6	Troetelname woordeliks uit die WAT en PHAROS aangehaal	29
5.6.1	<i>Tien bekende troetelwoorde uit die WAT</i>	29
5.6.1.1	<i>Aap / Apie</i>	29
5.6.1.2	<i>Agie</i>	30
5.6.1.3	<i>Boet</i>	30
5.6.1.4	<i>Duifie</i>	31
5.6.1.5	<i>Duimpie</i>	31
5.6.1.6	<i>Ghantang</i>	32
5.6.1.7	<i>Harta / Hartjie</i>	32
5.6.1.8	<i>Kalant</i>	34
5.6.1.9	<i>Kindjie / Kindlief</i>	35
5.6.1.10	<i>Liefie</i>	35
5.6.2	<i>Dieselfde tien troetelname uit PHAROS</i>	36
5.6.2.1	<i>Aap / Ape / Apie</i>	36
5.6.2.2	<i>Agie</i>	36
5.6.2.3	<i>Boet / Brother (Boet 2)</i>	37
5.6.2.4	<i>Duifie</i>	37
5.6.2.5	<i>Duimpie</i>	37
5.6.2.6	<i>Ghantang</i>	38
5.6.2.7	<i>Harta / Hartjie</i>	38
5.6.2.8	<i>Kalant</i>	38
5.6.2.9	<i>Kindjie / Kindlief</i>	39
5.6.2.10	<i>Liefie</i>	39
5.7	Gevolgtrekking: Vergelyking	39
6.	'n LEKSIKOGRAFIESE OMGEWING VIR TROETELTAAL	
6.1	Inleiding	41

6.2	Woordeboeksoorte en hul inhoud	41
6.2.1	<i>Klassifikasie</i>	41
6.2.2	<i>Tweedeling van tipes</i>	42
6.2.2.1	<i>Ensiklopediese tipe</i>	42
6.2.2.2	<i>Linguistiese tipe</i>	43
6.2.3	<i>Aanleerderwoordeboeke</i>	44
6.2.4	<i>Omvattende woordeboeke</i>	45
6.2.5	<i>Vertaalwoordeboeke</i>	45
6.2.6	<i>Vakwoordeboeke</i>	46
6.3.	Aspekte van die ontstaan en groei van leksikografie	47
6.3.1	<i>Inleiding</i>	47
6.3.2	<i>Leksikografie</i>	48
6.4	Leksikografiese proses	51
6.4.1	<i>Inleiding</i>	51
6.4.2	<i>Wiegand se voorgestelde vyf fases</i>	51
6.5	Aanbieding van verskillende tipes leksikale items	54
6.5.1	<i>Inleiding</i>	54
6.5.2	<i>Verskillende soorte lemmas</i>	55
6.6	Samevatting	57
7.	ETIKETTE: TOELIGTENDE FUNKSIE BY WOORDEBOEKE	
7.1	Inleiding	58
7.2	Agtergrond	58
7.3	Soorte woordeboeke	59
7.4	Tipes en funksies van etikette	59
7.4.1	<i>Inleiding</i>	59
7.4.2	<i>Onderskeid tussen vier tipes etikette</i>	60
7.4.2.1	<i>Temporele etikette</i>	60
7.4.2.2	<i>Geografiese etikette</i>	60
7.4.2.3	<i>Stilistiese etikette</i>	61
7.4.2.4	<i>Informele etikette</i>	61
7.5	Lys met verklarings van etikette	61
7.6	Slot	62
8.	BETEKENISASPEKTE VAN TROETELTAALVORME	
8.1	Algemene betekenisaspekte	63
8.2.	Betekenistipes	64

8.2.1	<i>Leksikale betekenis</i>	64
8.2.2	<i>Referensiële betekenis</i>	65
8.2.3	<i>Deskriptiewe betekenis</i>	65
8.2.4	<i>Leksikale items – isoleerbaar / koppelbaar</i>	66
8.2.5	<i>Betekenismente</i>	67
8.3	Gidsvrae om gebruikersbegrip van betekenis te evalueer	68
8.4	Gevolgtrekking	69
9.	BUITETEKSTE IN WOORDEBOEKE	
9.1	Inleiding	70
9.2	Tekste in woordeboeke	70
9.2.1	<i>Gedeeltelike / volledige raamstruktuur</i>	71
9.3	Die raamstruktuur van woordeboeke en buitetekste	71
9.3.1	<i>Voorbeeld van 'n primêre struktuur</i>	72
9.3.2	<i>Voorbeeld van 'n sekondêre struktuur</i>	72
9.3.3	<i>Gebrek aan woordeboekkultuur</i>	73
9.4	Beplanning van buitetekste	76
9.4.1	<i>Geïntegreerde en ongeïntegreerde buitetekste</i>	76
9.5	Die funksies van buitetekste	77
9.5.1	<i>Kognitiewe funksies</i>	77
9.5.2	<i>Die kommunikasiegerigte funksies</i>	77
9.5.3	<i>Voorbeelde van relevante agterbuitetekste by troeteltaal</i>	78
9.6	Gevolgtrekking	79
10.	EVALUASIE VAN OPNAME VAN LEERDERS IN GRADE 7 – 12 SE KENNIS VAN TROETELTAAL EN WOORDEBOEKE	
10.1	Inleiding	80
10.2	Proses en motivering	80
10.3	Doelstellings	81
10.4	Hoofdoel met die proefopname	82
10.4.1	<i>Kommentaar deur leerders</i>	82
10.5	Gevolgtrekking	84
10.6	Terugvoering oor kennis en gebruik van woordeboeke	84
10.6.1	<i>Woordeboekgebruik deur leerders</i>	90
10.6.2	<i>Unieke taalrol van woordeboeke</i>	91
10.6.3	<i>Voorstelle</i>	91
10.7	Gevolgtrekking	93

10.8	Algemene slotsom oor die evaluasie	94
10.8.1	<i>FAK</i>	97
10.8.2	<i>Gedigte: Groot Verseboek: DJ Opperman</i>	97
10.9	Slot	98
BIBLIOGRAFIE		
A.	Woordeboeke	102
B.	Ander bronne	103
BYLAES:		
Bylae 1:	Lys van troetelname deur leerders in 12 skole – grade VI tot XII – met gedeeltelike terugvoering	113
Bylae 2:	Lys van troetelname ontvang uit persoonlike skakeling en 'n vraelys aan enkele plattelandse dorpe	116
Bylae 3:	Vraelys: Leerders	120
Bylae 4:	Meningspeiling en wenke: KOD; skole; banke, sake-ondernemings; die kunste	125
LYS VAN DIAGRAMME:		
Diagram 1:	Woordeboek & Troeteltaal	86
Diagram 2:	Woordeboeke	87
Diagram 3:	Troeteltaal	88
Diagram 4:	Samevatting	89

VOORWOORD

Uit gesprekke oor 'n wye ouderdomspektrum en volgens geraadpleegde professionele gesondheidswerkers het alle mense 'n toenemende behoefte aan 'n *klankbord*, "iemand wat bereid is om na jou te luister en op voorstelle of op opmerkings kommentaar te lewer" (HAT 5: 564). Vir die aanpassing by en oplos van probleme sal dit help as hulle iemand in hul lewens het wat kan luister en terugvoering kan of sal gee op wat geopper is, wat dus as 'n *klankbord* op die een of ander manier as reaktor sal reageer. Met ander woorde, in die een of ander vorm van 'n medium van kommunikasie, insluitend geluide; gebare, woorde of selfs bloot stilsweye of 'n veelseggende gesigsuitdrukking wat 'n weerskaatsing as 'n blyk van kennisname sal toon. In praktiese toepassing word die persoon wat as klankbord gebruik word dus met 'n reflektiewe doel gebruik. Die refleksie is juis die metode om die spreker tot selfontdekking te lei van kwessies en probleme of dilemmas waarin hy / sy gewikkel is. Hieruit kan moontlik wysigings en oplossings of weldeurdagte klaring voortspruit. Selfs diere – honde, katte, bobbejane, dolfyne, ensovoorts – toon gelukkige en ongelukkige reaksies deur middel van geluide; dus hulle taal. Veral in vreemde omstandighede of in 'n onbekende land, kan slegs een woord soos *hartjie* saam met 'n glimlag en 'n naderwouf-handgebaar 'n onseker besoeker of toeris help om kommunikasie te vergemaklik om die verlangde rigting of 'n vreemde gebou te vind. Al ken die persoon nie eens die woord in Afrikaans nie, kan dit selfs tot 'n nuwe vriendskap lei. By 'n eerste ontmoeting met 'n besoeker wat inligting vra wat tot 'n eenwoordgesprek lei, omdat hul tale vir mekaar vreemd is, kan hul vriendelike persoonlikhede 'n vrymoedigheid skep om die nodige inligting te kry. Deur eenwoord-kommunikasie kan beter menseverhoudinge gevestig en selfs tot vriendskappe uitgebou word. Die letterlike betekenis van *klankbord* dui op resonansie in die een of ander vorm. Alle woorde kan behalwe hul gewone gebruiksbetekenis in 'n sekere verband, soos in 'n gesprek oor byvoorbeeld babaname, ook 'n emotiewe waarde insluit. In die verloop van hierdie bespreking sal hierdie onderskeie aspekte in verskillende hoofstukke bespreek word. Troeteltaal is juis by uitstek 'n eenwoord-kommunikasie-medium, meestal emosioneel van aard.

Dit bly moeilik en gewaag om 'n mening oor enige taalvariasie, waarby troeteluiting ingeskakel kan word, aanvaarbaar te konseptualiseer. Gevolglik sal die bestaan en begrip daarvan hoofsaaklik deur voorbeelde van respondente ontvang, as bewys vir die keuse van die tesis-onderwerp aangevoer word. In die bespreking van die woord "Troeteltaal" sal die uitgangspunt verklarings, soos in verskeie algemene woordeboeke aangedui, wees, naamlik *met liefde behandel*, *liefkoos* en *streef*. In kommunikasie en selfs ook in liggaamshouding en gesigsuitdrukking saam met gebare word die hoorder se reaksie in 'n spesifieke konteks meestal interpreteerbaar oorgedra.

Volgens die interpretasie van taal in studies deur verskeie taalkundiges bestaan taal uit woorde, op verskillende wyses saamgevoeg. In ontwikkelde lande is daar besef dat taaluiting volgens vaste reëls en voorskrifte, deur taalgeleerdes bestudeer en verder ook vir die gewone taalgebruiker skriftelik in woordeboeke beskikbaar moet word. Hierdie besef word ook reeds meer en dringender in ontwikkelende lande merkbaar, veral om groei en oorlewing van 'n taal en beter werksomstandighede te verseker. Prof. N.S. Kabuta van Sentraal-Afrika (Julie 2008) glo dat hy die waarde van taalkennis en woordbetekenis by sy studente inskerp as waardevolle middels om 'n gevoel van eie identiteit te ontwikkel en te vestig. 'n Beter taal- en woordkennis en ook om verder vertrouwd te wees met sinonieme, antonieme, grammatika, neologismes, ensovoorts – help om meer presies te kommunikeer en te interpreteer. Dit help om te leer dink, voor jy praat, om 'n waardevolle bydrae te lewer tot die standaardisasie van jou moedertaal, uit ander tale te vertaal en veel meer boeke in ander tale te kan lees asook self iets interessants en sinvol te kan skryf en moontlik eie skryftalent te ontdek en te ontgin. Op hierdie manier probeer hy 'n gevoel van positiewe selfwaarde by jongmense kweek en hulle oortuig dat, as gevolg daarvan, hulle gelukkiger mense, vriendeliker en kundiger taalgebruikers kan word. Die belangrikste is egter dat hulle nuttiger landsburgers sal wees tot voordeel van alle bedrywe en ambagte in hul land se belang, en so ook van minderbevoorregte landgenote se heil, omdat hulle finansiële meer tot die staatskas behoort te kan bydra. Deur hul voorbeeld van taalgebruik en as gevolg daarvan kan hulle 'n beter werk bekom en 'n groter inkomste verdien. So sal hulle hul eie armoede kan bekamp, geriefliker huisvesting bekom en 'n gelukkiger gesinslewe kan skep. Aangesien taal, dus ook die woordeskat, die basis is van 'n bespreking van troeteltaal, alhoewel in beperkte omgewings en erkenning as taalvariëteit in gebruiksfrekwensie, sal gepoog word om die bestaan daarvan te regverdig in aansluiting by taaldissiplines soos semantiek en morfologie.

Sou 'n mens troeteltaal by alle ouderdomsgroepe aan 'n norm wou meet, wat 'n balans sou kon bied tussen formele taal in opvoedkundige instansies teenoor informele gebruikstaal, waarby troeteltaal inskakel, is Zgusta se siening baie raak en toepasbaar, “The Norm is that part of the possibilities of the system which is considered *good* ... There's always a strong element of tradition in the *norm*. The norm must be functionally adequate to all levels of functions of written and spoken language” “The outstanding properties of lexical meaning draw a line between *generality* which can be perceived in different dimensions.” Zgusta (1971: 60). Hy glo dat die norm aan die maatstawwe van taalkunde getoets en taalkundig erken moet kan word.

Sekere troetelname is reeds taalkundig aanvaarbaar bevind en kom so algemeen voor in gewone gebruikstaal dat gebruikers nie meer werklik bewus is van die semantiese aspek daarin verweef nie. Die feit is dat die voorbeelde, soos *boet en sus* waarna in hierdie bespreking herhaaldelik verwys word, reeds in woordeboeke opgeneem is. Daar mag wel 'n moontlikheid bestaan dat aandag aan taalkundige toetsing van meer troetelvoorbeelde en hul bewerking daartoe mag lei dat

hulle ook 'n plek mag vind in algemene woordeboeke, onderrigsituasies, gevolglik in alledaagse gebruik. Die verwysing na die twee voorbeelde kan as inleiding in 'n onderhoud met 'n senior personeellid van 'n opvoedkundige inrigting gestel word. Voortvloeiend hieruit kan dit lei tot 'n prikkelvraag wat heel dikwels in 'n onderhoud deur 'n joernalis/omroeper aan 'n spesialis in een of ander kundigheid, of soms in 'n gewone gesprek met iemand op standaardopvoedkundige vlak gestel word, is: "Wat is jou filosofie omtrent een of ander aangeleentheid – verandering of moontlik 'n stelling, byvoorbeeld in verband met moedertaalonderwys of taalvernuwing?"

Filosofie word soos volg in HAT 5 (:235) verduidelik: "Wetenskap wat die totale menslike kengegewens ondersoek, onder andere, die oorsake van natuurverskynsels, die betekenis van die lewe." Hierdie ontleding sluit nou aan by die soeke na die betekenis van *troetel* in taalgebruik, want taal verteenwoordig lewe wat ook die totale kengegewens en betekenis van mense en verskynsels wil leer ken. Ook alles wat mooi en waardevol bevind word en blydschap kan bring, word hierin verteenwoordig, soos troeteltaal teenoor nog onwetende kleines, en volwassenes in konteks. Die verwysing na moedertaalonderwys en hoe ongelukkig die vreugde en waarde daarvan vergelykbaar is met onderwys in 'n ander taal, soos Engels en Afrikaans, wat vir 'n groot meerderheid kinders nie gebruikstaal nie en eintlik vreemde tale is, het raakpunte met opvoeding van veral kinders en jongmense. Hulle beskik nie oor die nodige woordeskat nie en kan daarom nie 'n duidelike begrip hê van wat hulle leer nie en die onderrig nie waardevol vind nie. Al hierdie genoemde feite dek elemente van troeteltaal, en die onsekerheid en redes vir voorvalle en onverklaarbare gebeure in die alledaagse lewensverloop – die hoor en sien, maar nie regtig verstaan nie.

Waarde en betekenis van bedoelde troeteltaal soos *Skattie en Vati* word nie noodwendig deur die omvang van hul gebruiksfrekwensie bepaal nie. Belangstelling in en nuuskierigheid oor troeteltaal, hoewel nie as taalvariasie bekend nie, gepaard met bewyse dat dit wel nog in Afrikaans bestaan, word in die bespreking gedek en mag wel moontlik vir die gemiddelde taalgebruiker sinvol en as taalwaardig geag word.

Die onderwerpbesprekinge en -ontleding vervat in hierdie bespreking poog om meer insig te genereer oor die nie-standaardstatus, ten spyte van algemene gebruik, wisselend in provinsies en gebruikersgroepe, van die taalvariëteit troeteltaal. 'n Mens sou selfs na hierdie troetelvorme kon verwys as 'n deel van taalgroei met 'n saamsnoerende substansie genaamd: **Van Kombuistaal tot Kunssinnigtaal.**

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die bespreking van hierdie onderwerp berus op 'n voorlopige veronderstelling – hipotese – van 'n aanpassing in algemene woordeboeke, wat as grondslag vir nadenke en ondersoek deur woordeboeksamestellers kan dien. Die vraag het ontstaan of meer erkenning van voorbeelde van troeteltaalvorme, reeds algemeen gebruiklik in Afrikaanse spreektaal, nie in sekere tipes woordeboeke opgeneem en bewerk moet word nie. Dit sou verdere belangstelling in troeteltaal kon bevorder, want dit is juis die probleem wat hiermee gepoog ondersoek te word en woordeboekmakers van so 'n aanpassing en gevolglike vernuwing te oortuig.

Hipotese

Troeteltaalvorme behoort as normale volwaardige taalvariante van Afrikaans beskou en bestudeer te word. Afrikaanse woordeboeke gee tot nog toe weinig aandag aan die insluiting en bewerking van troeteltaalvorme.

Doelstelling

Met hierdie studie het ek insig probeer kry in die huidige belangstelling in en waardebeoordeling van die gebruik van troeteltaal deur die deursnee Afrikaanssprekende publiek en die opname en bewerking daarvan in sekere woordeboeke. Data is empiries versamel deur middel van 'n relevante vraelys aan ongeskooldes en welsprekendes, asook aanhalings uit die media, radiopraatjies en -berigte, TV-taal, en die bywoning van vergaderings en besprekings van uiteenlopende verteenwoordigende instansies. Ook leerders van hoër- en laerskole wat hul menings individueel oor kennis en gebruik van Afrikaanse woordeboeke en die woord of begrip *troete!* kon verstrek, is deur middel van 'n vraelys geraadpleeg. Hieruit kon lyste van reeds bestaande troetelname en -vorme saamgestel word wat as grondslag vir 'n bespreking van hierdie taalvariëteit kan dien.

Die waarde van woordelyste is reeds vanaf die eerste aandag aan Afrikaans, waarin 'n ontluikende saadjie van 'n moontlik nuwe taalvariëteit aan die gis was, besef. Die moontlikhede van die uitbouing van hierdie aandag was vir verskeie taalkundiges 'n persoonlike strewende om te kon vasstel of en waar andersoortige taalvorme, soos dialekte en streektale sou kon inpas. As voorbeelde kan verwys word na M.A.-tesisse oor, onder andere, die omgangstaal van inheemse taalgroepe in die Oos-Kaap, Namibië en die Griekwas.

1.1 Agtergrond

Aantekeninge oor die heel eerste bewuswording van verskille tussen en afwykinge van die Nederlands van die 17de eeu en die toenmalige vorm van Afrikaans deur Jan van Riebeeck en sy gevolg aan die Kaap gebruik, soos later deur die Nederlander Pannevis en 'n Suid-Afrikaner S.J. du Toit waargeneem, het reeds vroeg aandag getrek en as bronne vir verdere navorsing gedien. In Gericke (1991: 107) word verwys na die Afrikaanse taalkundige H.J.J.M. van der Merwe se navorsing in hierdie verband in sy boek *Vroeë Afrikaanse Woordelyste* (1971: xi). Van der Merwe wys op die waarde van die aantekeninge. Hy spreek verder kritiek uit op foute en mistastings wat in T.M. Tromp se boek voorkom, soos blyk uit aanhalings wat duidelik op wanbegrip dui van die Kaapse taal in daardie stadium van ontwikkeling. Changuion (1844) se verwysings na die taal lewer die volgende voorbeelde, aangehaal uit die woordelyste: "... maskie = al is het ook; een zekere meelspijs, die "de slinger-om-den-smoel genoemd word"; hij kwam van de trap afbolderen" (:18). Die Nederlander, T.M. Tromp, het net 'n kort rukkie aan die Kaap in diens van die VOC vertoef. Hy sluit in sy boek *Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal* 'n lysie in van die "leelijkste mees gemengde dialect dat ooit bestond" (:22) soos hy die taal in daardie tyd aan die Kaap ervaar het. Hy het later sy mening meer positief gewysig tot "... dat de taal belangwekkend en de aandacht overwaard is, is zeker Het is dan ook jammer, dat diegene, die zich de moeite wilde getroosten, regels en genootschappen tot instandhouding er van in het leven te roepen tot zuiveren van het Afrikaans" (:24). 'n Verwysing na 'n woordelys in *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope Journal* deur H.C.V. Leibbrandt (in Gericke, 1991: 107) met veral Oosterse woorde en interessante woordafleidings wat volgens Van der Merwe nie altyd bo verdenking is nie. Veranderings, weglatings en aanvullings is deel van enige taal se groei, ook wat troetelvorme as taalvariëteit betref. Dit blyk dat daar vanaf die eerste werklike belangstelling in Afrikaans as 'n nuwe taalvorm deur taalkenners verskil van menings was, soos in die verskillende woordelyste bevestig. Meer erkenning aan nuwe aanvullings, soos vele Oosterse, Franse, Duitse, Engelse en Koiwoorde het die uiteindelijke erkenning van Afrikaans as amptelike taalvorm in 1925 voorafgegaan.

1.2 Metodologie van bespreking

Is daar in die verskillende besprekings van relevante elemente en voorbeelde in die tesis genoegsame bewyse gevind vir meer aandag aan troeteltaal en insluiting in woordeboeke as 'n taalvariëteit? Om hierop positief te kan antwoord, sluit die volgende in.

1.2.1 Analise

Vasstelling of troetelvorme algemeen in gebruikstaal voorkom.

1.2.1.1 Tematisering

Troeteltaalvorme kom in semantiese velde soos die volgende voor: liefde (spontaan, intens, oordrewe); toegeneetheid (familieverband, gesinsposisie); vriendskap (as gevolg van ervarings, byvoorbeeld ongelukke, prestasies) en kritiese instelling.

Sekere troetelname vir persone (*Boet, Sussie*) en samestellings en uitdrukkings soos *liefkoos, liefhê* is reeds as standaardvorme in verskeie woordeboeke ingesluit. Genoemde voorbeelde kom algemeen in die gebruikstaal van volwassenes en kinders voor.

Groepe gebruikers en kontekste kan as volg verdeel word: kinders (voor- en naskools), jongmense / studente, volwassenes en bejaardes.

1.2.2 Perspektiewe op oorspronklike skeppings (positief of negatief)

Konteks speel 'n rol. Troetelvorme hang nou saam met bepaalde gebeure tussen mense soos by pare – liefde tussen twee of by 'n groep mense, of selfs in gevalle waar die gebruik as afstootmiddel aangewend word, soos *Bekkie* vir iemand wat té veel praat.

Woordeboekmakers se belangstelling in en aandag aan die insluiting van troeteltaalvorme in algemene woordeboeke is nog nie werklik getoets nie. Navorsing oor moontlike aansluiting in van die oudste wêreldtale – Grieks, Hebreeus en Latyn – kan gevind word in boeke waarna in hierdie bespreking verwys word. Die lekseem *troetel* kom ook in samestellings met onder andere kind, naam, dier, woord en plantjies voor. Hierna word in die bespreking in Naamgewing (hoofstuk 4) verwys.

Aangesien troetelname aan naamgewing gekoppel kan word, is taalkundiges se studies en bevindinge oor naamgewing by die bespreking ingesluit.

Die menings van die volgende taalnavorsers dien as onderskraging van my onderwerpkeuse.

“There’s no divine sanction in language. It is an instrument of the people who use it.” Sledd & Ebbitt (1962: 57).

Daar bestaan nie enige wonderlike of self-toegeëiende sanksionering vir taalgebruik nie. Taal is wel 'n magtige instrument wat deur mense op uiteenlopende maniere in 'n verskeidenheid kontekste ten goede of ten kwade aangewend kan word. Van noodleniging tot verwoestende oorloë kan byvoorbeeld deur kommunikasie geskep en volgehou word. Dit blyk uit daaglikse mediaberigte wat seker as betroubare bronne en uit navorsing saamgestel behoort te wees.

“Each word has a unique footprint.” Hanks (Leksikografiekongres, Stellenbosch, Julie 2008. Mondelinge opmerking).

Die verskeidenheid van woordbetekenisse in wisselende omstandighede kan vergelyk word met individuele duimafdrukke. Elke woord het 'n unieke intrinsieke waarde waaraan dit in bepaalde omstandighede gemeet kan word. Hierdie stelling kan ook op die bewustheid en kennis van troeteltaalvorme toegepas word.

HOOFSTUK 2

OORSPRONG EN TOEPASSING VAN TROETELTAAL

2.1 Inleiding

Inleidend tot die bespreking van 'n rol van antieke tale in die oorsprong van die betekenis van troeteltaalvorme kan, soos uit aangehaalde naslaanbronne blyk, aangevoer word dat 'n verband wel tussen die twee komponente gelê kan word.

In die beplanning van 'n soekroete na die moontlike oorsprong van *troetel*, die basis waarop die bespreking van hierdie tesis berus, is as 'n moontlike padwyser 'n verklaring van die term *oorsprong* nageslaan. In die verklarende woordeboek HAT 5 (:817) is die volgende gevind: "afkoms waaruit iets voortkom of ontspruit, wetenskapbenadering". Wetenskaplike, waarby ook taalkundige, navorsing oor enige betrokke verbandhoudende onderwerp ook van die oudste antieke tale en outomatiese nuwe skeppinge volgens mense se behoeftes vir kommunikasie en ontwikkeling, het hieruit voortgevloei. Meer belangstelling en groter kundigheid in die uitruil van kennis en insig, gissings en voorstelle vir moontlike veranderinge en oplossings, voorafgegaan deur konsultasies, en die uitdrukkingsvermoë daarvan, hou geleerdes reeds eeue lank innoverend besig. Intellektuele ondersoek en gevolglik die bes moontlike konsensus ten opsigte van nuwe uitsprake en aangepaste denkrigtings is in taal vasgelê, want die mag van taal geld vir alle volkere en onderwerpe. 'n Linguistiese aanspraak op 'n bespreking van troeteltaalvorme as 'n variëteit van Afrikaans vind aansluiting by die siening dat mense se taal 'n prent skilder van die hele lewe en sosiale omgang tussen die lede van afsonderlike gemeenskappe. Omdat Afrikaans 'n groeiende taal is wat eers in 1925 na 'n lang stryd amptelike erkenning verwerf het, is besluit om in sommige van die oudste antieke tale dieper te delf om oortuigender aanknopings tussende die gegewe betekenis van *troetel* en *liefde* vas te stel.

In die soekproses rakende *troeteltaal* is as verdere wegwyser in verklarings van verklarende Afrikaanse woordeboeke die volgende gevind: met liefde behandel, liefkoos, waaruit 'n volgende riglyn gespruit het, naamlik 'n konnotasie met 'n geestelike komponent en rol daarvan in die wonder van mense se bestaan, en dus ook onvermydelik met hul aangepaste taalgebruik in hierdie verband. Hieruit het 'n logiese skakel met gelowe, van watter denominasie en in welke land of individu se leefstyl nou ook, 'n rasionele moontlikheid geblyk te wees. Voorts kan dan ook 'n verband met *liefde*, 'n sleutelterm in gelowe, ongeag uiteenlopende interpretasies, beoefening en skriftuurlike voorskrifte en wenke in handleidings, as vertrekpunt vir hierdie benadering in die bespreking gevind word. Vandaar het navorsing, volgens aantekeninge in gesaghebbende publikasies in die bibliografie genoem, in die bespreekte antieke tale vervolgens sinvol geblyk te

wees. Ook daaglikse beriggewing van menings deur die gewone publiek en denkers op akademiese vlak in dié verband lei tot 'n gevolgtrekking dat 'n oortuigende definisie en resep vir *liefde (troetel)* maar net 'n soeke sal bly. Daar is dus nog nie eenstemmigheid oor 'n oorkoepelende samevatting bereik nie. 'n Moontlikheid van sinonieme in toepassing en vorme van troeteltaalvorme sal nog ontgin moet word.

In studies deur 'n verskeidenheid taalgeleerdes, ook in Afrikaans, oor die semantiek blyk dit dat algehele eenstemmigheid bestaan oor die siening dat volkome sinonimie tussen woordpare hoogs uitsonderlik is. Verwysings na “Moeder” Theresa en my “moeder” kan geensins sinoniem wees nie, al is die woorde identies in spelling, klem en uitspraak. Die emotiewe betekenis verwys na heeltemal verskillende velde, en hulle is nie in konteks vervangbaar nie. Volgens De Stadler (1989: 77) kan daar wel “losser” (naby-) sinonimie wat sekere semantiese parameters insluit in taalgebruik, voorkom. Hy noem dit die polisemantiese aard van woordbetekenis. Hierdie verwante betekenis kom wel in 'n ruim mate in troetelname soos byvoorbeeld *Poppie* en *Poppelol* voor. Hierdie losservorm van sinonimie kan ook, sowel kognitiewe as emotiewe betekenis hê en is dikwels konteksgebonde soos in troeteltaal. Die semantiek van 'n troetelnaam wat nogal soms 'n geruime tyd lank as 'n eienaam gebruik word en dit later selfs word, steun egter op die verband waarin die naam vir die spreker en hoorder sin maak. In die verklaring van die woord *troetel* begin die meeste verklarende woorde met lief-, byvoorbeeld *liefkoos*, *liefkosende naam of woord*. Dit dien as regverdiging om *liefdestaal* as 'n nabysinoniem van troeteltaal te aanvaar en te bespreek en die oeroorsprong in die oudste antieke tale van Afrikaanse denominasies te gaan navors en te probeer bepaal in watter semantiese verband *troetel (liefde)* met 'n betekenis aansluitend by die verklarende woorde daarvoor in Afrikaans voorkom. Die feit dat nuanses van liefde en menseverhoudinge 'n sleutelement in gelowe verteenwoordig, sluit nou hierby aan. In 'n hele aantal skriftuurlike publikasies, onder andere Bybelboeke, in wese oorvertelde verhale, in sowel die Ou as die Nuwe Testament, kom verhoudinge, nou verwant aan liefde, vertrou, sorg, vreugde en positiewe ingesteldheid tussen mense aan die orde. Hier kan verwys word na verhoudinge tussen pa en seun – Abraham en Isak (‘jou seun wat jy liefhet’); Genesis 22:2 (man en vrou), Elkana en Hanna: 1 Samuel 1:5 (‘alhoewel hy vir Hanna liefgehad het’), waar die fokus val op gevoel en sorg, nabysinonieme vir troeteling. In Psalms (36, 40, 109) en nog ander weerspieël sang, dikwels met musiekbegeleiding (87, 81, 84); gedigte (89, 142) vreugde, lof en vertrou. In Psalm 136 word *liefde* 26 keer herhaal. In Prediker dien sorgsaamheid as rigsnoer vir slaggate op die lewenspad deur 'n vader as hooftema. Selfs na kleinkinders word verwys in hoofstuk 17: “kleinkinders is vir oumense 'n trots”. Liefde vier hoogty in Hooglied. In die Nuwe Testament vind 'n mens die basis van troeteltaal, soos veronderstel om toegepas te word, in 1 Korinthiërs 13.

Alles in die onbeskryflike grootse heelal het iewers 'n begin gehad, 'n onvoorspelbare wisselende verloop, gekoppel aan 'n wye verskeidenheid van uiteenlopende faktore, situasies en ervarings vir

alle individue, groepe en gemeenskappe. So dan ook troeteltaal en terme vir liefdesuitinge, wat seker as taalelement, die naaste aan die woord *begin* beskou kan word. Die gee en uitspreek van troetelwoorde soos *liefeling*, *liefste*, *skat*, ensovoorts het aanvanklik meestal, kort na die geboorte – die begin van ’n nuwe lewe – hul oorsprong gehad. Die toepassing het met verloop van tyd wel veranderinge ondergaan. Dit is heel dikwels uitgebrei na volwassenes – manlik en vroulik. ’n Verskuiwing van betekenisnuanses, selfs as negatief interpreteerbaar, is ook soms ter sprake, soos in die bespreking van die betekenis van troetelname in die meegaande naamlyste (**Sien “Bylae 1: Lys van troetelname deur leerders in 12 skole – grade VI tot XII – met gedeeltelike terugvoering” op bladsy 113**).

2.2 Navorsing van troeteltaal in vier antieke tale

Vervolgens is nagevors in welke mate troeteltaalvoorbeelde in vier van die oudste tale of taalgroepe, naamlik in Hebreeus, Grieks, Latyn en Germaans as bewyse van toepassing van begrippe aansluitend by betekenisaanvoeling daarvan, in die hede gevind kan word.

2.2.1 Hebreeus

Die antieke taal Hebreeus behoort tot die taalfamilie van die Semitiese tale, waarvan Oos-Semities die oudste bekende is. Inligting oor die taal dateer vanaf 3000 v.C. Van die taal Noordwes-Semities stam die meeste beskikbare tekste uit ongeveer 1400 v.C. Hierby is ook Kanaänitiese, Hebreeuse en Aramese inskripsies sedert 800 v.C. ingesluit. Suidwes-Semities, wat sowel Suid- en Noord-Arabies as Ethiopies insluit, kom sedert die 3de eeu v.C. in inskripsies en muuropskrifte asook gedenktekens voor. Sedert die 4de eeu n.C. is dit selfs as digtertaal bekend, waarvan Psalm 78: 2 as voorbeeld beskou kan word. “Ek gaan ’n gedig voordra, ek gaan julle inlei in geheimenisse uit die verre verlede.”

Hebreeus is vanweë sy eeuelange geskiedenis een van die belangrikste tale van die ou wêreld. Oud-Hebreeus omvat ’n taal- en literatuurperiode van meer as 1 000 jaar. Nog belangriker is die feit dat Hebreeus volgens Gemser, in Labuschagne (1975: 1), nooit heeltemaal as gesproke taal verdwyn het nie. Die Hebreeuse woordeskat van die Ou Testament is redelik klein en bevat nie enige filosofies-abstrakte terme nie (Labuschagne: 5). In die 11de eeu n.C. was daar egter ’n groot oplewing by die Jode in Spanje asook ’n ware wedergeboorte van die taal vanaf die einde van die 18de eeu. Volgens ’n opname deur Freedman (1992: 376) kom die werkwoord vir *liefhê*, saam met ’n verskeidenheid selfstandige naamwoorde baie dikwels in geskrewe Hebreeus voor. Die betekenis kan betrekking hê op liefde tussen mense, vir konkrete dinge of gedragspatrone van individue (soos sal blyk uit die besprekings van die betekenis van troetelname) en selfs van groepe.

Die volgende verwysing van Wilson (2006: 2482) skakel in by naamgewing en kom ook in Afrikaans in voorbeelde, soos onder andere, *Klossie* (blomnaam) en *Toktokkie* (’n kewer) as troetelname voor: “... in cultural areas surveyed, all employ imagery taken from the world of nature as multifaceted symbols of lovers’ emotions and physical attributes. Beyond the generalization there are differences and similarities.” In die tagtigerjare van die 19de eeu het moderne Hebreeus die volkstaal van nasiebewuste Jode geword. Hebreeus word deur hulle beskou as die vernaamste medium vir alle uitinge van menslike ervarings en alles in hul samelewing (Labuschagne, 1975: 6). Daar sal gevolglik beweer kon word dat daar in Bybelse vertellings noue aansluiting gevind sou kon word by die Afrikaanse verduideliking van *troetel* van *met tere liefde behandel, liefkoos, lieflingsnaam, versorging*, soos in Psalms, Spreuke en veral Hooglied verwoord word. Die verwysings na die aanhalings uit die Bybel sluit nou aan by veral kinders en jeugdiges se aangename ervarings van genietings soos blydskap, eet en strelende reuk, wat algemeen met troeteling geassosieer kan word.

2.2.2 Grieks

Grieks, soos Hebreeus, ressorteer ook onder die mensdom se oudste taalfamilies. Die term *Klassieke Grieks* verwys na Atties – die dialek in Athene in die 5de eeu v.C. (Wilson, 2006). Volgens Wilson (2006: 42) dateer die oudste bestaande voorbeelde van ’n Griekse manuskrip so ver terug soos die laat 14de eeu v.C. Die vroegste bekende beskrywing van ’n alfabet gebaseer op die Fenisiese, dateer vanaf c.740 v.C. Daar bestaan egter geen bewyse dat die bestaan van ’n alfabet tot meer en beter geletterdheid in die Griekse wêreld gelei het nie. Kommunikasie was hoofsaaklik mondeling. Kontrakte in sake wat handels-, wetlike en enige tipe ooreenkoms raak, is mondeling afgehandel. Uit navorsing blyk dat die geskrewe woord as onbetroubaar en oneerlik beskou is tot ongeveer die 4de eeu v.C., indien die volgende aangehaalde gegewens as waar aanvaar word. Volgens bogenoemde skrywer van “Encyclop(a)edia of Ancient Greece”, het Socrates, held van Plato, niks van ernstige aard neergeskryf nie, uit vrees dat sy woorde misbruik en verkeerd aangehaal sou word. Teen c.360 (Wilson: 427) is skriftelike dokumentasie in kontrakte en leenooreenkomste egter wel in die hof vereis. In die Hellenistiese periode (323-31 v.C.) was ongeveer 40% van die vrygebore mans darem reeds geletterd. Aristoteles se mening was, onder andere, dat geletterdheid nuttig was vir sake, huishouding, studie en ’n verskeidenheid van sosiale aktiwiteite. Hierby sou wel kinderopvoeding ingesluit kon word.

Teen ongeveer 1500 n.C. het die Renaissance gelei tot ’n groot hervorming in die menslike geestesgesteldheid ten opsigte van die waarde en omvang van kennis. Die era van 1800 is gekenmerk deur ’n uitgebreide reeks radikale vernuwings, veral in fisiese wetenskappe en tegnologie wat tegnieke en dus name vir kommunikasie betref. Omtrent dieselfde tyd is die mensdom se aandag in die geskiedenis van rasse wat in die Orient, voor die Griekse geskiedenis

geleef het, die eerste keer geprikkel. Dit het gelei tot belangstelling en navorsing in die aardsgebonde abstrakte denke van daardie inwoners en die oorblyfsels daarvan soos in die inskripsies op monumente wat tot op die hede bewaar gebly het. Volgens die 18de-eeuse siening van navorsers kan die begin van hierdie geskiedenis reeds na Homeros, beroemde digter van Griekeland, en die verhale in die Ou Testament saam met die digter se kennis van die antieke tale, hoofsaaklik Latyn, Grieks en moontlik ook Hebreeus, Friedrich (1957: 411), teruggevoer word. Wetenskaplikes het meegehelp om vergete geskrifte met waardevolle inligting in verskeie tale te herontdek, en om so die eerste fundamente vir historiese studie te vestig, en skriftelike passasies daarvoor te verwerk. Ontsyfering van hierdie ou geskrifte en tale in die 19de en 20ste eeu behoort tot die mees uitmuntende prestasies van die hedendaagse mens se denke en ontsyfervermoë. Die Grieke het die Egiptiese skryfkuns “Hiërogliewe” genoem wat as gewyde woorde deur hulle beskou is en hulle het hierdie geskrifte in eerbiedwaardige bewondering betrag. Verder het hulle geglo, daarin is diepe wysheid opgesluit wat om verklaring vra. Die verowering van Alexander die Grote in die laat 4de eeu het volgens Wilson (2006: 414) bygedra tot wye verspreiding van en waardering vir Griekse literatuur en kultuur in die antieke wêreld. Toe ’n groot deel van Alexander se ryk onder Romeinse heerskappy kom, is Latyn as gebruikstaal in Griekeland ingevoer, maar die reëling het nie groot inslag gevind nie, selfs nie by die Romeine nie. Grieks het meer populêr en algemeen-gebruiklik geword, sowel in opvoeding en kultuur as by die algemene bevolking. Volgens Kruger (1975: 14) is vasgestel dat die eerste gedrukte teks van die Nuwe Testament in 1516 deur Desiderius Erasmus in Basel uitgegee is. Kommentaar op die taalinhoud hoort tot die vroegste filologiese persepsies. Theodor Beza (Kruger, 1975: 14) het beweer dat in die teks daar té veel taalkundige onverfyndhede voorkom, maar gee tog toe dat die waardigheid van die Bybel nie hierdeur aangetas is nie. Daar is wel genoeg “taaljuwele waarmee die apostels hul geskrifte versier”, terwyl Henricus Stephanus (1576), verwys deur Kruger, by die lees van die teks ervaar dat die Hebraïsmes groter trefkrag aan die inhoud verleen. Van Voort (1999), wat in sy navorsing ingestel was op die getal kere wat ’n bepaalde woord in die Nuwe Testament voorkom, vind die Griekse woord vir *liefde* ook in verskeie kontekste. In die antieke Nabye Ooste is liefde nie beskou as bloot ’n emosie van verbygaande aard nie. Die begrip het die volle omvang van ervarings van liefde by alle mense, soos beleef deur verskillende kulture ingesluit. In die digkuns oor liefde dien selfs geur, sig, smaak en gehoor as inspirasie vir poëtiese oorspronklikheid en troetelnaamgewing, in ’n Afrikaanse voorbeeld soos my *Blinkogjie*. Die afleiding uit hierdie navorsing dui ook daarop dat die oorsprong van troeteltaal – *liefde*, *toegeneentheid* en *sorg* – tot in die verre verlede teruggevoer kan word. Die woordgebruik moes as van soveel belang en waarde in verhoudings in sowel geskrewe as spreektaal geag gewees het dat dit in meerdere of mindere mate in verskeie landstreke in Suid-Afrika tot vandag bly voortbestaan het. Ook in die Afrikaanse poësie kom hierdie woorde voor by voorbeeld Lion Cachet (1838); *sussie*, *hartjie*; Anoniem: *soetlief* (24); N.P. van Wyk Louw, *Kan jy my woorde liefste hoor...* (1978, 125); Breyten Breytenbach *allerliefste* (1939); D.J. Opperman, *My nooi is in ’n nartjie*, (Groot Verseboek: A.P. Brink (Red.).

2.2.3 Latyn

Latyn word in die WAT (deel IX) beskryf as 'n Italiese taal van die antieke Romeine wat tot die Indo-Europese taalfamilie behoort. Hieruit het die Romaanse tale ontwikkel wat naas Grieks die vernaamste klassieke taalgroep is. Aangesien Latyn in noue verband met die liturgiese geskryfte gebring word, soos ook Hebreeus en Grieks, is dit hier wel ter sake en insiggewend om uit hierdie antieke taal in verband met liefdestaal – die uitgangspunt waarop religieuse beginsels en troeteling gebaseer is – inligting uit beperkte navorsing mee te deel.

Toe die Romeinse Ryk onder Alexander die Grote in wêreldgebeure 'n leidende rol gespeel het, is Latyn as 'n wêreldtaal noodsaaklik en onontbeerlik beskou. Latyn is gereken as die medium en draer van alles wat die gekultiveerde beskawing kon bied, en is ook as vak in ons eerste skole in Suid-Afrika aangebied (Coetzee, 1940: 1). Latyn het as taal van 'n hoog beskaafde oorwinnaar gesag gekry, en toe die Romeinse ryk in duie stort het Latyn bly voortleef as taal van die beskawing" (Scholtz, 1969: 33). In die Middeleeue het Latyn die taal gebly van die geestelikes, die Bybel, die geleerdes, diplomate, pedagoë en die gekultiveerdes en dit het 'n sleutelposisie in die opvoedingstelsel ingeneem (Breitenbach, 1976: 39). In die RSA was Latyn tot redelik onlangs 'n verpligte vak vir regstudente aan sommige universiteite en dit was ook belangrik in mediese en teologiese onderrig. Latyn, hoofsaaklik die taal van die Romeine, behoort ook tot een van die mees antieke wêreldtale, en het tot in die 18de eeu die taal van die wetenskap gebly volgens Kruyskamp en De Tollenaere (1950: 993).

2.2.4 Germaans

Afrikaans is 'n nasaat van Germaans. Volgens navorsing spruit die Germaanse taalfamilie regstreeks uit die Indo-Germaanse taalfamilie 'n hipotetiese grondtaal wat 'n oervolk vroeër in Europa gepraat het. Die vroegste tale word gewoonlik in taalfamilies gegroepeer, waarvan Indo-Germaans die belangrikste is. Toe Indo-Europese families in Griekeland gearriveer het, kort na 2000 v.C. volgens Wilson (2006: 413), het die Grieke 'n soort *pre-Grieks* gepraat, wat ook verwant was aan Latyn (Frans, Spaans, Romaanse tale). Die samehang van die Germaanse vertakkinge met die tale wat daaruit ontwikkel het, kan soos volg uitgebeeld word: Indo-Germaans > Nederlands, Middel-Nederlands, Nieu-Nederlands, 17de-eeu-Nederlands > Afrikaans. Die 17de eeu was die grootste bloeitydperk in Nederland en die provinsie Holland het die grootste aandeel hierin gehad. In groot stede was daar 'n samevloeiing en vermenging uit die hele Nederlandse taalgebied, ook uit Duitsland en Frankryk, en gevolglik opvallende dialektiese verskille in die taalgebruik. Opmerklike verskille het, onder andere, voorgekom in die taalgebruik tussen stande (ryk en arm). Wat die geskrewe taal betref, het die skrywer Vondel met sy suiwer taalgevoel en fyn smaak vir woordkeuse meegewerk aan die vorming van 'n algemene skryftaal. Die vertaling van

die Bybel in Nederlands in 1637 het 'n groot invloed op hierdie taal gehad. Dit was 'n standaardwerk wat die algemene Nederlands van daardie tyd verteenwoordig het. Hierdie Bybel was eintlik die enigste leesstof wat die nedersetters aan die Kaap gehad het, en die Nederlands wat hul gepraat en waaruit Afrikaans gespruit het, het verskeie Nederlandse dialekte verteenwoordig. Die nedersetters se kommunikasie met die vaderland was swak en aanvanklike gebrek aan skoolopleiding waar die kinders goeie Nederlands kon aanleer, het daartoe meegewerk dat Kaaps-Hollands met 'n bonte verskeidenheid van ontleninge – uit Oosterse tale (*blatjang, borrie, baie*); Afrika-tale (*moepel, kamma, aia*); Frans (*pompemoer*); Duits (*swernoot, seties*); Hottentots (*gamma, abba, Karoo*); Engels (*kworum, leghorn*) beslag gekry het. Elke nuwe taal is eenvoudiger as sy oertaal. In Basson *et al.* (1973: 17) is die bevinding dat Afrikaans voor 1800 algemeen gebruik is, en die taalgeleerde Otto Jespersen se siening is toepaslik, “die taal is die beste wat met die minste middele die meeste op sy duidelikste kan uitdruk,” deur Basson (1973: 15) aangehaal. Afrikaans met min aanhangsels – soos geslagsaanduidinge, naamlik *der* vir manlike, *die* vir vroulike en *das* vir onsydige woorde (*Duits*); verwarrende fonetiek (Engels) *bow, excuse, discuss*; (Frans) met ineenvloeiing van klanke *peut-etre, le* en *la* vir twee geslagte is een van die grammatikaal maklikste tale om aan te leer.

2.2.5 Samevatting

“*Words can be conceived as interpersonal UNITS of language as of the system of a language.*”
L. Zgusta (1971: 22).

“*... consciousness is an exclusive prerogative of the individual which is affected by culture.*”
M. Sasson: Georgio (1995:1685).

Uit die voorafgaande bespreking word dit duidelik dat taal in sy ontstaan en ontwikkeling en in reeds gebruiklike vormgewing van gedagtes in woorde oor en weer deur volke by mekaar geleen is. Volgens eie behoeftes, belangstellings en omgewingsfaktore is aanpassings gemaak en besluite oor elke taalgroep se besondere keuse van 'n eie taalsisteem geneem en deur gebruike gevestig. In ooreenstemming met kultuur- en afsonderlike verskille kom daar vanselfsprekend in taalstrukture verskille voor as gevolg waarvan 'n taal makliker of moeiliker vir aanleerders is. Die graad van moeilik of maklik hang van persoonlike vermoëns en gehalte van onderrig af en die tipe verskille sluit, onder andere, in naamvalle en werkwoorduitgange (*Duits, Frans*); uitspraak (*Engels, Frans, Xhosa*), ensovoorts. Moontlik as gevolg van die veelvolkigheid van die inheemse gemeenskap, aanvanklike bou van 'n nasie-probleme en groot verskille tussen etniese groepe het die eerste deelnemers aan die Afrikaanse taalskepping besef dat eenvoud en erkenning van variëteite 'n primêre uitgangspunt sal moet wees. Insluiting van oorspronklike beskrywende segswyses – *jong osse inspan* (vomeer), *die kar voor die perd span* (agterstevoor te werk gaan),

moes uit die gewone omgangstaal kom, verstaanbaar in konteks wees en met daaglikse doen en late verband hou. Die gevolg is dat oorspronklike woorde, idiome en uitdrukkings spontaan ontstaan het en 'n weerspieëling van die saamwerk en saambou aan 'n oorspronklike nuwe taal was wat gedurig bly uitbrei, beslag gekry het en vandag op alle kulturele terreine uitblink. Hierdie oorspronklikheid vind ook neerslag in troeteltaal as een van die variëteite van Afrikaans. Hierdeur vind Afrikaans aansluiting by van die oudste tale, soos Hebreeus, Grieks, Latyn. Daar is hierop voortgebou en vandag het Afrikaans 'n wye versameling leksikale items, wat tot die troeteltaal-variëteit behoort.

HOOFSTUK 3

TROETELTAAL AS TAALVARIËTEIT VAN AFRIKAANS

3.1 Inleiding

Inleidend word verwys na aspekte van die bewerking van die lemmas *variant* / *variasie* in die volgende standaard algemene sinchroniese woordeboeke, naamlik *Pharos: Afrikaans-Engels; English-Afrikaans Woordeboek* 2005 en vervolgens HAT 5: *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 2005. In eersgenoemde kom *variant* nie in die alfabetiese lys van die Afrikaanse deel voor nie. In die Engelse afdeling kom *variant* wel voor as selfstandige naamwoord met die vertaalekwivalente wisselvorm, byvorm en variant. In HAT 5 is die verduideliking, “Afwyking; verandering; verskillende lesing, vorm van ’n teks of ander gegewe”. Hierdie bespreking van troeteltaalvorme bewys dat die meeste van die genoemde verduidelikings duidelik toepaslik op die voorbeelde in die ingeslote naamlyste is. Volgens hierdie verklarings sal troeteltaalvorme onder vrye variante kon ressorteer, omdat hulle spontaan deur veral ouers, maar ook by ander volwassenes, goeie vriende en soms selfs deur kinders self geskep word en heel dikwels tot in die volwasse stadium bly. By troetelvorme is daar taalkundig ’n geval van afwykings van oorspronklike vorme, byvoorbeeld *harta* in plaas van *hartjie* en gebruik van ’n noemtroetelnaam in plaas van ’n doopnaam in ’n geval soos *Kobie* in plaas van *Jakoba*.

3.2 Menings oor variante deur verskeie navorsers

In ’n radiopraatjie in 1969 deur J.G.H. Combrink oor menings waar Afrikaans in die kader van taalveranderings inpas, verwys hy na ’n meningsverskil tussen taalkundiges. Sommige glo aan spontane ontwikkeling terwyl ander probeer bewys dat Afrikaans ontstaan het uit spontane ontwikkeling plus vreemde invloede. Hierdie meningsverskille kan verstaan word op grond van die meertaligheid in die Kaapse nedersetting met Nederlanders, afkomstig uit verskillende streke met uiteenlopende dialekte, saam met seemanstaal van bemannings van verskillende nasionaliteite op skepe van die VOC (*Generale Vereenighde Nederlantsche Geocroyeerde Oostindische Compagnie*) wat van tyd tot tyd by die Kaap vir proviand aangedoen het. Saam hiermee was daar die invloed van die taal van die inheemse nasies. Namate die nedersetting gegroei het, het die invoer van werknemers, veral uit die Ooste, toegeneem en is Maleis-Portugees die sterkste gevestig. Mense van ander nasionaliteite – hoofsaaklik Duitsers en Franse – in diens van Holland en die VOC het hulle ook om verskillende redes as nedersetters aan die Kaap kom vestig en ’n invloed op taalontwikkeling gehad. Aan die einde van die Hollandse tyd het die bevolking egter volgens J.C. Steyn (1980: 11) “... ’n taal gepraat (het) wat meer Hollands was as wat dit Duits of Frans was”. Volgens Uys (1983: 29) het sowel die 17de-eeuse seemanstaal as die 17de-eeuse

gebruikstaal van Standaardnederlands afgewyk. Met ander woorde, die twee taalvorme is as nie-standaardvorme beskou. Volgens Uys gee Kloeke (1950: 12, 333) toe dat Nederlands wel 'n onbetwisbare rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, maar hy stel dit ook dat Afrikaans 'n Germaanse taal is, en hy ondersteun nie die opvatting dat taalvermenging plus vreemde invloede die oer-oorsprong van Afrikaans is nie. Vervolgens meen hy verder dat daar dialekstandaardisasie in die rigting van Nederlands ontwikkel het omrede die oorwegend Nederlandse invloede aan die Kaap (Kloeke: 102).

3.2.1 Spontane ontwikkeling

Die spontane ontwikkelingstandpunt word ondersteun deur Louw (1948: 53). Tans word van tot tyd meer bewyse deur taalkundige navorsers gelewer dat spontane ontwikkeling as 'n logiese ontwikkeling van taalkontinuiteit beskou moet word. Uys verwys voorts na Van der Merwe (1970: 33, 88), se stelling dat Afrikaans wat sy huidige vorm betref, reeds tussen 1656 en 1658 beslag gekry het en variant- en variasievorme dus tot so ver teruggevoer kan word.

Die inwoners van spoorweghaltes, kleindorpgehuggies tot middelgrootdorpe, myndorpe asook kleiner en groter stede, almal wisselend wat inwonertal en behuisingsdigtheid betref, het in vele opsigte verskil. Vanselfsprekend lei hierdie omstandighede tot uiteenlopende gewoontes en gebruike, asook in die onderlinge mondelinge en skriftelike skakeling. Volgens Steyn (1980: 117) lei "taalkontak altyd tot taalversteurings". In genoemde gegewens kom daar ook interessante verskille in taalgebruik voor, byvoorbeeld die gebruik van troeteltaalvorme, soos by, kinna / kinta verskillend van vorm en in mindere of meerdere mate algemeen in gebruikstaal van 'n area. Die verskille in gebruikstaal het algaande taalkundig uiteenlopend geword sodat vorme, veral as onderwerpe vir linguistiese navorsing, in publikasies van taalgebruik in beroepsgroepe, insluitende vissers en in sekere omgewings, naamlik Namibië en Knysna en andere, as studieonderwerpe gedien het. Taalgebruikers is gedurig besig om uitdrukkingsmoontlikhede spontaan te ontgin en uit te brei, soos heel aan die begin toe Afrikaans sy beslag gekry het. Sommige taalvariëteite en -variasies mag wel vriendeliker en meer aanvaarbaar wees, maar hier gee woordeboeke as betroubare bronne die nodige perspektief en leiding. Charl Naudé verwys in *Litnet* (2009/08/06) na Afrikaans as 'n algemeen beskaafde taalvariëteit. Daar is volgens hom geen rede vir miskennings en uitsluiting van ander taalvariëteite en -variasies as die wat reeds in Afrikaans bestaan nie, byvoorbeeld dialekte, leenwoorde en streekvorme. Afrikaanssprekendes het altyddeur kontak behou en in gesprek gebly met ander taalvariante, soos veral deur Khoi-, San-, Moslem-, Swart taal-gebruikers en streektaalafwykings, wat in ons letterkunde neerslag gevind het. Die uitgebreide verskeidenheid is vanselfsprekend nie eweredig oor bepaalde taalgebiede versprei nie, en kwantitatiewe verskille vorm deel daarvan.

3.3 Publikasies oor gebruikstaal in 'n paar streke

Publikasies waarin die variasies en variëteite wat in 'n wydverspreide gebied voorkom empiries nagevors is, sluit onder meer die volgende in: Boonzaier (1982), Boshoff (1917), Calitz (1957), De Klerk (1986), Hupkes (1951), Heiberg (1957), Loubser (1954), Mohamed Adhikari (1909-1922), Links (1989), Rademeyer (1938), Van der Merwe (1996), Ponelis (1982), Van der Mescht (1976), Raidt (1992).

Die motivering vir die siening dat troeteltaalvorme meer aandag in die leksikografie verdien en as 'n vorm van taalvariasie en selfs as afsonderlike variëteit aanvaar kan word, word deur die genoemde reeds gepubliseerde werke, wat nog aangevul kan word, bevestig. Die werke het aangetoon dat 'n taal se variëteite 'n teiken vir navorsing is.

3.4 Troeteltaalvorme se opname en bewerking in woordeboeke

Troeteltaalvorme verwoord taalgevoeligheid wat een van die prioriteitsmikpunte in gebruikstaal is, want hulle is spontaan en bevorder die vloei van gemoedlike gesprekke. As volwaardige items van die leksikon behoort hulle in sekere tipes Afrikaanse woordeboeke opgeneem en bewerk te word. Die meeste troetelvorme is selfstandige naamwoorde wat slegs 'n etiket of bondige verduideliking benodig om hulle troeteltaalstatus aan te dui. Wanneer die lemma wat 'n troetelnaam verteenwoordig ietwat vreemd voorkom, byvoorbeeld *Kanoes*, mag die verduideliking belangstelling prikkel en woordeboekgebruik bevorder. Uitbreiding en aanvulling vorm in elk geval deel van enige woordeboek se inhoud en afwykende vorme kan per etiket gemerk word.

Lombard (1993: 140) beweer “'n Etiket help dus om die gebruik van 'n sekere woord binne 'n sekere gebied van die taalgebruik te plaas.” Hy sluit hiermee aan by Gouws (1988: 14) se stelling dat 'n etiket 'n verband tussen 'n woord en sy gebruik aandui. Lemmas sonder standaardstatus, soos die meeste troetelwoorde, word met etikette gemerk om bepaalde sosiolinguistiese waardes te illustreer. Dit geld ook, volgens Claassen (2008: 28) woorde wat in 'n bepaalde sosiale sfeer gepraat word, maar nie as dialekte gereken word nie.

Troetelname lê meestal 'n verband van liefde en vriendskap in mindere of meerdere mate tussen mense en kan dus hier toegepas word en wel met 'n etiket in woordeboeke ingesluit word in ooreenstemming met die leksikografiese vereiste vir die gebruik van 'n etiket. Die gepastheid, al dan nie, van 'n andersoortige troetelwoord soos *boelie* in 'n gespreksituasie sal dus vir die insluiting met etiket hier die bepalende faktor wees. Die gebruik van etikette moet aan voorgeskrewe leksikografiese vereistes voldoen. Die aangehaalde troetelwoord moet reeds in die taal se leksikon opgeneem wees. Die troetelwoord val dan volgens Lombard in sy inligting oor skoolwoordeboeke

(1993: 102) in geselstaal net onder die neutrale vlak van Standaardafrikaans en mag dan ook in woordeboeke as troetelvorm aangedui word.

3.5 Troeteltaal – Klanke, Ritme en Musiek

Alle mensetale bestaan uit 'n samevloeiing van klanke en ritme.

Oervolke het moontlik die misterieuse ontelbare verskeidenheid van *klanke* probeer naboots voordat werklik geordende tale geformuleer is. Op so 'n oorspronklike wyse het hul 'n vorm van kommunikasie probeer skep. Namate reaksies op sekere klanke bewys het dat 'n gewenste resultaat behaal is en dat 'n bedoelde boodskap wel oorgedra is, soos 'n verwilderde vlug van 'n trop bobbejane by die aanhoor van 'n geweerknal, is so 'n klank as waarskuwing van gevaar ervaar en toegepas, waarop ook mense gereageer het.

'n Klanknabootsende vorm met die smak van lippe en lek met die tong kon vir lekker kos gebruik word. Spekulatief klink dit wel, maar die bewustheid dat mond, lippe, tong, keel en wange vir klanke, waaruit taal ontwikkel het, 'n belangrike rol speel, moes vanselfsprekend spontaan hieruit tot verdere proefnemings gelei en die skep van nuwe klanke laat ontwikkel het. 'n Konnotasie met die skep van nuwe sus- en paai-klanke deur 'n moeder vir 'n kind kan hierin gevind word.

Mense met 'n aanvoeling vir musikale klanke en ritme is so geprikkel dat hieruit 'n meer *akademiese solfametode*, 'n toonleer van 8 note (*do-re-me-fa-so-la-te-do*) elk met 'n ander klank en toonhoogte, ontwikkel het. Selfs klein kindertjies reageer ritmies op klanke en die kundige ontwerp van musiekinstrumente uit beskikbare materiale, soos hout, kalbasse, sink, ensovoorts (in museums te sien) deur onopgeleide ouers bespeel, bring groot genot. Klank en musiek is egter nie eksak nie en verskil van kultuur tot kultuur.

'n Aanhaling uit *Larousse Encyclopedia of Music* (Hindley 1971: 22): "Music holds a revered place in the tradition of both the higher civilizations and the so-called primitive peoples" bevestig die indruk. By die primitiefste volke het 'n musiektradisie sowel 'n sosiale as funksionele rol gespeel. Vir ritme is gewoonlik die hande en voete – die ledemate wat oorwegend by kinders, maar ook by volwassenes, saam met taalgebruik en sang ingespan word – gebruik. Die tamboer of trom is die algemeenste en gewildste kode-instrument in Afrika, asook 'n voorkeurspeelding by kinders en dien as begeleiding by verskeie hedendaagse musiekgroepe. In Hindley (1971: 22) word die volgende stelling gemaak, "One may reasonably assume that one cause of the drum's extensive distribution is the role it plays in communications". Dit is dus geen wonder dat klankgrepe soos *la* en *doe-doe* in slaapliedjies en kleuterverse vir kleingoed en ook in troetelname, soos *toekie*, *lallie* gebruiklik is nie.

In die Westerse kultuur is 'n meer klassieke benadering tot musiek ontwikkel waaruit die skep van wêreldbekende komposisies van 'n wye verskeidenheid deur beroemde komponiste van lank gelede tot vandag gewild gebly het. In hierdie bespreking word na net twee verwys, naamlik *Mozart*, leier van die Klassieke Periode in musiek, en ook bekend as die *lawwe komponis*. Sy komposisies het werke van alle oeuvres, 'n siklus gekenmerk deur diversiteit en deurgaans met die stempel van eenvoud en van die hoogste perfeksie, ingesluit. In sy altyd gewilde opera *Die Towerfluit* kom daar byvoorbeeld in die libretto in die duet tussen die hoofkarakters Papageno en Papagena verskeie troetelwoorde voor. Deur sy fluitspel lok Papageno met "Well, then my little love" vir Papagena terug na hom en sy reageer met "Well then, be my turtledove," gevolg deur wartaal, soos dikwels deur kleuters gebabbel, "Ri-tan-tou, ri-tan-ti, -La, la". Ook in die opera *Die Vrolike Weduwee* deur Franz Lehar kom vrolike, kinderlike brabbeltaal soos *-lo, Do-do en Clo-clo* voor. 'n Mens kan van genoemde voorbeelde aflei dat musiek op kinder- en troetelname spontaan veral deur moeders oorgedra word en troeteltaal as 'n besondere *taalkunsgenre* ontstaan het en gereken kan word.

Variasies en variëteite, ook in die kader van nie-standaardvorme soos *troeteltaal*, dra by tot taalverryking en taalvriendelikheid, en kwalifiseer dus vir meer aandag deur woordeboek-samestellers. Dit kan selfs woordeboekkultuur bevorder.

3.6 Afrikaanse Taalkunde: troetelvariasie

In die Afrikaanse taalkunde kom taalvariasie, waartoe troeteltaalvorme behoort, al van die taal se ontstaan op 'n opmerklieke skaal voor. Aangesien die vorme nog steeds as nie-standaard beskou word, word hulle meestal gekoppel aan 'n spesifieke streek of gemeenskap en kry so 'n plaaslike gebondenheid, wat moontlik as 'n oortuigende argument vir die ondergeskikte status van hierdie "taaluitbreiding" met die oog op opname en behandeling in woordeboeke beskou moet word.

Volgens Ponelis (1989: 11) kan taalverandering óf van binne en van buite óf van onder en van bo voorkom. Wanneer van onder af, begin die proses op informele stylvlak in die gewone omgangstaal, soos dit die geval met troeteltaal is. So 'n tipe taalgebruik kan maklik algemeen raak, en dan selfs later by kultuur- en skryftaal 'n vaste gewoonte word. Volgens Webb (1989: 429-430) kan taalveranderinge of taalvariasie as 'n soort styl, wat formeel of informeel kan wees, geklassifiseer word. Volgens sy mening pas die styletiket, wanneer taalgebruik met 'n *bepaalde situasie* saamhang of 'n *sekere aktiwiteit* beskryf of in die verbeelding oproep. 'n Mens sou hierdie taalsiening dus ook met troeteltaal kon assosieer, en in die volgende gevalle toepas. Wat 'n spesifieke situasie betref, kan verwys word na die geboorte van 'n baba of die dood van 'n eersteling en trooswoorde aan byvoorbeeld 'n jongmens wat ledemate in 'n ongeluk verloor het. In

die geval van 'n aktiwiteit kan troeteltaal darem ook geluk en vriendskap vergestalt in die woorde *liefde, liefkoos, vertroetel*, ensovoorts.

Allerlei tipes variasies dra in taal by tot taalverandering, insluitende sintaktiese, fonologiese en leksikale aspekte. Ander faktore, soos gebruiksuitbreiding, veralgemening, stigmatisering en standaardisering vervul verder ook belangrike funksies. Die lys van troetelnaamverwante noemname wat reeds semanties in 'n soortgelyke gees as dié van vertroeteling gebruik word, is wel reeds in Afrikaans omvangryk, hoewel die woord *troetel* en sy begrip by die huidige jonger geslag onbekend skyn te wees, soos ook in die geval van, onder andere, verouderde geld- en lengtename *tiekie, oortjie, duim, jaart*, ensovoorts. Dit het geblyk uit navrae aan die huidige jeug en leerkragte, en word as verouderd en histories in die jongste Afrikaanse woordeboeke soos HAT en PHAROS aangedui, soos vasgestel. Al hierdie voorbeelde bevestig die stelling dat taal lewe. Jong tale, soos Afrikaans vernuwe teen 'n sneller pas vir die jeug en toekomstige werknemers en werkgewers as vir die ouer garde. Taalvariasie wat veral onder streekinvloed voorkom weens ons wye taalverskeidenheid in ons uitgestrekte land, het ook reeds daartoe meegewerk dat Afrikaans, veral ten opsigte van sy grammatika, in vele opsigte van Engels, Duits en Nederlands verskil, en byvoorbeeld geen vaste reëls ten opsigte van naamvalle vir manlik en vroulik het nie. Verder het die verskeidenheid nedersetters elk met 'n vaste moedertaal, by die dominante taal in hul nuwe tuiste aangepas, by mekaar die beste oplossings vir die suksesvolste gevolge in hul kommunikasie geleen en hul aanpassings op die groeiende jong taal gelaat. Linguistiese kreatiwiteit was daar nog altyd, byvoorbeeld die skep van woorde soos *snesie, snelpos*, ensovoorts.

Ponelis (1989: 9) se siening oor Afrikaans stel hy soos volg: "Studie van Afrikaans is gerig op geleding, konteks, die ontwikkeling en klassifikasie van Afrikaans binne die perspektief van die taalkunde as wetenskap". Onder konteks val die mikrososiolinguistiek wat een van die hoofdisiplines is waaronder variasietaalkunde val. Troetelvorme wat volgens hul semantiese aard en verklaring in die definies in woordeboeke in Ponelis se studie-omskrywing van taalkunde val en dus aan bestaande taalkundige voorskrifte voldoen, pas dan by die gestelde perspektief in.

Taalveranderinge aktief in Afrikaans is die afgelope tyd (verwys paragraaf 2, Ponelis 1989: 11) toegepas. Van binne is daar spontaan woorde vir nuwe ontwikkelinge geskep, soos *rekenaar, selfoon, gigagreep*, die *Web*, en van buite is daar die ontlening uit ander tale, byvoorbeeld *tjips, tjol* (en veel meer) < Engels, *ubuntu* en *yebo* < isiXhosa en Zoeloe; *au pair* < Frans, ensovoorts. In Afrikaans het veranderinge teen 'n vinnige tempo plaasgevind. Taalverandering begin logies in die omgangs- algemene en spreektaal op verskillende taalvlakke volgens die peil en beskikbaarheid van opvoeding in die verskeidenheid streke in ons groot land. Variasie kom taalkundig gewoonlik veral op sintaktiese (woordorde), fonologiese byvoorbeeld uitspraakaanpassings (*hys* in *plaas* van *huis*) en leksikale (*op / met vakansie*) vlakke voor. Aangesien troetelvorme gewoonlik enkelwoorde

is wat soms saam met *my* of *ou* gebruik word, is veral die leksikale en fonologiese hier ter sake. Troetelwoorde en verwante keusename is hoofsaaklik vorme van sosiale interaksie, wat nie net die hoorbare uitinge nie, maar ook gebaretaal kan insluit, want vir baie mense is taal meer van 'n denkwerktuig as 'n spreekbuis. In algemene gebruikstale, waartoe Afrikaans behoort, moet variasie binne 'n vaste taalsisteem voorkom. Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat troetelvorme aan die voorgeskrewe reëls voldoen. As gevolg van die feit dat troeteltaal dikwels streekgebonde is en hoofsaaklik in bepaalde situasies gebesig word, kan 'n mens dit as informele Standaardafrikaans ag, wat in werklikheid net stilisties van formele Standaardafrikaans in Standaardwoordeboeke verskil. Besinning oor insluiting in 'n buitetekst met inligting oor en voorbeelde van troeteltaal met die klem op die emotiewe krag daarin opgesluit, behoort dus nie vir linguïste 'n werklik drastiese besluit ten opsigte van hul praktiese samewerking in die vestiging van troetelvorme te wees nie.

Volgens Pienaar in *Die Triomf van Afrikaans* (1943: 234) is dit nie moontlik om presies te bepaal waar, wanneer en by wie die eerste herlewing van die Afrikaanse Taalgedagte ontstaan het nie. Daar was wel baie jare lank vele botsende menings tussen voorstanders van Hollands en Afrikaans onderskeidelik oor watter een die amptelike landstaal is en in die toekoms sal wees. Vroeëre opponerende taalstryders, onder wie G. Preller in die Noorde en J. de Waal in die Suide, het in hierdie meningsverskille toonaangewende rolle gespeel. Advokaat J. de Waal, in 1903 redakteur van *De Goede Hoop*, een Zuid-Afrikaansch maandblad voor Jongelieden, was 'n oortuigende voorstander van Afrikaans en het tog in die koerant wat hy as 'n volksblad beskou het, bydraes in Hollands en Afrikaans geplaas. Hy het bevind (Pienaar: 240) "Het lijkt alzof deze taal, die reeds tamelijk algemeen door Afrikaners als een zeer degelijke en deuglijke spreektaal wordt erkent en aangenomen, ook als schrijftaal, hoe langer hoe meer in den smaak valt". Volgens De Waal se gevolgtrekking het Afrikaans die stryd gewen. 'n Beskouing is dat troetelvorme empiries vir die tesis verkry en reeds in terugvoering as taamlik algemeen, veral in sekere plattelandse streke bewys is. Ook in spreektaal behoort dit aanvaarbaar te wees en in woordeboeke meer erkenning te verkry.

Hierdie slotsom is geregverdig gebaseer op die voorafgaande inligting deur ervare taalkundiges nagevors en geboekstaaf.

HOOFSTUK 4

NAAMGEWING

4.1 Inleiding

Taal bly in hoofsaak die instrument tot die beskikking van die taalgebruiker om verstaanbaar en suksesvol te kommunikeer en is in hierdie bespreking aan 'n perspektief op troeteltaalgebruik gekoppel. Dit reik terug na die vroegste vorme van taaloorsprong vanaf die begin van die Skeppingsverhaal soos in die inligting oor antieke tale in die Oorspronghoofstuk verstrekk.

Troeteltaal kan herlei word na naamgewing van 'n mens, dier of ding om 'n spesiale rede in 'n besondere situasie of omstandighede. Die verste terugwerkende oorsprong kan volgens die antieke tale, Hebreeus en Grieks, gevind word in veral moeder-kindverhoudinge maar verder hoofsaaklik in ouer-kind-verhoudinge. 'n Moontlike verdere uitvloeisel hieruit van troetelname vir volwasse nes is nie onmoontlik nie. Voorbeelde hiervan kom in die bespreking voor. Daar kom selfs gevalle voor om meer as een troetelnaam vir 'n kind te gebruik, toepaslik op verskillende situasies. Dit is moontlik 'n slim set deur vindingryke ouers uitgedink om vinniger reaksie uit te lok! As voorbeelde kan dien 'hartjie' en 'gaga'.

Naamgewing kan na die begin van die Skepping teruggevoer word. Vir die ongelooflike verskeidenheid van grondsoorte, plant- en diereryk, watersoorte, lugruim met planete, rasse met hul kulture, tale ensovoorts, moes 'n benoemingsraamwerk geskep word. Naamgewing was van sleutelbelang om begrip van en verwysings na gebeure in kommunikasie oor te dra. Namate sekere natuurverskynsels, soos reën, oorstromings, wind, orkane, siklone, in samehang met seisoene, donker en lig waargeneem is en die mens se voortbestaan bedreig het, is onderskeidende name geskep om oorsake en oplossings te probeer vind. Hoe ernstiger die mens met sy navorsing en drang tot meer kennis bly soek het, hoe dringender moes name vir sy insig in bevindings en ontdekkings geskep word. Die proses gaan nog onverwyld voort, beslis vinniger as voorheen. Op die oomblik hou kommer oor aardverwarming en moontlike onvoorspelbare rampe geleerdes besig met die hou van wetenskaplike kongresse en besprekings vir die uitruil van kennis oor moontlike redes en oplossings ter beveiliging en ook om voorkomende maatreëls te kan tref. So ook word by die toenemende getal kunstefeeste nuwe name vir kunstenaars se ervarings van moderne tye en behoeftes geskep en simbolies uitgebeeld. Veral in die wetenskappe gemoeid met die landbou (*lupine-* en *organiese verbouing*); musiek "*rap en pop*"; kunsvorme, skilderkuns, maatskaplike probleme (*haatspraak, padwoede*) is hierdie innoverende drang aan die orde van die dag. Natuurlik ook in tegnologie, waar bekostigbaar, omdat tydbesparing oral tot groter inkomste

kan lei, indien oordeelkundig aangewend. Hierdie tipe taaluitbreiding sou dan ook vir troetelworme in woordeboeke aandag kan geniet.

4.2 Naamgewing en die toepaslikheid op troeteltaal

Navorsing oor naamgewing en aanspreekworme toon dat verskeie kategorieë vir die vorm van *taaluitbreiding* onderskeibaar is, soos uit die volgende voorbeelde in Afrikaans blyk:

4.2.1 Naamgewing vir mense waar onderskei kan word tussen

- gewone geselstaal, byvoorbeeld *liefie* en ander standaardtroetelwoorde,
- Algemene, gewone aanspreekworme, byvoorbeeld *oom, tannie, neef, niggie, ouma, ma, pa*,
- byname, veral in sport, byvoorbeeld *Mannetjies*,
- formele aanspreekworme, byvoorbeeld *u, professor, dokter*, doktor, ensovoorts,
- skrywers / digters, byvoorbeeld *Boerneef, Mikro*,
- name gekoppel aan die bekendstelling van een of ander voordelige skoonmaakmiddel, byvoorbeeld *Piet Muskiet*.

4.2.2 Waarde van naamgewing oor die algemeen

Vir die ouer geslag was ouers se laaste woorde aan 'n kind wat die ouerhuis verlaat om op sy/haar eie bene die werklike lewe aan te durf, dikwels "Onthou, jy het 'n eienaam waaraan mense jou ken en leer ken, sy dit, doop-, noem-, troetel- of bynaam". As daar 'n persoonlike aanmerking daaraan aangelas word, tot jou voor- of nadeel, raak jy nie weer daarvan ontslae nie." Die doel van naamgewing is juis dat 'n mens sal weet wie hy / sy is, 'n kenteken van identiteit aan jou toegeken, saam met 'n plig en verantwoordelikheid, wat jy alleen sal moet handhaaf. Die mening sluit aan by hoofstuk 2 waar die begin van troetel (liefde) gesoek en gevind is. Afrikaans het reeds tot 'n erkende kommunikasiemedium ontwikkel en is tans die taal waarin 'n beduidende persentasie van die huidige bevolking opgroei en opgevoed word. Die reeds beplande bevolkingsensus sal die werklike taalsituasie vir die onderskeie taalgroepe na afhandeling van die opname in wording kan weergee. Erkenning is en word nog altyd gegee aan groot denkers uit verskeie nasies, insluitende digters, literators, kunstenaars, musici en wetenskaplikes maar ook taalnavorsers en taalwetenskaplikes. Uit hierdie taalbron moet toekomstige taalgebruikers, insluitende die jongste

leerders en volwassenes kan put en hulself in die toekoms kan handhaaf. Juis daarom moet gebruikstaal so aantreklik en suiwer moontlik aan kinders en volwassenes oorgedra en gepropageer word, en oor die beste oplossings vir probleme deur opvoedkundiges op alle vlakke met erns konsensus bereik en toegesien word dat die besluite deur wetgewing toegepas word.

4.2.3 Nuwe skeppinge in gebruikstaal

In die volgende gevalle is die afgelope aantal jare nuwe name vir, onder meer, soorte bome en huisstyle gebruik, moontlik as gevolg van nuwe kennis deur reise – privaat en op die internet – ontdek, asook plaaslike nuwe wette deur die regering vir amptelike name vir, onder andere, mate en geld. Hierdie besonder wye veld, wat nog aangevul sal word as gevolg van ons jong groeiende lewende taal, verteenwoordig maar net 'n deel van die onderwerp.

Nuwe skeppinge

- bome – *vlamboom*, in plaas van, *kafferboom*; *kalanderhout*, in plaas van, *Geelhout*,
- huise – *woonstel*, *kothuis*,
- mate en gewig – *massa*, *liter*, *gram*, *sentigram*,
- afstand – *meter*, *kilometer*, *sentimeter*,
- geld – *rand*, *sent*,
- algemeen – *dwelmmuil* (TV) en ander variasies van *dwelmsorte*, *kletskamer* (M-net), *outokon* (hyser in hoë gebou),
- voedsel – *wegneemete*, *skilpadjie*.

4.2.4 Leenwoorde

- musiek – *kabaret*, *sekulêr*, *kannatoekennings* vir prestasies by musiekfeeste, byvoorbeeld by die KKNK,
- restaurant – *menu*, *deli*,
- kommunikasie – *selfoon* (*sel*), *webtuiste*,

- boerdery – *cultivar* < *Amerikaans*, *sprinkelbesproeiing*
- manshoede – *Bowler-*, *Stetsonhoede* < *Engels*,
- *boikot* < *medies* – *Röntgenstrale*, *Röntgenapparaat*, - Röntgen was die uitvinder van gammastraling,
- blomname as troetelname vir kinders – *dahlia* (<Dahl), *fuchsia* (<Fuchs), *wisteria*, byvoorbeeld, *Dali*, *Eufesia*.

Dit is vandag ook gebruiklik dat 'n blomkeker veral van rose en orgideë, 'n plaaslike naam van 'n bekende of beroemde sangeres hier van Suid-Afrika aan die persoon se naam koppel, byvoorbeeld Cora Marie of Mimi Coertze. Ouers wat nie aan familienaam glo nie, gee dan ook graag vir dogtertjies bogenoemde name, byvoorbeeld as die kindjie gou reeds musiektalent toon of baie mooi is, en mens aan 'n roos laat dink.

Woordeboeke as betroubare bronne van taalvernuwing en taaluitbreiding is semanties baie direk gekoppel aan naamgewing. Die stelling geld vir sowel die gewone taalgebruiker vir korrekte verwysing na enigiets waaroor 'n gesprek mag gaan as vir leerders, studente, navorsers om seker te maak presies waarna verwys word asook vir die sakewêreld op alle terreine, waar die kennis van naamgewing 'n baie pertinente rol in hul werksituasie speel.

4.3 Perspektief op die verband tussen naamgewing en troeteltaal: verdeling in kategorieë empiries ontvang

Aangesien *troeteltaal* in hoofsaak met naamgewing gemoeid is, probeer 'n mens om 'n leksikale betekenisbenadering by implikasie toe te pas, waaroor daar uiteraard verskil van mening sou kon wees. Interpretasie van betekenis van leksikale items verskil en regverdig persoonlik-eie benaderings.

4.3.1 Kategorieë vir die indeling van die troetelnaamlyste

Volgens interpretasie van respondente sal daar voorbeelde voorkom van, onder andere, skertsende en oorspronklike skeppings, maar ook van benamings gebaseer op besonder intense liefde en toegeneentheid saam met jammerte, lojale vriendskap en verwysings na persoonlike eienskappe van individue, byvoorbeeld slegte humeur, tjankbalie, ensovoorts.

Skerts

- Dokkie > intelligensie
- Kaffer > kompleksie
- Koeks
- Laaitie
- Suikerbossie
- Gaga
- Gogga
- Ritsie (baie lui – wil net altyd rus.)

Liefde en Toegeneentheid

- Gesiggie
- Hartjie
- Hartlam
- Kinna
- Klonkie
- Koeka
- Koekie
- Liefie
- Liefing
- Liefste
- Nonna
- Nonnie
- Nooientjie
- Oubaas
- Poekie
- Poplap
- Poppelol
- Poppie
- Skat
- Skatlam
- Skattebol
- Toekie
- Tossie

Jammerte

- Plat (vir baie klein, pieperige seuntjie),
- Lammie (gebreeklike been),
- Ribbeke (baie maer),
- Mankie (een been lam as gevolg van kinderverlamming)

Tradisie (variasies van Boet vir 'n oudste seun)

- Boet
- Boetie
- Boeta
- Boetatjie
- Ouboet
- Oubaas
- Sus
- Ousus
- Moekie
- Putti (< Duits – vgl. Die Afrikaanse vertaling van Anne Frank se dagboek.)
- Mansa (< Duits – vgl. Die Afrikaanse vertaling van Anne Frank se dagboek.)

Posisie in gesin

- Jongste: Kanoes, Samie
- Oudste: Ouboet, Ousie, Ousus.

Die inligting is deur 'n paar gesinne mondeling oorgedra.

Probleem met uitspraak

- Lalie < Alida
- Didda < Gerda

Eie skeppinge

- Dingetjie
- Troepie
- Katottertjie
- Doempie
- Onnie

Naamgewing behoort egter in ooreenstemming te wees met *taalreëls* en 'n nuwe benaming moet verstaanbaar, in die situasie waarop dit betrekking het, ontleed kan word. Die woordvorm is egter nie altyd 'n maatstaf om betekenis te bepaal nie. Volgens Meiring (1979: 30) is 'n mens se kennis van die gebruik van woorde die bepalende faktor vir die insluiting daarvan in 'n woordeboek. 'n Troetelnaam kan byvoorbeeld tot op 'n stadium 'n meervoudige draer wees (vergelyk nuanses), maar elke situasie moet 'n konstante referent hê. Daar mag nie van 'n veronderstelling uitgegaan word nie, want dit kan in 'n gespreksituasie tot wanindrukke en verkeerde afleidings aanleiding gee. Voordat 'n troetelnaam gebruik word, moet daar sekerheid wees dat die naam deur die spreker in 'n gepaste konteks toegepas word. Die eerste taak van die kommunikatiewe linguistiek is om die teiken van die linguistiese aktiwiteit te verplaas van die struktuur van die taal na die funksie van taal in sosiale konteks. Cluver (1978: 73).

Sien “Bylae 2: Lys van Troetelname ontvang uit persoonlike skakeling en 'n vraelys aan enkele plattelandse dorpe” op bladsy 116)

HOOFSTUK 5

TIEN LEKSIKALE ITEMS AS TROETELVORME IN GEBRUIKSTAAL

5.1 Inleiding

Woordeboekgebruikers as teikengroepe vir enige tipe woordeboek mag verwag dat in 'n bespreking van dieselfde lemmas uit twee tipes woordeboeke die relevante leksikografiese aspekte aandag kan geniet. Die ooreenkomste en verskille in die verstrekte inligting mag 'n interessante naslaantaak oplewer. As betroubare inligtingsbronne moet woordeboeke sonder onsekerheid geraadpleeg kan word. Die bespreking van tien troetelvorme wat empiries as algemeen bekend en gebruiklik gevind is, word geëvalueer met betrekking tot onder meer hulle betekenis en gebruik, sinonimie, woordsoort, eufemisme en tradisie waar afleidings uit respek vir grootouers, en samestellings om twee name te bind, byvoorbeeld, *Herklaas* > *Hermanus* plus *Klaas*, 'n rol speel. Die gebruiker sou die oplossings vir sy probleme ten opsigte van spelling, uitspraak, inligting oor wisselvorms in 'n woordeboek kon vind. Al die genoemde faktore dra by tot die geslaagdheid van woordeboeke as naslaanbronne vir taalhulp.

Die twee woordeboeke waaruit dieselfde tien lemmas gehaal is, is die WAT en PHAROS Afrikaans-Engels / English-Afrikaans

5.2 Die WAT is 'n omvattende leksikografiese projek wat in 1926 begin is. Volgens Gericke (1991) se geskiedkundige oorsig was daar verskeie hoofredakteurs met elkeen persoonlike idees oor die aard van die inligting en klemverskuiwing wat die gerigtheid van die woordeboek betref, wat tot kritiek en kundige aanpassings gelei het. Uitstekende taalkundige gehalte was en is nog altyd 'n prioriteit. Hierdie woordeboek ressorteer onder die sub tipe 'n **omvattende verklarende woordeboek** wat gerig is op die wydste omvang van Afrikaans se woordeskat en wat 'n verklaring van die lemmas se leksikale betekenis bied. Aangesien die WAT so 'n breë verskeidenheid taalkundige data moontlik probeer weergee, is nog net die artikeltrajekte van A tot R voltooi.

Die trajek vir S in wording. Omdat die WAT as omvattende woordeboek 'n omvattende dekking van die Afrikaanse leksikon bied, sou 'n mens kon verwag dat sekere troetelvorme wel as lemmas opgeneem behoort te wees. Volgens Anna M. Louw (Die Burger, 1967) "... hierdie woordeboek (WAT) flennie 'n woord sus en so en hy flennie hom so dat hy fyntonnie klaarstaan om opnuut met u die leivoor van die taal oop te steek".

Troetelvorme het oënskynlik in vlak en diep vore in Afrikaanssprekende gemeenskappe versink soos sterk blyk uit daaglikse taalgebruik en TV – onderhoude en mediaberiggewing. Dit het tyd geword om die vore doelbewus oop te steek en ons taalrykheid bloot te lê.

5.3 PHAROS is 'n voorbeeld van 'n **tweeringvertalende woordeboek**, waarin van Afrikaans na Engels / Engels na Afrikaans vertaal word. Die leksikografiese eise hier is kompleks. Betekenisse van een stel leksikale items moet byvoorbeeld met 'n stel leksikale items van 'n ander taal gekoördineer word. Leiding aan die gebruiker moet sodanig wees dat hy / sy kan aflei waar 'n benodigde item gevind kan word om dieselfde of verwante betekeniswaarde te verseker.

Volgens Zgusta (Gouws: 1989: 160) impliseer dit nie dat die vertaalekwivalent die betekenis van die woord in die doeltaal verteenwoordig nie. 'n *Vertaalekwivalent* is 'n doeltaalvorm wat in 'n bepaalde omgewing die brontaalvorm kan vervang. Vertaalekwivalente moet as doeltaalvervangers van lemmas gebruik kan word sonder dat betekenisverlies plaasvind. Vanselfsprekend kan die vervangings nie aan alle taalgebruikers dieselfde betekeniswaardes oordra nie, want individuele interpretasies en begrip verskil heeltemal te veel. As 'n standaardwoordeboek bevat Pharos veral items uit die standaardvariëteit van Afrikaans. Die makrostrukturele dekking sal 'n mindere weergawe van troeteltaalvorme bied omdat die meeste troeteltaalvorme nie deel van die standaardvariëteit is nie.

5.4 Bespreekte troetelwoorde

Die volgende tien woorde is uit die twee genoemde algemeen gebruikswoordeboeke, eentalige en tweetalige met lemmas uit die alledaagse gebruikstaal geneem om die gebruik van sekere troetelvorme onder bespreking te bepaal.

5.4.1 Uit die W A T – insluitende reeds gepubliseerde dele en CD-rom (2003 tot 2010), *apie, agie, boet (2-snw.), duifie, duimpie, ghangang, hartjie, kalant, liefie, kindlief*

5.4.2 Uit PHAROS is die woorde bloot as deel van die lemmaversameling in die Afrikaanse teks ingesluit, maar geen aanduiding van troetelbetekenis word genoem nie.

5.5 Besprekingskriteria

In die bespreking moet daar sekerheid wees of die troetelnaam na byvoorbeeld 'n dier, mens of gunstelingbesitting verwys. By mense behoort bygevoeg te word dat dit bloot simbolies bedoel is, soos by *aap*. Die woordsoort moet aangedui word, byvoorbeeld by *liefie* wat óf 'n selfstandige naamwoord óf 'n werkwoord kan wees. In hierdie bespreking is die troetelwoorde almal selfstandige naamwoorde. Aandag word daaraan gegee of die uitspraak en klem aangedui word en of daar verwysings na eufemisme is. Die rol van tradisie word ook bekyk.

5.6 Troetelname woordeliks uit die WAT en uit PHAROS aangehaal

5.6.1 Tien bekende troetelwoorde uit die WAT

5.6.1.1 Aap / Apie

apie

I s.nw.

1 Vkw. van *aap*.

2 Kind, suigeling: *Sulke klein apies wat nog niks van Hooghollands geleer het nie* (J.H.H. de Waal).

3 Benaming vir 'n handsambok, plak of ander slaanding, veral vir kinders.

4 Sien [KOLSTERT](#).

UITDR.

Ek lag my 'n apie, ek lag baie lekker, lag my 'n boggeltjie. [*Van*] *iemand apie maak*, hom vir die gek hou; hom uitkoggel; hom liemaak. *Apie op 'n stokkie*, verspote, na-aperige persoon — veral van 'n kind gesê; oorspr. 'n soort kinderspeelgoed. *Toe hy nog 'n apie was*, voordat hy gebore was, of toe hy nog 'n klein babetjie was. *Apie wees*, vir die gek gehou word; gefop wees.

II tw. Uitroep teenoor iem. wat hom belaglik gemaak het of wat deur iem. anders beetgeneem of liegemaak is.

Volgens die artikel word *aap*, *apie* vir 'n kind en suigeling gebruik en die aanhaling, *toe hy nog 'n apie was*, is volgens terugvoering tydens die versamelfase van inligting van die projek gevind as algemene uitdrukking deur moeders aan hul kleines. Dit is 'n kort woordjie met sagte uitspraak wat rustigheid by 'n baba kan skep. Die neiging om die kleine te troetel, sag te hanteer en te versorg, speel 'n sleutelrol in die ouer-baba verhouding. Die woord kan egter ook deur ouers goedig en skertsend aan kinders en selfs volwassenes berispelend toegevoeg word. Volgens die WAT kan ook verskeie positiewe en negatiewe uitdrukkings in gesprekke voorkom. Die lemma is reeds in die WAT opgeneem en dateer terug na die vroegste bestaan van Afrikaans soos blyk na die verwysing van J.H.H. de Waal – een van ons vroegste kampvegters vir Afrikaans.

Ape is onlosmaaklik deel van die dierelewe en in sekere landstreke ook van die menslewe, soos op boerplase en in rotsagtige landskappe. Die lemma is reeds in woordeboeke as standaardtaal ingesluit en dateer gewis terug na die vroegste bestaan van Afrikaans, soos uit die volgende aanhaling uit die WAT Deel 1 blyk: “Aap wat ben je (is jy) 'n mooie jonge!” (1950: 38). Die WAT bied ongelukkig geen verwysing na die troetelaspek nie.

5.6.1.2 Agie

Agie s.nw.

1 Vrouenaam.

2 **agie**.

a Meestal **nuuskierige agie**. Nuuskierige persoon; iem. wat sy neus oral insteek. *Nuuskierige agies hoort in die wolwehok* — gesê om 'n nuuskierige persoon af te jak.

b Ook **orige agie**. Voorbarige, indringerige, snipperige kind; japsnoet: *Maar kyk tog die agies (so 'n agie)!*

c Onnosele persoon; oningewyde, groene: *Twee agies op 'n trein.*

'n Voorbarige indringerige snipperige kind: japsnoet. Nuuskierige persoon. In WAT word die woord *agie* nie in 'n troetelsin gebruik nie, maar die woord is tog welbekend en dit word dikwels skertsend teenoor mense gebruik, soms positief wanneer intelligent-nuuskierig, of berispelend wanneer iemand die neus in ander se sake steek. Wanneer *troetelend* bedoel, sal dit hoofsaaklik binne gesins-, familie- en vriendskapsverband voorkom. 'n Mens sou verwag dat die troetelwaarde ook in die WAT bespreek moes word.

5.6.1.3 Boet

boetaI s.nw. Sien **¹BOET**.

II ww. Iem. "boeta" noem: *Voor vreemdes wil ek nie langer geboeta wees nie.*

¹boet s.nw. Ook **boeta**, **boetie**.

1 Broer, veral die naam deur jonger lede van 'n gesin aan die oudste broer gegee.

Vgl. **¹OUBOET**.

2 Liefkosende aanspreekvorm, veral van ouer persone jeens jongeres: *Nee boet(ie), dis nie mooi om so te maak nie.*

3 Maat, [beste] kêrel, mannetjie: *Boet, help my 'n bietjie hier. Boet(ie), jy sal moet hard werk as jy wil slaag!*

OPM.

Boeta gew. vir ouer of oudste broer; *boetie* vir jonger of jongste broer.

Broer is die naam deur jonger lede van 'n gesin aan die oudste broer gegee (vergelyk *Boetie* en *Boeta*). Dit is 'n baie algemene aanspreekvorm by beide geslagte, maar by die manlike geslag ook 'n gewilde groetvorm by 'n informele of formele ontmoeting. In die WAT verskyn ook *boet*, *boetie* en *ouboet*, afhangende van die konteks waarin die woord gebruik word, soos om 'n guns te vra "Boet, help my 'n bietjie hier" om 'n besitting soos byvoorbeeld fiets, bromponie te mag gebruik, of dalk om verskoning te vra vir 'n misstap, byvoorbeeld "Nee, Boet(ie), dis nie mooi om so te maak nie".

'n Eufemistiese nuanse word aan die sin toegevoeg deur die gebruik van woorde wat dikwels troetelend in 'n sin bygevoeg word. Die WAT-artikel gee genoeg aandag hieraan (12 reëls) en selfs

standaardstatus. Die mening berus op persoonlike waarneming wat moontlik as 'n aanname bestempel kan word.

5.6.1.4 Duifie

dui'fie s.nw., duifies.
1 Vkw. van *duif*.
2 (*figuurlik*)
a Troetelnaam; veral vir 'n meisie of vrou: *Onskuldige duifies*.
b Nooientjie; engeltjie; gansie.
3 (*gewestelik*) Urinehouer vir mans in die hospitaal gebruik.
UITDR.
Duifie sonder gal, goedgeaarde, onskuldige persoon, veral 'n vrou, wat nooit kwaad word nie — omdat volgens 'n ou volksgeloof die duif geen gal sou hê nie.
 Vgl. *DAWIE*.

Verkleinwoord vir *duif*. Figuurlik – Troetelnaam veral vir meisie of vrou, nooientjie, engeltjie. Die woord word in die WAT gekoppel aan 'n swemvoëlsoort, 'n gansie, wat sagte vere het. Duiwe is ook gewild om hul koerklank veral in 'n boomryke area. Die woord het 'n positiewe betekenis. Duiwe is verder gewilde troeteldiere. Daar word selfs na die duif verwys as *simbool van vrede*. Die bestaande gebruike bied dus genoeg rede vir die standaardstatus aan *duifie* as troetelwoord, want die troetelwaarde word hier eksplisiet genoem.

5.6.1.5 Duimpie

duim'pie s.nw.
1 Vkw. van *duim*.
2 Skertsende benaming vir 'n klein kindjie of 'n persoon wat klein van liggaamsbou is; dwergie.
3 *Duimpie*. *Klein Duimpie*, sprokiesfiguur wat lagwekkend klein is en allerlei vrolike avonture beleef; bekend in die kinderliteratuur van baie lande.
4 Benaming vir die duim in vingerryme: *Duimpie se maat*, benaming vir die wysvinger in vingerryme.
UITDR.
Iets op sy duim(pie) ken, baie grondig of goed ken; volkome vertrouwd wees met iets.

Skertsende benaming vir 'n klein kindjie of 'n persoon wat klein van liggaamsbou is.

Sprokiesfiguur. Dis reeds deur van ons eerste Afrikaanse Digtters gebruik, naamlik Totius (1877 – 1953). Die troetelwaarde wat die woord wel het, veral in gesinsverband, word hier gemis. Opname van die woord in 'n woordeboek sou tot 'n bewerking kon lei waarin die troetelwaarde ook genoem word.

5.6.1.6 *Ghantang*

ghan'tang s.nw., ghangtangs. Ook *ghantam*, *ghentang*, *ghjantang*.

1 a Vryer, minnaar, jongkêrel; ook wel, nooi, meisie en beminde, geliefde (manlik of vroulik): *Die nooi het baie ghangtangs. Hy is my ou ghangtang. Julle moenie met my ghangtang lol nie. Waar sal my ghangtang tog wees? Haar ghangtang kom vanaand na haar toe. Dan kan jy weer sien hoe jou ghangtang lyk. Ella, my kind, jy sal verniet jou voete verslyt / want die nadroejakkals het jou ghangtang doodgebyt (ou rympie). Die ghangtang kom vanaand / kom hy nie vanaand nie (bis) / dan kom hy môreaand (ou dansliedjie). 'n Ghantang aan weersy / as dit op is, kan jy weer kry (uit 'n ou dansliedjie). Ek is die vlakke se ligvoetghantang (Boerneef).*

b Meer bepaald, vryer of -vryster, -verloofde of -bruidegom; vryerjong, klong: *Dis my ghangtang daardie klong wat daar loop. Die ghangtang wat kom, is die rykste in die Kaap / hoe sal sy dan nou op 'n rietkooi gaan slaap? (I.D. du Plessis).*

2 (geselstaal) Minderwaardige, vuil, verflenterde vryer; ook, byslaap, bywyf: *Waar was jy gewees? Weer vir jou 'n ghangtang opgetel.*

3 (as liefkosingsterm) Liefeling, skat, skatlief: *Ag, my ou ghangtang, moenie nou al loop nie.*

4 (weinig gebruiklik) Ou broer, vriend, maat: *Kom saam, ou ghangtang. So opgeteken by Tiervlei, K.P.*

Volgens die WAT is *ghantang* 'n naam vir 'n vryer, minnaar, jongkêrel, nooi, meisie, beminde, geliefde. Leenwoord uit Nama met wisselvorme *ghantam*, *ghentang*, *ghjantang*

In WAT kom dit wel as troetelwoord voor met sinoniem-verwante lemmas, naamlik *nooi*, *meisie*, *beminde*, *kêrel*, *geliefde* en geld die sinonimiese voorbeelde dus vir al twee geslagte, soos ook uit terugvoering van respondente blyk. Betekenisonderskeiding 3 dui eksplisiet aan dat dit 'n liefliings-term is. Hieruit blyk nogmaals dat die troetelwaarde van woorde dikwels beperk is tot een van 'n reeks betekenisonderskeidinge wat nie deel van die standaardvariëteit is nie.

Dit is interessant dat respondente (jongmense) en sommige kinders 'n positiewe betekenis daaraan heg, terwyl kleiner kinders óf die woord glad nie ken nie óf 'n negatiewe gevoelswaarde van 'n *skurk* daarmee verbind, soos blyk uit terugvoering van enkele leerders betrek by die opname by skole.

5.6.1.7 *Harta / Hartjie*

hart s.nw., harte; hartjie.

1 (anatomie, dierkunde)

4 Liggaamsdeel waarop of waarn geestes- en gemoedsaandoeninge voelbaar werk of terugwerk — volgens populêre opvatting: *My hart draai om in my lyf (binneste), ek walg daarvan* (vgl. Klaagl. 1:20). *Die angs, skrik slaan hom om die hart*, hy voel beklemd van angs, skrik; bv. *dit is hierdie ... feit wat 'n mens die angs om die hart laat slaan wanneer aan die toekoms van ons volk gedink word* (G.D. Scholtz); *die beklemming wat meer as een Wes-Europeër om die hart geslaan het by die aanblik van die Russe* (G.D.

har'ta s.nw., hartas.

1 Liefkosende aanspreekvorm, gew. deur 'n man teen sy vrou gesê: *Ou harta. Dit sal beter lyk as die son môre skyn, harta* (J.R.L. van Bruggen).

2 Iem. aan wie jy geheg is; geliefde: *My geliefde ou tantes of hartas. Sy harta het nou sy gedagtes aan die vonk gesit* (Kootjie van den Heever). Vgl. [HART, 9](#).

har'tjie s.nw. Vkw. van *hart*: *In die hartjie van die winter, die stad, die verkiesingstryd, van die Vrystaat. Die hartjie van 'n perd se toom, hartvormige gedeelte wat aan die sterband van die toom voor die perd se kop hang. 'n Goue hartjie aan 'n halsketting. Moenie bang wees nie, hartjie. Ou hartjie, bewys dan vir my 'n gunsie. Dankie, my hartjie* — sien onder [DANKIE, Uitr.](#)

Dit is 'n liefkosende aanspreekvorm, gewoonlik deur 'n man aan sy vrou en dié troetelwaarde word eksplisiet verstrek ten opsigte van die lemma *harta*. Sowel die troetelwaarde as die tipiese gebruiksomgewing word genoem. Dit is die soort leksikografiese bewerking wat erkenning gee aan troetelvorme en items van die Afrikaanse leksikon. Die plasing van hierdie verklaring as eerste betekenisonderskeiding dui ook op die relatief hoë gebruiksfrekwensie van die woord in sy troetelwaarde. Die vele uitdrukkings wat betrekking het op verhoudings versterk die indruk wat hierdie verklaring laat.

Die woord het ook uitgebrei na 'n gebruik deur sommige lede van die algemene publiek as 'n byvoeging by 'n gewone sin met 'n gevoelsnuanse van toenadering, byvoorbeeld "Vince, hartjie, help asseblief". In hierdie woordeboek word oor 4 kolomme met algemeen bekende afleidings (*hartlik*), uitdrukkings (*my hart loop oor*), samestellings (*hartewens*), ensovoorts, bewys dat hierdie troetelwoord baie algemeen is en besondere emosionele waarde uitspel. In hierdie woordeboek is dit dus bruikbare welbekende woordeskat wat grade in omgeetaal openbaar en duidelik op *taalgroei*, waarby troeteltaal ook inpas, dui. Die byvoeging van *hartjie* saam met iemand se noemnaam sal beslis positiewe taalwaarde in verskeie kontekste weerspieël.

5.6.1.8 *Kalant*

kalant' s.n.w., kalante; kalantjie.

1 Soms ook *klant*. Geringskattende aanduiding van 'n persoon, meestal 'n man, soms egter ook 'n dier, wat ongewenste eienskappe, neigings op 'n slim, geslepe wyse openbaar; karnallie, skelm: 'n Gevaarlike, geslepe, lastige, moeilike, nukkerige, ongewenste, ongemaklike, uitgeslape k(a)lant. *Kalant* (word) in Afrikaans in gunstige sowel as in ongunstige sin gebruik van "'n slim kêrel" (S.P.E. Boshoff). *Ek wonder of hy net so 'n kalant soos sy pa is* (Fritz Steyn). *Sy is net so 'n kalant soos daardie man van haar. Die slimigheid van die kalant / Kom seker ook uit Swabeland* (Di Patriot, 1881). *Ek het voor my op die grond sit en kyk en ek het gewonder of ek net besig is met 'n oulike kalant, wat met die loop van jare geleer het om mense maklik om die bos te lei en of daar nie dalk waarheid in sy verhaal skuil nie* (C.M. van den Heever). *'n Rooijakkels is 'n uiters geslepe kalant* (N.J. van der Merwe). *Hy is darem nie so 'n maklike klant nie* (Elise Muller). *Faust wil Satan uitskop, maar Mefistofeles is nie 'n klant om maklik van ontslae te raak nie* (P. de V. Pienaar).

2 Slim persoon of ook dier wat listigheid, geslepenheid verbind met 'n waardeerbare gultigheid, goedigheid, e.d.; karnallie, platjie: *Uilspieël was 'n regte kalant. Die slim kalante / wat naam maak met hul skryfsels in koerante / waar hul na hartelus kan spot en striem* (S. Ign. Mocke). *Het die kalant hom 'n streep getrek? Die knapie kan partykeer net 'n ... platjie wees* (Jochem van Bruggen). *Hy was die slimste perdedief wat u nog ooit van gehoor het ... 'n perdekenner en 'n oulike kalant wat die vermoë besit het om die beste diere uit die donkerste stal weg te haal* (G.S. Preller). *Na die eerste ses of agt (sopies) het ek my lyf Engelsman en kalant gehou, en voor lank was ek bereid om die hele Baai te traktee* (C.J. Langenhoven). *Die hasie, en soms ook die skilpad, is die slim kalant in die dierefabels* (J.P. Bruwer). *Bradman is 'n uitgeslape kalant en dit is reeds duidelik dat hy gereed is vir die aanval (van Engelse kant) op die Australiese boulders* (Die Vaderland).

UITDR.

'n Ou kalant (klant), iem. met baie ondervinding, ervaring, of ook 'n baie geslepe, skelm persoon; gew., veral met die byvoeging lank in die land met die bygedagte dat hy nie maklik gefop, om die bos gelei kan word nie, bv. ons hou Koos Geyer dop, maar hy is 'n ou kalant (Mikro); soms ook met die verdere byvoeging: *bietjie baard maar klipsteenhard*.

Volgens die WAT is 'n kalant iemand met ongewenste eienskappe en neigings wat op 'n slim manier openbaar word. Aan troetelwaarde word nie aandag gegee nie.

Volgens respondente is *kalant* as troetelwoord ook huis- en streekgebonde. Hoewel dit op onnutsigheid kan dui, is dit tóg algemeen op die platteland en word dit meestal in vriendskaplike gesprekke gebruik. Soms mag jongmense dit speels wel met outoppie *met positiewe konnotasie* vervang. Die feit dat 'n verskeidenheid literêre kenners van die woord tot so ver terug soos in "Di Patriot" van 1881 daarvan gebruik gemaak het, wek by 'n mens 'n versekering dat die woord reeds in die Afrikaanse wordingsjare gevestig was en deur die jare, veral op die platteland, van geslag tot

geslag oorgedra is. As troetelwoord het *kalant* dus wel taalwaarde en opname daarvan kan tot taaluitbreiding bydra. 'n Mens sou wel 'n aanduiding van dié woord se gebruik in die WAT verwag.

5.6.1.9 Kindjie / Kindlief

kind s.nw., kinders *of soms in verhewe styl en enkele vaste uitdr. kindere of by weergawe van die spreektaal* kinners; kindjie en liefkosend kinnie of kintie; vgl. *KINDERKENS*; *KINDEKE*.

kind'lief s.nw. Liewe kind — veral as aanspreekvorm; ook, soos *kindjie* (s.d.), met vertedering teenoor 'n jongmens of 'n volwassene: *Pas op dat Hennie nie dalk die ware Jakob is wat uiteindelik opgedaag het nie, kindlief* (Helmüth Luttig). *Kindlief, jy is nog jonk en jy kan in die lewe nog soveel goeds doen* (Meyer de Villiers). *Bly maar by moedertjie, / Kindlief se hoedertjie* (C.J. Langenhoven). *"Wel Kindlief", (sê die man aan sy vrou), "ek stel voor dat ek jou eers stadsaal-toe neem"* (Lulu Brewis). Vgl. *KIND, 2 b ii*, *KINDJIELIEF*, *BABALIEF*.

5.6.1.10 Liefie

liefie (*geselstaal*)

I s.nw., liefies. (*dikw. saam met my en as aanspreekvorm*) (*meer gemeensaam*) Ook *lief*. Liefing (*LIEFLING 1*): *Haai, liefie, ... het jy tog nie die blomme vir Oupa en Ouma gebring nie!* (A. Blignault: *Plesierboom*, 1967, 64) *Die kinders draf hom tegemoet ... "Dag, my hartjies, my liefies ..."* (P.C. Schoonees, vert.: Eiko, 1948, 15). *Kom maar met jou liefie na die plein ... en Nielsen sal haar vir jou wen met 'n soetgeurende ruiker* (M. Malherbe: *Toe en Tans*, 1960, 116).

■ Ook iron.: *Jy was mos weg, liefie, en intussen het jou man sy nagte heerlijk deurgebring* (Buurman, Des. 1972 – Febr. 1973, 31).

II ww., het geliefie. Liefkoos: *"Mamma kan my maar net kom beter liefie," sê hy. Ek gaan gee hom 'n druk en 'n soentjie* (M. Heese: *Tokkelspel*, 1972, 15). *Veral voor 'n voeding moet hy (die baba) eers vir 'n geruime tyd geliefie word* (J. v. Elfen: *Babasorg*², 1967, 76). *Kop hoog, trippel hy (die mannetjieduif) om haar, liefie haar. ... Sy bekkie hom en hy bekkie haar* (F.A. Venter: *Wurfjoernaal*³, 1965, 54).

Hierdie woorde is voorbeelde van geselstaal, dikwels saam met *my* en word as gemeensame aanspreekvorm gebruik. *Kindlief* kom wel voor as aanspreekvorm met vertedering en is reeds in verskeie literêre werke deur erkende Afrikaanse kunstenaars gebruik. Hieraan gee die WAT erkenning. *Liefie* het verskeie nabysinonieme soos *liefing*, *skat*, *liefste* wat 'n veelheid van waardenuanses insluit wat skakel met die aard van die verhouding tussen die betrokke individu. Duidelike inligting word aangebied en stem ooreen met die verklaring van *troetel* in die definies. Almal het reeds standaardstatus en is dus al deel van die leksikon. Dit is algemeen bekend in gebruikstaal. Ook hier sou mens meer aandag aan die troetelwaarde verwag.

5.6.2 Dieselfde tien troetelname uit PHAROS

5.6.2.1 Aap / Ape (infml.) / Apie

aap *ape* monkey; (*tailless*) *ape*; (*infml.*, *derog.*) monkey, fool, ass, git, bimbo; →APE=, APIE; *al dra 'n ~ 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding* fine feathers don't make fine birds; an ape's an ape, a varlet's a varlet, though they be clad in silk and scarlet; *jy lyk 'n mooi ~* you look like doing it; you fancy yourself; *die ~ uit die mou laat* let the cat out of the bag, spill the beans, give the game/show away; blow the gaff; *soos 'n ~ in 'n porseleinkas* like a bull in a china shop; *jou 'n ~ skrik* get the fright of one's life; *jy dink jy het 'n ~ aan die stert beet* you think that you can kid/fool me; you think that I will swallow anything; *dit weet die ~ se stert* everybody knows that; that is common knowledge. ~**hok**, **apehok** monkey house, monkey's cage; ape house, ape's cage. ~**klier** monkey gland. ~**kop** (*Acacia gerardii*) red thorn. ~**kos**, **aapsekos**, **apieskos** (*Rothmannia capensis*) candlewood. ~**mens** apeman. ~**stert** monkey's tail; whip, lash, sjambok; chain wrench; rascal, imp, brat; *jou klein ~!* you little monkey/rascal!; *iem. ~ gee* give s.o. a hiding; *onder die ~ deurloop* run the gauntlet. ~**streke** (*pl.*) mischief, monkey business/tricks (*infml.*), monkey shines (*Am.*, *infml.*). ~**stuipe** (*infml.*) freak-out; →BOBBEJAANSTUIPE; *iem. die ~ gee* freak s.o. out; *iets gee iem. die ~, iem. kry die ~ oor iets* s.t. drives/sends s.o. up the wall; s.t. puts s.o. into a (blue) funk; *die ~ kry* have kittens; go through (or hit) the roof, go into orbit, fly into a rage/fury; freak (out); go into a (blue) funk.

a·pie =pies little monkey; →AAP; APE=; *apie!* cheated!, fooled!; *jou 'n ~ lag* laugh one's head off, laugh o.s. sick; ~ *op 'n stokkie* jackanapes.

Geeneen van die verstrekte vertaalekwivalente het 'n troetelwaarde nie. Die konteks en konteksbeskrywings gee ook nie erkenning aan troetelwaarde nie.

5.6.2.2 Agie

a·gie =gies: (*nuuskierige*) ~, (*infml.*: *prying/inquisitive person*) nosy parker, Paul Pry; *nuuskierige ~s hoort in die wolwehok* curiosity killed the cat.

Ook hier is geen aanduiding daarvan dat die Afrikaanse vorm 'n troetelwaarde het nie. Die klem val op die betekenisonderskeiding *nuuskierig* van die Afrikaanse woord. Vir hierdie woord is daar 'n leksikale gaping in Engels en daarom geen regstreekse vertaalekwivalent nie. Die Engelse omskrywing *inquisitive person* sluit egter aan by die moontlike interpretasie van *slim* om meer te weet of uit te vind. Volgens die gegewens is daar nie 'n Engelse ekwivalent wat die moontlike troetelwaarde van die Afrikaanse item verwoord nie. 'n Moontlike aanbeveling is 'wysneus'.

5.6.2.3 Boet / Brother (Boet 2)

boet² *n.* brother, old chap; →BOETIE.
boe-ta *-ias* brother; *pas op, ~!* watch it, mate!; hey, you!.

Die bewerking van die lemmas *boet²* en *boeta* maak nie voorsiening vir die troetelwaarde van die brontaalvorm nie. Die vertaalekwivalent *old chap* in die artikel van *boet²* sou wel iets daarvan oordra. Omdat die troetelwaarde sterk aanwesig is in die Afrikaanse vorm, sou 'n mens 'n verwysing daarna in hierdie bewerking verwag het. Dit sou die bedreigende insinuasie in "watch it" temper.

5.6.2.4 Duifie

dui·fie *=fies* small dove/pigeon; sweetheart; 'n ~ *sonder gal wees, (fig.)* be an innocent lamb/dove.

Die Engelse woorde *dear*, *darling* is bekende troetelname en word ook soms eufemisties saam met 'n minder aangename stelling ingespan, soos in "That's not very polite, my dear". Dit sou ook hier in vertaalekwivalente kon optree. Die ekwivalent *sweetheart* verteenwoordig wel *duifie* se troetelwaarde. Ondersteunende konteks en konteksverwysings sou welkom gewees het. Hartlam, hartjie, hartsnaar is moontlike bruikbare verwysings.

5.6.2.5 Duimpie

duim·pie *=pies* little thumb; little fellow; *iets op jou ~ ken* have s.t. at one's fingertips, know s.t. backward(s) (*or* inside out *or* to a T), have s.t. (down/off) pat; (*Klein*) *D~*, (*folk-tale character*) Tom Thumb; 'n *Klein D~*, (*joc.*) a hop-o'-my-thumb/tiddler/titch/wisp. ~**snuif** (*bot.*) *Gibbaeum* spp..

Die Engelse ekwivalent *thumb* kan nie as 'n troetelnaam beskou word nie. Die vertaalekwivalent *little fellow* sluit wel by die gemoedelike Afrikaanse betekenisonderskeiding aan. Bykomende

konteksinskrywings sou dié gebruik eksplisieteer kon maak. Die troetelnaam *snuifie*, met klem op klein, langeraat wat in die kinderrympie saam met *duimpie* voorkom kan bydra tot meer eksplisiete toepassing.

5.6.2.6 *Ghantang*

ghan·tang = *tangs*, (*Mal., infml., rare*) lover, suitor; girlfriend, sweetheart.

Die etiket *infml* merk die lemma maar die vertaalekwivalent behoort tot die neutrale register. Die Engelse ekwivalente *girlfriend*, *sweetheart* is wel bekende troetelname.

5.6.2.7 *Harta / Hartjie*

har·ta (*rare*) darling, (my) dear.

hart·jie = *jies*, (*lit.*) little heart; dear (heart), darling; centre (of a flower); *in die ~ van ...* in the heart of ...; *in die ~ van sake wees* be in the thick of it/things; *in die ~ van die somer* in the height of summer, in midsummer; *in die ~ van die winter* in the dead/depth of winter, in midwinter; *iem. het 'n klein ~, iem. se ~ is maar klein* s.o. is easily moved to tears; *~ my liefie* my darling dear.

Die Engelse ekwivalente van *harta*, *darling*, *(my) dear* is ook algemene troetelwoorde, maar kan ook dikwels in geselstaal terloops bygevoeg word, sonder die gevoelswaarde van *troetel*, terwyl die Afrikaanse vorm feitlik uitsluitlik 'n troetelwaarde het.

5.6.2.8 *Kalant*

ka·lant = *lante* (sly) fox, rogue, scamp; 'n *gevaarlike* ~ a nasty (or an ugly) customer, a nasty bit/piece of work; 'n *ou* ~ *lank in die land* a shrewd operator; 'n *ou/uitgeslape* ~ an old bird/hand/pro; 'n *ruwe* ~ a tough customer; 'n *taai* ~ a hard case.

Die Engelse ekwivalente het geen troetelwaarde nie. Die gebruik daarvan sal moet saamhang met 'n insinuasie van oorspronklik, skeppend en die lewer van 'n positiewe bydrae.

5.6.2.9 Kind / Kindjie / Kindlief

kind *kinders* child; kid(dy); baby, babe, infant; young=ster; (also, in the pl.) children, offspring, family; →KINTA, KINDJIE; **aap** *se* ~ (genuine) monkey; **al** ~ *wees wat iem.*

kind·jie =*jies, kindertjies, (dim.)* baby, babe, infant; tot, kid(dy), little child; dear, darling; *iem. vertel waar kindertjies vandaan kom, (infml.)* tell s.o. about the birds and the bees.

fool; 'n ~ **verwag** expect a baby; *vrou en ~ers* wife and family. ~**lief** dear, dearie, deary, darling, child. ~-**vrou** child-woman. ~-**vrou tjie** child-wife. ~**wees** childhood,

Kindjie, sowel as *kindlief*, kom wel in Pharos voor. Die betekeniswaarde is dieselfde, soos ook uit die Engelse ekwivalente *baby, babe, dear, darling* blyk en het almal troetelwaardes.

5.6.2.10 Liefie

lie·fie =*fies, n.* darling, love, lovey, pretty, sweetie(-pie), (chiefly Br., infml.) popsy, popsie; *my* ~ my sweet. **lie·fie** *ge-, vb., (baby talk)* hug.

Hier gee verskeie vertaalekwivalente wel blyke van die troetelwaarde. 'n Eksplisiete etiket ter aanduiding daarvan by sowel die lemma as die betrokke vertaalekwivalente kon die gehalte van hierdie leksikografiese bewerking verder verbeter het. 'n Aanvullende opmerking dat die troetelwoordjie hoogs gewild by Afrikaans en Engelssprekendes is, soos algemeen in gewone omgangstaal, meestal goedig, maar half satiries, soos deur sommige karakters in sepies.

5.7 Gevolgtrekking: Vergelyking van die hantering in die twee woordeboeke

Verwysings na die troetelaspek is by al die besprekings van die onderskeie gekose lemmas bygehaal. Dit is baie gebruikersvriendelik dat die verskil tussen informele huis- en streekgebonde terme teenoor meer formele styl aangedui word. *Pel, maat, tjommie, outoppie* in informele gebruik is by jongmense en kinders bekend en gewild en kan selfs as die skep van 'n troetelgevoel ervaar word. Daar bestaan egter leemtes in veral die WAT wat betref die eksplisiete aanduiding van

troetelvorme. By die WAT se lemma *Kandas* is daar spesifieke verwysing na 'n troetelnaam, maar die gebrekkige opname van troetelvorme verdien meer aandag.

Die ontoereikende opname en bewerking van troetelvorme in Afrikaanse woordeboeke dwing 'n mens om na 'n beter leksikografiese aanbod daarvan te soek. In die volgende hoofstukke word hierdie aspek in meer besonderhede bespreek.

HOOFSTUK 6

'n LEKSIKOGRAFIESE OMGEWING VIR TROETELTAAL

6.1 Inleiding

Woordeboektipologie moet in terme van 'n gebruikspromiel gedefinieer word. In die afsonderlike tipes word die lemmaversameling uit toepaslike voorbeeldmateriaal uit die taalwerklikheid aan die gebruiker gegee. Uit die volgende verwysing as inleiding word by hierdie uitgangspunt aangesluit.

In die voorwoord tot *MANUAL OF LEXICOGRAPHY* verwys Zgusta na die belangrike rol wat UNESCO se kontrak aan die Internasionale Raad vir Filosofie en Taalwetenskappe (dokument 866717) vir navorsing oor leksikografie gespeel het. Die finale verslag oor die navorsing is deur prof. C.C. Berg (Leiden) geskryf en in boekvorm, getitel "Report on the need for Publishing Dictionaries, which not to date exist, prepared by the International Academic Union", *sino loco, sino anno*; deur CIPSH (1971:9).

Volgens Berg (Zgusta, 1971: 197) is een van die beste definisies van 'n woordeboek die volgende: "A dictionary is a systematically arranged list of socialized linguistic forms compiled from the speech-habits of a given speech-community and commented on by the author in such a way that the qualified reader understands the meaning ... of each separate form, and is informed of the relevant facts concerning the function of that form in its community". Zgusta (1971) deel sy siening van die doel en samestelling van woordeboeke met "Dictionaries offer various pictures of language, which is in its turn with whole of society and life; therefore the topic of dictionaries is an inexhaustible one". Hy voeg hierby, "The real life of a language, however, is in its use" (1971: 182).

Daar moet egter altyd rekening gehou word met die gebruiker se behoeftes wat vooraf deur die leksikograaf by sy teikengehoor vir sy tipe woordeboek vasgestel moet word. Gouws (1989) deel ook Zgusta se mening met "'n woordeboek is die neerslagplek vir werklike taalgebruik", en sy verdere beklemtoning hiervan met (1989: 13) "Woordeboeke as bron van inligting en oplossings van taalkwessies behoort vir die taalgebruiker die belangrikste boek te wees wat oor taal geskep is" (vergelyk Wiegand: 1987a).

6.2 Woordeboeksoorte en hul inhoud

6.2.1 Klassifikasie

Die volgende klassifikasie van woordeboeke is deels ontleen aan die Zgusta-model (1971: 197). Dit word nog altyd so genoem as gevolg van die kategoriele aard daarvan, ten spyte van verskeie

afwykings en byvoegings. Aandag aan die makro- en mikrostruktuur is 'n vereiste. Daar moet vroeg reeds op die datakategorieë besluit word, sodat die leksikograaf daarvan kennis neem om oor sy lemmakeuse vir bewerking te besluit. Hierdie fase vorm 'n logiese komponent van die kriteria vir 'n spesifieke woordeboek.

Zgusta se mening was, na 'n analise van teoretiese kwessies wat 'n rol in die leksikografie speel, dat die mees tipiese behoefte van 'n woordeboekgebruiker van algemene woordeboeke is - 'n soeke na 'n oplossing vir betekenisprobleme in samehang met 'n bepaalde situasie of gestelde omskrywing. Gegewens uit die taalwerklikheid, in gesproke en skryftaal – uiteenlopende data dus - word vanuit verskillende perspektiewe oorweeg en vergelyk om daaruit 'n aanvaarbare duidelike verklaring tot die beskikking van die gebruiker te stel. Woorde het nie net semantiese waarde nie, maar ook oorspronklike skeppingswaarde. Wanneer oor die lemmaversameling van 'n woordeboek besluit word, hang dit nou saam met die werklike doelstellings daarmee. Is dit van algemene aard of oor 'n spesifieke onderwerp, byvoorbeeld idiome? Die teikengroep is die belangrikste gebruikers en toepaslike inligting en begrip daarvan moet aan hulle deurgegee word, duidelik en ondubbelsinnig. As daar na *mossie* verwys word, word van 'n voëlsoort gepraat of van 'n moontlike troetelnaam? Sekere basiese begrippe, byvoorbeeld die verskil tussen *seer* en *pyn* – waar en die graad daarvan; *onlangs* - hoe lank gelede, kan deur middel van voorbeeldsinne en betekenisparafrese, tot beter begrip en vinniger oplossings lei. Betekeniswysigings van konsepte kom dikwels in verskillende gemeenskappe voor, soos wanneer na tipes winkels in 'n stad teenoor op die verre platteland verwys word – *boutique* teenoor *klerewinkel*. Die gebruikersbehoefte en die tipe woordeboek bepaal uiteindelik die aard en omvang van sowel die makrostrukturele dekking as die mikrostrukturele bewerking.

6.2.2 Tweedeling van tipes

Om tipes woordeboeke te onderskei, is daar 'n tweedeling van ensiklopediese en linguistiese woordeboeke.

6.2.2.1 Ensiklopediese tipe

Die *ensiklopediese* tipe konsentreer hoofsaaklik op 'n beskrywing van sake waarna woorde verwys, eerder as op die betekenis en kan 'n paar volumes beslaan wat so ver moontlik alle velde van menslike kennis dek. Die klem val op buitetalige aspekte en die inhoud is van groot waarde vir navorsers. Die denotatiewe of benoemingswaarde van woorde is hier die beskrywingsteiken. 'n Ensiklopediese woordeboek bevat min taalkundige data. Dit is nie die soort woordeboek waarin troetelvorme behandel word nie.

6.2.2.2 *Linguistiese tipe*

Die *linguistiese* tipe aksentueer weer dat die klem op die taalkundige aspekte van die behandelde woorde moet val. Sommige woordeboeke kan selfs voorskriftelik wees, soos veral die tipes vir skoolbeginners. Hierdie tipe plaas die fokus op linguistiese kenmerke van leksikale elemente waarby troeteltaalvorme ook kan inskakel, want die semantiese aspek vorm deel van die linguistiese aspek. Daar mag ook 'n beperkte hoeveelheid ensiklopediese inligting in die klasse wat onderskei gaan word, voorkom. Dit hang af van die bydrae wat met die leksikale inhoud gelewer word.

Linguistiese woordeboeke word verdeel in 'n reeks onderafdelings wat die volgende soorte insluit:

Diachroniese woordeboeke met as doelwit die geskiedenis ten opsigte van vorm- en betekenisveranderinge van leksikale items.

Malkiel, aangehaal deur (Zgusta 1971: 204), stel sy mening soos volg, "Every good dictionary is used a long time after publication It can be maintained therefore, that the indication of an archaism or an obsolete word is the indication of a simple fact".

Binne die kategorie diachroniese woordeboeke word daar onderskei tussen *historiese* en *etimologiese* woordeboeke. Daar is ongelukkig nog nie 'n gesaghebbende historiese woordeboek in Afrikaans nie. 'n Historiese woordeboek sal verteenwoordigend wees van die ontwikkeling van 'n taal se woordeskat waarin veranderinge in vorm en betekenis aangeteken sal word. In Afrikaans sal dit 'n besonder wye veld dek.

By *etimologiese* woordeboeke word tussen *algemene* en *beperkte* tipes onderskei.

Die algemene een is op die breë woordeskat gerig, en troetelname afgelei van voorouername, byvoorbeeld *Bramie* < *Abraham* kan hier inpas. In die beperkte tipe, byvoorbeeld die Afrikaanse Etimologiese woordeboek deur Boshoff en Nienaber, kan slegs 'n toepaslike deel van die woordeskat weergegee word.

Sinchroniese linguistiese woordeboeke word onderverdeel in *eentalige* en *vertalende* woordeboeke. Die twee tipes word egter nie op gelykwaardige vlak in die formulering geklassifiseer nie, want "*vertalend*" verwys na 'n *funksie* terwyl "eentalig" dui op 'n *vormlike kenmerk*, volgens Gouws (1989: 65). Sinchroniese woordeboeke is gerig op die weergawe en bewerking van die leksikon vir 'n gegewe tyd, meestal die tyd waarop die woordeboek saamgestel word. Daar sou selfs 'n beperkte woordeboek saamgestel kon word met 'n leksikon wat 'n vasgestelde tydperk - 1670 tot 2000 - dek, waarvoor die inligting in die argief, in universiteits-

biblioteke, bewaarde dokumente en tydskrifte, by uitgewers en toegang tot wette in howe, nagevors sou word.

Algemene verklarende sinchroniese woordeboeke kan standaard, omvattend of pedagogies verklarend wees. Hier word gepoog om die woordeskat so wyd moontlik saam met die verklaring van die leksikale betekenis van die lemmas in te sluit. Die Standaardverklarende woordeboeke fokus op die standaardtaal en wanneer lemmas uit 'n ander variëteit (soos troeteltaal) ingesluit word, word hulle van etikette voorsien. Gebruiksinligting bied hier vir die gemiddelde taalgebruiker 'n nuttige leidraad. Troetelname kom in misleidende variasies in die omgangstaal voor en benodig verduideliking, soos by *Kroesie* as troetelnaam vir iemand wat krulhare het, wat dalk as rassisties verstaan kan word. Daardie troeteltaalvorme, byvoorbeeld *koekie* en *hartjie*, wat reeds deel van die standaardvariëteit is, behoort in die woordeboek opgeneem te word. 'n Etiket kan gebruik word om aan te dui dat die woord 'n troetelvorm is. Die Standaardverklarendewoordeboek word ook soms 'n *handwoordeboek* genoem. Pedagogiesverklarende woordeboeke kan weer verdeel word in skool- en aanleerderwoordeboeke. Laasgenoemde kan een- of tweetalig wees en 'n beperkte makrostruktuur hê vir 'n spesifieke ouderdomsgroep, volgens die teikengroep se gemiddelde ouderdom en behoeftes saamgestel. In skoolwoordeboeke moet die klem op die kernwoordeskat in alledaagse gesprekke en in hul skoolvakke se studiemateriaal val. Die fokus is hier op die semantiese waardes van die lemmas en baie beperkte inligting in die definieus kan aangevul word. Die pedagogiese funksie is egter die belangrikste. Die sentrale lys van skoolwoordeboeke is nie 'n tuiste vir troetelvorme wat nie reeds tot die standaardvariëteit behoort nie. Om skoolleerders bewus te maak van onder meer troeteltaal as variëteit, sou een van die buitetekste van 'n skoolwoordeboek wel aan daardie troetelvorme wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, aandag kon gee.

6.2.3 Aanleerderwoordeboeke is ingestel op suksesvolle leiding in woordkeuse, verduidelikings, spelling en aksent. In hierdie bronne kan immigrante, veeltalige studente en toeriste 'n suksesvolle vertrekpunt vir goeie kommunikasie, teksbegrip en teksproduksie vind. Daar word onderskei tussen 'n *aktiewe* tipe waarin die leerders leiding vind ten opsigte van taalreëls sodat hulle self hul taalvaardigheid kan verbeter. Die *passiewe* tipe gee leiding in woordkeuse, wanneer 'n leerder onseker is oor watter woord hy moet gebruik om nie verkeerd verstaan te word of 'n verleentheid te skep nie. In die definieus moet hy byvoorbeeld die verskil tussen *hut* en *kaia* kan vind. Volgens boekhandelaars is veral die passiewe tipe die hoogste in aanvraag op die oomblik. Die inhoud van hierdie soorte behoort op so 'n wyse aangebied te word dat gebruikers maklik en vinnig inligting kan bekom aan die hand van eenvoudige gebruikersgidse in die woordeboeke. In die makrostruktuur behoort 'n verskeidenheid van die mees gebruiklike lemmas en uitdrukings in alfabetiese volgorde aangebied te word. Die primêre opdrag is om vinnige en maklike toegang en eksplisiete data-aanbod te verstrek. Afkortings en etikette moet liefers vermy word tensy kort

verklarings daarvan ingesluit is. Die leksikograaf mag ook nie op die linguistiese intuïsie van die taalgebruiker steun nie, maar moet altyd die hoofdoel van woordeboeke, om die behoeftes van die gebruikers ten beste op te los, nakoem. Troeteltaalvorme is nie tipieserwys lemmakandidate vir so 'n woordeboek nie.

6.2.4 Omvattende woordeboeke, waartoe die WAT behoort, is gerig op 'n omvattende opname van leksikale items uit *alle* variëteite en op 'n omvattende bewerking van dié items. Dit bied nog meer as die gewone standaardtaal. Die gesaghebbende woordeboek van Webster met Gove as hoofredakteur het aan taalvariasie en werklike taalgebruik erkenning gegee sonder om voorskriftelik omtrent woordeboeke te wees. Gove is deur erkende taalkundiges gekritiseer, maar het met sy beleid ook aan taalkundiges en woordeboeksamestellers 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel. Volgens sy standpunt sal troeteltaalvorme ook in sinchroniese algemene woordeboeke kon inpas. Woordeboeke het volgens verskeie taalkundiges ook 'n informatiewe doelstelling, afhangende van watter tipe woordeboek die samesteller wil lewer. Volgens inligting op Internet is die WAT die “kroonjuweel van Afrikaanse woordeboeke”, toeganklik vir studente aan universiteite, skole en die hele publiek. Hierdie woordeboek is verder ook deur middel van elektroniese skywe 'n besondere hulpmiddel vir die onderrig van Afrikaans, want die WAT bied verdere hulpmiddele aan in die vorm van *taalhulp wat* gratis deur telefoniese diens aan die tien ander amptelike landstale beskikbaar is en bevorder so veeltaligheid, opleiding aan woordeboekmakers, leerkragte, leerders en studente van sowel Suid-Afrika as ander Afrikalande.

Hierbenewens bied die WAT ook die volgende aanvullende dokumente aan:

- 'n *Etimologiewoordeboek* van Afrikaans (EWA), 'n EWA Supplement (aanvulling), Sinonieme en verwante woorde.
- 'n Internasionale vaktydskrif *Lexikos* wat in 23 lande versprei word.
- 'n *donasieprogram* “Borg 'n Woord” op internet om die publiek aan te moedig om vergete woorde en idiome weer op te roep en nuwe skeppinge of voorbeelde van streektaal onder die publiek se aandag te bring.

Die inhoud en aanbod in die WAT maak dit dié soort woordeboek wat 'n natuurlike tuiste vir troeteltaalvorme bied.

6.2.5 Vertaalwoordeboeke mag volgens Al-Kasimi (1977: 20 e.v.), onder andere, op gesproke en geskrewe taal en óf op begrip óf gebruik van die doeltaal gerig wees. Die gebruiker bepaal self, volgens sy doelwit, sy keuse van die beste woordeboek vir sy vlak van taalkennis en beoogde

werkmetode. Vertaling is egter 'n fyn kuns en dit bly haas onmoontlik om fyn nuanses en veral idiomatiese segswyses sonder verlies van 'n werklike bedoeling of betekeniswaarde in 'n ander taal oor te dra. In daardie vertalende woordeboeke wat met die standaardvariëteit werk en op algemene gebruik gerig is, sou troetelvorme met 'n hoë gebruiksfrekwensie as geëtiketteerde inskrywings kon verskyn.

6.2.6 Vakwoordeboeke waarna as een tipe *bepaalde* woordeboek verwys word, bied gewoonlik volledige inligting oor vakdissiplines, soos volledige informasie oor visse, voëls, blomme, sterre, verskillende wetenskappe en dies meer. Hier word *informatiewe* en *leksikografiese* kennis van die onderwerpe aangebied. Dit is nie 'n tuiste vir troetelvorme nie.

In die meeste algemene woordeboeke is die inligting primêr taalkundig. Die vorm en inhoud van die woordeboekartikel moet mekaar tot 'n leksikografiese eenheid aanvul, want woordeboeke as bron van inligting en oplossings vir taalkwessies behoort vir die taalgebruiker die belangrikste boek te wees wat oor taal geskep is volgens Gouws (1989: 13). Teoretiese modelle hiervoor is wenslik, maar wisselwerking tussen die teorie en leksikografiese behoeftes is en bly van die hoogste belang. Inligtingsoorvleueling tussen verskillende soorte woordeboeke is onvermydelik. Woordeboeke kan verder ook preskriptief (voorskriftelik) of deskriptief wees, soos in die klassifikasie aangedui is. Die oorwegend bepalende faktor bly egter of die behoeftes en taalvermoë van die taalgebruikers vooraf deeglik vasgestel is en of die fokus op hul behoeftes val. Al-Kasimi (1983: 33) reken dat samestellers moet probeer "... to be the objective recorders and tend to use a semantic neutral terminology".

Met verloop van tyd is in Afrikaanse woordeboeke 'n opvallend wyer veld deur behoefte aan veral vakgebonde publikasies gedek, met klem ook op beter taalgehalte. Kritiek deur ervare Afrikaanse linguïste het tot aanpassings en uitbreidings in onder meer die WAT gelei. Die wete en kennis dat woordeboeke, Gouws (1989: 13) *die belangrikste boeke wat oor taal geskep is*, vir die taalgebruiker behoort te wees, is 'n begrip wat so vroeg moontlik by die huidige geslag taalgebruikers, insluitende skoolbeginners (ook in speelskole) en aanleerders ingeskerp behoort te word. So kan troeteltaalvorme ook vroeg reeds bekendgestel en in skoolopdragte ingewerk word en moontlik 'n gees van entoesiasme en leergierigheid op 'n ontvanklike ouderdom by kinders vestig. Daar moet natuurlik konstant met die taalvlak, ouderdom en behoeftes van die teikengroep rekening gehou word. By volwassenes kan die bewustheid van 'n woordeboekkultuur tot meer sinvolle kommunikasie lei en beter taalvermoë bevorder word, asook onnodige uitgerekte opdragte, en gevolglik verwarring en onsekerheid oor wat presies verwag word, wat tot dubbelsinnigheid en swak werkverrigting kan lei, uitgeskakel word.

Die woorderykdom en die bewerking daarvan in woordeboeke opgesluit, bestaan onder meer uit drie basiese komponente, naamlik items ter *benoeming* of *naamgewing* vir alles in die heelal, items ter aanduiding van *taalverskeidenheid* en verklaring van *betekenis*. Al die genoemde komponente is toepaslik in die opname en bewerking van troetelvorme en hul gebruik. Woordeboeke moet juis as gids dien vir die taalgebruiker wat oplossings soek vir sy beperkte en onseker taalgebruik, styl en gepaste woordkeuse om reg verstaan te word. Waar daar nuanseverskille in die gebruikstaal bestaan, soos by 'n keuse tussen *ruik* en *reuk* (selfstandige naamwoorde), *inasem* en *inadem* (werkwoorde), *troebel* en *troewel* (adjektiewe), *graaf* en *grou* (werkwoorde), sou in die woordeboekartikel 'n verklarende antwoord gevind kon word. Uit die verklaring sal die gebruiker kan aflei dat sommige sprekers *ruik* aan 'n doodgewone aksie van die intrek van asem deur die lugweë laat dink, wat aangenaam of herkenbaar met blomme of braaivleis verbind kan word, terwyl *reuk* met iets onaangenaams soos *stank*, *verrotting* in die algemene spreektaal geassosieer word. Al twee woorde is selfstandige naamwoorde, maar *reuk* word nie soos *ruik* ook as werkwoord gebruik nie. Al twee woorde kan verder ook in 'n figuurlike sin aangewend word, soos uit die volgende blyk. Wanneer iemand sou sê “Ek glo jou nie; daar is vir my 'n 'reukie' aan jou storie,” wil hy eintlik sê, *alles is nie in orde nie; of*, “ek ruik lont,” bedoel hy eintlik, *'ek voel agterdogtig'*. *'Inadem'* verwys weer na 'n figuurlike inaseming van byvoorbeeld *wanhoop* na die lees van 'n verhaal of gedig of die *rustige atmosfeer* deur 'n mooi musiekuitvoering geskep en kom nie algemeen in spreektaal voor nie. *Troebel* word meestal vir onsuiver vloeistof gebruik, terwyl *troewel* in omgangstaal in figuurlike sin vir 'n gemoedstemming of onseker gedagtes gebruik word, en *graaf* vir spit in grond met 'n sekere tuinimplement teenoor *grou* meestal vir 'n aksie van diere, onder andere, by klein veldiere soos meerkatte. Mense *grou* egter ook in grotte, waar die aarde baie rotsagtig en hard is. Laasgenoemde mag dalk ook as 'n gewone vorm, veral deur boere en ouer mense in sekere streke in omgangstaal gebruiklik wees, veral vir persoonlike hande- en voetsarbeid. Op dieselfde wyse wissel troetelvorme in wisselvorme in *spelling* en *betekenis* spontaan by mense volgens konteks en omgewing. Hierdie goedigbedoelde vorme pas daarom by taalkundige norme aan en kan as regverdige standaardtoevoegings tot die Afrikaanse woordeskat met meer gesag in gebruikstaal toegepas word.

6.3 Aspekte van die ontstaan en groei van leksikografie en Afrikaanse woordeboeke

6.3.1 Inleiding

Studies, waaronder spesifiek Zgusta (1971), toon dat die samestelling en ordening van reeds bestaande woordeskat in beskikbare woordeboeke 'n besonder belangrike en nuttige hulpmiddel vir die gewone en meer geskoolde taalgebruiker in uiteenlopende vakgebiede is. Vir die ywerige student en gebruiker kan die boeke, benewens as 'n blote naslaanbron vir sekere behoeftes, ook tot bruikbare uitbreiding van taalvermoë lei. Woordeboeke kan gesien word as die openbare

vertoonvenster van taalkunde. Woorde en uitdrukkings wat sonder werklik taalkundige rede skielik “*n voet in die deur*” van taalgebruik gekry het, byvoorbeeld *huidiglik*, (terloops, *tans* is korter en lankal gevestig) gedurende die samestelling van ’n tipe woordeboek, maar veral die tipes vir die gemiddelde gebruiker, word moontlik baie gou so algemeen dat niemand dit meer as nuut of vreemd beskou nie. Die gebruik van die woord *kultuur*, vroeër hoofsaaklik verwysend na geestelike waardes, word vandag saam met haas enige saak of gewoonte, byvoorbeeld *Kultuur van Regte* en *Ontkenning* ingespan. Daar is legio sulke voorbeelde, soos *okei* (vroeër as *anglisisties* beskou), veranderde spelling byvoorbeeld *kierang* teenoor *kurang* en, redelik nuut, *viertrekvoertuig*, *klatskamers* op die Internet asook verkorte woorde en afkortings soos in SMS-taal.

6.3.2 Leksikografie as ’n selfstandige studieveld het oor ’n lang tydsverloop bestaansreg verwerf in Suid-Afrika en daar is eers gedurende die afgelope drie dekades besonder baie aandag aan die uitbouing van leksikografie as vakgebied gegee. Leksikograwe in verskillende lande het vroeër selde metodiese ondervinding met mekaar gedeel. Verslae oor leksikografiese projekte, rakende besprekings van metodes gevolg en prosedures toegepas, is eers so laat soos 1965 deur B. Quemada begin publiseer, waarvan die eerste was “*Cahiers de lexicologie en cours*” (1965: 105ff). Verskeie ander publikasies van breër teoretiese belang deur linguiste soos L.V. Scerba, G. Devoto, P.L. Garvin, is vroeër reeds gepubliseer, vergelyk L. Zgusta (1971: 10-11). ’n Volledige lys van medewerkers, asook breër inligting oor groter belangstelling in die fasette van en onderliggende teoretiese probleme rakende die samestelling van woordeboeke, voortvloeiende uit Zgusta se voortgesette studie, is in sy *Manual of Lexicography* vir naslaandoeleindes. Volgens Haensch (1984: 118) bestaan ’n goedontwikkelde leksikografiese praktyk egter reeds eeue lank, langer as die taalwetenskap soos dit vandag erken en bedryf word.

- Aanvanklik was leksikografiese terminologie ’n probleem. Aan die konsekwente gebruik van leksikografiese terme, byvoorbeeld, *woordeboekinskrywing*, *sleutelwoord* en *artikel* was daar volgens Gouws (1989: 1.5.1) ’n groot behoefte, want die leksikografiese terminologie was nog nie gestandaardiseer nie. Ongelukkig word veral in die Britse leksikografie, die term *headword* nog dikwels bo *lemma* verkies. Die gebruik van *lemma* in plaas van *trefwoord* is egter reeds standaard (:1.6.2), onder meer deur Zgusta (1971: 248 en volgende) se gebruik daarvan. Tans word daar voortgegaan met pogings om die leksikografiese terminologie te standaardiseer, onder meer, in ’n leksikografievakwoordeboek soos in Wiegand *et al.* (2010).
- Gouws (1989: 75) wys daarop dat lemmas as woordeboekinskrywings as makro- en mikrostruktuurelemente kan optree. Lemmas wat wel in ’n woordeboek opgeneem word, word as ’n keuse van woordeskattelemente volgens die eise van ’n woordeboeksoort deur die leksikograaf aangebied en hulle opname moet vanuit die teoretiese leksikografie gemotiveer wees. Die leksikograaf moet dus duidelikheid hê oor watter tipes elemente in die spesifieke woordeboek

lemmastatus mag kry ooreenkomstig die gestelde kriteria waaraan 'n element moet voldoen. Die kriteria sluit 'n wye verskeidenheid tipes elemente in, waaronder inligting oor, onder andere, onverklaarde lemmas met hul morfologiese funksie, leksikale, subleksikale en multileksikale lemmas, ressorteer.

Leksikografie het egter met verloop van tyd tot meer aandag aan *teorievorming* gevorder na aanleiding van Quemada (1973: 427) se mening ... "lexicography is on the verge of becoming not only a technique in its own right, but surer of itself, of its resources and limitations ...". Hy glo dat meer erkenning aan generatiewe invloed gegee moet word, aangesien generatiewe taalkundiges die klem plaas op die vereiste van 'n geskikte teoretiese raamwerk waarbinne 'n taalbeskrywing gedoen moet word. Quirk se siening in *Opening Remarks* (1986: 5), na wie Gouws (1989: 26) verwys, is "... we continue to lack a critical framework within which dictionaries can be assessed, achievements measured, deficiencies arranged". Dit sluit nou aan by die belangrikheid van 'n aanvaarbare leksikografiese teorie. Hierdie benadering het tot vinniger vordering in leksikografie-teorievorming en 'n meer pragmatiese benadering in die teoretiese taalkunde gelei. Gove, hoofredakteur van *W3, Webster's Third New International Dictionary of the English Language* in 1966, se standpunt was dat 'n woordeboek die neerslagplek vir werklike taalgebruik moet wees. Die leksikon moet die taalgebruik in sosiale omgewings met verskillende graderings van woordeskat, styl en opvoedkundige vlakke insluit. Daarby kan troeteltaal, waarvan verskillende fasette in die bespreking gedek is, by hierdie gegewens ingesluit word. 'n Eie leksikografieteorie het volgens Scerba (1940) 'n duidelik aantoonbare verwetenskapliking verwerf.

Die groter aandag aan 'n leksikografiese teorie het weer 'n toename in woordeboekproduksie meegebring. Leksikografieteorie verwys na 'n samehangende versameling beginsels uit verskillende teoretiese raamwerke wat as rigsgoer gebruik word vir die beplanning, samestelling en beoordeling van woordeboeke.

- In Suid-Afrika het Afrikaans volgens Van der Merwe (1969: 88; 1970: 33) ontstaan uit 'n verloop van 'n taalneiging van die 16de en 17de eeu. Hierdie taalnavorsers glo dat die begin van Afrikaans na die 16de eeu teruggaan, maar die eintlike beslag van sy huidige vorm tussen 1656 en 1658 gekry het. Gericke (1991) bevind in 'n oorsig van die geskiedenis van die WAT dat die basis van Afrikaanse woordeboeke tot ongeveer 1844 terugstrek, naamlik die werk van Changuion waarin die woordeboek as bylae verskyn het.
- Dit is interessant dat Nederlanders asook vreemdelinge van ander Europese afkoms, byvoorbeeld L.H. Meurant (Switsers / Engels), C.E. Boniface (Frans) en A.G. Bain (Skots) volgens J. du P. Scholtz (1980/81) die voortou geneem het in die bewusmaking van 'n afwykende vorm van Nederlands. Arnoldus Pannevis, 'n skeepsdokter en later 'n student in die

Lettere was volgens S.J. du Toit, "werkelyk die eerste wat met erns die gedagte uitgespreek het en o'tuig het dat ons 'n eie taal het en wel 'n voortreflike taal, wat ons moet erken en beoefen", soos aangehaal deur Gericke. In 1844 het taalkundige navorsers reeds ongeveer 400 Afrikaanse woorde in 'n artikel met die opskrif "Proeve van Kaapsche taaleigen" gevind deur Antoine Nicolas Ernest Changuion (1803 – 1881) aangeteken. Laasgenoemde was 'n Nederlander, in 1831 aangestel as professor in Klassieke en Moderne tale, veral Nederlands, aan die Afrikaanse Athenaeum, waaruit die Universiteit van Kaapstad later ontwikkel het, volgens Nienaber (1950: 17-20), Snijman (1995: 2-3). Ook Mansvelt (1884) het 'n afwyking van gebruikelike Nederlands van daardie tyd herken en sy stem by die van reeds genoemde taalbewustes gevoeg.

Pannevis stel verder voor in die Kaapse Blad "*De Zuid-Afrikaan*" 'n boekie met Afrikaanse taalreëls, wat dadelik met een *Afferkaanse Woordeboek* opgevolg moet word. Hierdie versoek is voorafgegaan deur 'n eerste Afrikaanse Transvaalse woordelys deur T.M. Tromp, 'n Nederlander, 'n kort rukkie sekretaris van president T.F. Burgers aan die Kaap. In die lysie het Van der Merwe egter talle foute en skewe uitsprake gevind. (1971: 26) "gebruikelijkste en eigenaardigste woorde en uitdrukkingen" (verwysing, bogenoemde uitgawe). Pannevis se voorstel van 'n woordeboek is eers in 1902 opgevolg toe *D.F. du Toit & Co* 'n handige sakwoordeboekie, bekend as *Die Eerste Afrikaanse Patriotwoordeboek*, uitgegee het. Die woordeboek was maar bondig, maar op daardie tydstip volledig. Daarin was 16 500 woorde in sogenaamde Patriotspelling, maar verder verteenwoordigend van 'n positief-Afrikaanse grondslag en strekking. Nadat Afrikaans op 25 Maart 1925 amptelike status gekry het, was een van die kontrakvoorwaardes die uitgee van 'n eentalige woordeboek met betekenisverklarings, verklarende sinne en beknopte woordafleiding, onder redaksie van prof. J.J. Smith. Daarna was die vordering maar stadig, maar reeds in 1926 skryf S.P.E. Boshoff 'n artikel oor 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans, in *Gedenkboek ter Ere van die G.R.A.* (307-328) en noem hy so 'n algemene soort "een van die hoekstene van die Afrikaanse Leksikografie".

Tans lyk die prentjie gelukkig heeltemal anders, want gedurende die afgelope aantal jare het 'n woordeboekbewussyn posgevat, en beskik Afrikaans oor 'n uitgebreide verskeidenheid algemene, een- en meertalige, temagerigte, streekgebonde en selfs aanleerderwoordeboeke - 'n volle tipologiese spektrum wat ontwikkel het en gepubliseer is as betroubare inligting- en naslaanbronne. Die spektrum woordeboeke waaroor Afrikaans beskik, moet ruimte bied vir alle variëteite van Afrikaans asook Afrikaanse vaktaal. Ook troeteltaalvorme moet 'n heenkome in een of meer woordeboeke vind.

6.4 Leksikografiese proses

6.4.1 Inleiding

Tot 'n leksikografiese proses behoort alle leksikografiese bedrywighede wat uitgevoer word om 'n woordeboek saam te stel. Dit strek vanaf die vroeë beplanning tot by die uiteindelijke produksie. Vergelyk ook Wiegand se publikasies (1983, 1983a, 1984) en sy mening oor Leksikografiese Terminologie, soos aangehaal deur Gouws (1989: 35).

6.4.2 Wiegand se voorgestelde vyf fases vir 'n leksikografiese proses

In 'n model vir die beplanning van 'n woordeboekprojek moet volgens vyf afgebakende fases gewerk word, soos voorgestel deur Wiegand (1998: 151). In die beplanning van 'n woordeboekprojek het die konseptualiseringsplan die mees direkte invloed. In so 'n woordeboek-konseptualiseringsplan moet 'n weldeurdagte leksikografiese verwerkingsstelsel ingesluit wees. In hierdie plan moet daar ook 'n duidelike ondubbelsinnige uiteensetting van die ware doel van die beoogde woordeboek voorkom. Hierdie werklike doel word bepaal deur, onder andere, die tipologiese aard en beoogde teikengroep.

Wiegand verdeel die plan in die volgende vyf fases:

- *Algemene Voorbereidingsfase*

Die algemene voorbereidingsfase vorm die basis vir die struktuur, inhoud en aanbieding van die finale produk. In hierdie stadium is 'n leksikografiese instruksieboek van besondere belang, want die handleiding behoort 'n omvattende beskrywing te bied van die stelsel wat in 'n beplande woordeboek toegepas gaan word. Dit vorm terselfdertyd die voorgeskrewe handleiding vir die redaksie om 'n konstante en sistematiese eindproduk te lewer. Hierin word, onder andere, die gebruik van hoofletters, woordorde en stamvorme ingesluit. Redaksielede is veroorloof om personeel van ander woordeboekprojekte te raadpleeg en van hul raad en praktiese hulp gebruik te maak. Kundiges in metaleksikografie kan hier nuttige insette voorstel. In hierdie eerste fase is aandag aan die mikrostrukturele program van die woordeboeke van besondere belang. Die aspek sluit in die verskillende data-kategorieë, en die aandag aan die lemmatisering. Vooraf besluite hieroor sal tyd en koste bespaar. 'n Bepaling van 'n woordeboekbasis is nodig. Die volgende bronne is aan te beveel - skryftaal in media, mondelinge opnames van sprekermenings, beskikbare woordeboeke in die brontaal en primêre, sekondêre en tersiêre sprekerbronne. Vergelyk Gouws (2001: 68).

- *Materiaalversamelingsfase*

Hierdie is 'n hoogs belangrike fase, want die versamelde data vorm die korpus wat in alle opsigte betroubaar moet wees. Geen moderne woordeboek kan verteenwoordigend van 'n doeltaal wees as dit nie op 'n betroubare korpus gebaseer is nie.

- *Materiaalverwerkingsfase*

Hierdie fase verteenwoordig die toepassing van die dataverspreidingstruktuur en die skryf van woordeboektekste. Sommige inligting sal in die voor- of agtertekste en ander in die sentrale lys voorkom. Nadat die sentrale mikrostruktuurprogram geformuleer en die makrostruktuurkeuse afgehandel is, kan leksikograwe met die samestelling van die artikels in die sentrale lys voortgaan.

- *Materiaalvoorbereidingsfase vir publikasie*

Hierdie fase sluit bladsy-uitleg en tipografie in. Alhoewel daar 'n algemene model vir die samestelling van woordeboeke bestaan, behoort die konstruering van die vorm as 'n komponent van die artikelstruktuur volgens taalspesifieke voorskrifte vasgestel te word. Die formulering van en die aard en omvang van kommentaar oor semantiek word deur die tipe woordeboek bepaal, maar vir die sukses van 'n woordeboek is die beplanning noodsaaklik. Die hoofredakteur is, waar van toepassing, saam met sy Raad van Direkteure gewoonlik verantwoordelik vir die formulering en implementering van 'n organisasieplan. Spesifieke opdragte en pligte moet aan elke lid van die verantwoordelike personeel opgedra word. Volledige inligting rakende die begroting, aard, omvang en werklike doel van die projek moet verder aan hulle verstrekkend word. In die daaglikse omgang het dit noodsaaklik geword vir bespoediging van dienste ten opsigte van aandag aan nuwe woordeskat in die uitbouing van verklarings vir toenemende omvang van woordeskat in woordeboeke wat in die praktyk diens behoort te lewer. Dit omvat die inskrywings met hulle verskillende betekenis asook pragmatiese waardes van die lemmas, soos veral die geval in tweetalige woordeboeke deur die vertaalekwivalente verstrekkend. Die werklike doel kan slegs bereik word, wanneer aan al die funksies suksesvol voldoen is, volgens Wiegand.

- *Finale Fase*

Die finale fase omsluit die verskillende stadia van proeflesings en finale wysigings en regstellings. Die woordeboekplan behoort so beplan te wees, dat hierdie fase vinnig en funksioneel afgehandel kan word.

Wanneer 'n nuwe woordeboek *beplan* word, is 'n deeglike wetenskaplike opleidingsprogram vir die betrokke personeel 'n noodsaaklikheid om begrip van die komponente en sukses in die toepassing daarvan te probeer verseker. Al beskik die potensiële leksikograwe reeds oor akademiese leksikografiese opleiding, moet die effektiewe toepassing daarvan uitgespel word. Die personeel moet praktiese bestuursopleiding ontvang om met die basiese toepassing van metaleksikografiese beginsels vertrou te raak. Algemene leksikografiese en metaleksikografiese opleiding om praktiese toepassing te bevorder, sluit die volgende onderwerpe vir al die medewerkers in:

- Die struktuur van woordeboeke
- Leksikografiese terminologie
- Die inhoud van 'n instruksieboek vir die beplande woordeboek
- Soorte woordeskat
- Toepaslike woordeskat volgens tipe woordeboek
- Ordening van woordeskat
- Verskillende tipes datakategorieë in 'n woordeboek
- Skryf van 'n woordeboekdefinisie
- Gebruik van voorbeelde van illustrasies in 'n woordeboek
- Keuse van die korrekte vertaalekwivalent
- Korrekte aanduiding van uitspraak

Meer aandag aan troeteltaal is 'n nuwe konsep vir woordeboeksamestellers en sal vanselfsprekend eers na besprekings tot enige resultate kan lei. In die materiaalversamelingsfase moet troetel-vorme ook ingesluit word vir moontlike opname en bewerking in 'n algemene woordeboek.

In enige leksikografiese proses speel opleiding van personeel 'n belangrike rol. Opvolgopleiding is ook belangrik. Medewerkers behoort aangemoedig te word om met leksikografiese opleiding voort te gaan deur middel van kort kursusse daarin asook formele universiteitskursusse. Ontwikkeling van nuwe teoretiese modelle behoort konstant aandag te geniet. Wanneer gereelde opvolging nie volgehou word nie, is dit dikwels die rede waarom woordeboeke nie die verwagte taalhulpbronne is wat hulle behoort te wees nie. Woordeboeke moet funksioneel vir die gebruiker wees.

- *Rekenaaropleiding*

Die medewerkers moet dieselfde rekenaarprogramme gebruik, wat 'n basis vir toekomstige samewerking vestig, kostebesparend is en onnodige tydwende faktore kan uitskakel. Hierdie tipe opleiding sal moontlik vir woordeboeksamestellers 'n toekomstige noodsaaklikheid word.

6.5 Aanbieding van verskillende tipes leksikale items

6.5.1 Inleiding

Die leksikale semantiek is gerig op betekenisaspekte in en van die leksikon. Die leksikon bestaan uit 'n versameling leksikale items, waarvan verskillende tipes onderskei word. Op vormlike vlak kan drie tipes leksikale items onderskei word, te wete woorde, items kleiner as woorde en items wat uit meer as een woord bestaan.

De Stadler (1989: 50-52) onderskei tussen selfstandige simplekse leksikale items omdat hulle nie in duidelike onderdele verdeel kan word nie, soos *sit*, *bol*, *brei*, ensovoorts en 'n duidelike verstaanbare betekenis het, en onselfstandige simplekse leksikale items soos -agtig, -lik, -ry, afleidingsmorfeme genoem, wat nie altyd maklik beskryfbaar is nie, maar tog tot leksikale betekenis bydra, soos *-loos* (= sonder). Hierdie onselfstandige leksikale items staan ook as subwoordelike items bekend en is altyd kleiner as 'n woord. Die selfstandige leksikale items verdeel in ongelede of simplekse items, soos *pas* genoem, en komplekse of gelede leksikale items.

Komplekse leksikale items word weer onderverdeel in afleidings en samestellings waar die betekenis deursigtig kan wees omdat hulle van die samestellende dele afleibaar is, byvoorbeeld in *gemakstoel*, *liefseun* en *werkery*. Die betekenis is egter nie altyd deursigtig nie, byvoorbeeld *reënboog*.

Meerwoordige leksikale items sluit die volgende in:

- Deeltjewerkwoorde byvoorbeeld *in kennis stel*,
- Groepvoorsetsels byvoorbeeld *in samewerking met*
- Idiome - die eenheidsbetekenis kan hier met die eenheidsbetekenis van simplekse leksikale items vergelyk word, soos *Aardjie na sy vaartjie*,
- Al die bogenoemde voorbeelde het eenheidsbetekenis en is deel van die leksikon.

Ponelis (1989) onderskei tussen *meervormige* leksikale items wat fleksievorme (*pop-s*) en afleidings (*lief-ste*) asook komposita (*kindlief*) en klisisvorme (*nes*) en meerwoordige leksikale items soos *ter sprake* insluit.

6.5.2 Verskillende soorte lemmas

Leksikale items wat gekies word om in woordeboeke opgeneem te word, verskyn daar as lemmas. Die verskillende tipes leksikale items lei tot die bestaan van verskillende tipes lemmas.

- *Leksikale lemmas* verteenwoordig die grootste groep makrostruktuurelemente en tree as ongemerkte woordeboekinskrywings op.

Leksikale items wat as selfstandige woorde in 'n taal kan optree, soos selfstandige naamwoorde, word as leksikale lemmas in 'n woordeboek opgeneem. Ongelede vorme waaronder troetelname *skat* en *pop* en gelede vorme soos *poplap* en *skatlam*, sal dan ook as hierdie tipe lemmas opgeneem word. Alle troetelname kan woordsoortelik as selfstandige naamwoorde geklassifiseer word en in 'n woordeboek as verklaarde en onverklaarde makrostruktuurelemente opgeneem word. Gouws (1989: 85) verduidelik dat selfstandige woorde as verklaarde of onverklaarde makrostruktuurelemente hanteer word en op tradisionele manier woordsoortelik geklassifiseer kan word, byvoorbeeld in eiename, versamelname, verkleinwoorde en voorwerpname, ensovoorts.

- *Subleksikale lemmas* verteenwoordig die subwoordelike leksikale items. Woordbou-elemente is ook leksikale items en draers van betekenis en leksikograwe behoort dus van hul optrede as leksikale items verslag te doen, want volgens Muller (1982: 156) word in 'n woordbouproses 'n brug tussen grammatika en die leksikon gevorm. Taalgebruikers behoort ook woordbou-elemente naamlik voor- en agtervoegsels, soos *ont-* ('*ontsier*') en *-lik* ('*skatlik*') te kan uitken en hulle betekeniswaardes aan woordeboeke te kan onttrek.

Vormlik verskyn subleksikale lemmas as sogenaamde *streeplemmas*. Dit is lemmas wat 'n koppelteken voor of na die leksikale item het. Hierdie koppelteken tree as merker op om aan te dui dat die item nie 'n selfstandige woord is nie. Hierdie lemmatipe is 'n makrostruktuurelement en, ten spyte van die koppelteken, is hulle gidselemente van woordeboek-artikels. Hulle sluit stam- en affikslemmas in.

- *stamlemmas* - subwoordelike items sluit stamme (*baba-*, *slaap-*) en stamme met stamelemente (*kinder-*) in en wat as stamlemmas verskyn. In Gouws (1989: 87) word daarna verwys dat verskeie leksikale items in die Afrikaanse grammatikasisteem as woorde en stamme kan optree, byvoorbeeld soos in *grens-* in *grensoorlog* en *grens* in 'n *oorlog aan die grens*.

By troetelname geld dit veral by komposita met *hart as stam*, byvoorbeeld *hartlam*, *hartlief*, en *hartklop*. Die betekenis is verstaanbaar as gevolg van die verwysing na 'n liefdevolle verhouding tussen volwassenes en kinders en die verklaring van troetel.

- *affigale lemmas* (voor- en agtervoegsels) word ook as 'n tipe subleksikale lemma beskou. In Afrikaans dra hulle veral semantiese en morfologiese inligting oor, en aangesien hulle met verskillende stamme kan verbind, bied hulle 'n aansienlike woordvormingwaarde om afleidings te vorm, byvoorbeeld *-lik*, *-mie*, *-la* (ook in troeteltaal), *ont-*, *on-* en *dis-*. Combrink (1973) wys daarop dat daar linguistiese beperkings maar ook patroonmatigheid in affigale gebruik bestaan, met die gevolg dat duidelike leiding aan die gebruiker nodig is. Die prefiks *ont-* (*ontwikkel*, *onthaar*) kan onderskeidelik *begin* en *wegneem* beteken. So kan die agterfikse *-ig* en *-lik* nie dieselfde betekenis oordra nie, byvoorbeeld in *doenlik* en *doenig*, en nie mekaar vervang nie.
- *multileksikale lemmas* is meerwoordige leksikale items, byvoorbeeld 'n uitdrukking wat tot woordeskat-inligting bydra. Volgens Gouws (1989: 97) onderskei die Afrikaanse leksikograaf tussen vier tipes meerwoordige leksikale items.

Dit sluit in: *leenwoordgroepe*, veral uit *Frans* (*carte blanche*) en *Latyn* (*post facto*), vaste uitdrukkinge met verskillende vormlike kenmerke soos idiome ("*klein muisies met groot ore*"), dikwels in troeteltaal gebruik, *groepsetsels*, byvoorbeeld *ter wille van*, en sirkumposisie, byvoorbeeld *van nou af* en korrelatiewe neweskikkings insluitende *óf ... óf, én ... én, nóg ... nóg* en *hetsy ... hetsy*.

Die keuse uit die woordeskat van 'n betrokke taal (Afrikaans) moet linguisties en leksikografies gemotiveer kan word wat betref die lemmas wat opgeneem word, asook die vorm waarin hulle ingesluit word. Troeteltaal het vaste vorme, waarvan sommige met verloop van tyd gewysig word, byvoorbeeld *skat* en *skattebol*. Die wysiging dui normaalweg op intensivering van gevoel, maar kan ook groter klem verteenwoordig om vinniger aandag te kry of te flikfloo om 'n guns. As hulle egter eers in woordeboeke as deel van die bestaande standaardtaal erken is, word hulle as sodanig gevestig. Dit sal 'n wye veld in Afrikaans dek.

Volgens Zgusta se benadering moet die inhoud van 'n woordeboek volgens 'n sisteem aangebied word. Daar moet vaste kriteria bestaan waarvolgens woordeskat opgeneem word in 'n woordeboek as betroubare inligtingsbron. Daar moet dus duidelikheid wees oor die manier waarop verskillende leksikale items gelemmatiseer word. Troeteltaalvorme wat ook deel is van die leksikale verskeidenheid se opname en bewerking moet volgens dieselfde reëls gedoen word.

6.6 Samevatting

In aansluiting by Zgusta se benadering, algemeen deur leksikograwe erken en toegepas, kan verwys word na die uitsprake deur prof. N.S. Kabuta by 'n leksikografiese kongres te Stellenbosch in 2008. Die spreker van Sentraal-Afrika, prof. N.S. Kabuta, (2008: Mondeling) beïndruk 'n mens met sy doelstellinge vir sy Cilluba – French woordeboek. (“He wants to try to teach young people that they have an identity, to create thinking in their colloquial language, also to improve vocabulary through a dictionary and to change and become proud of their identity”). Dit sal hulle selfs in staat stel om brosjures en boeke oor ander onderwerpe te lees en sodoende self dan boeke en artikels te kan skryf. Hy wil hulle oortuig dat hulle ten goede kan verander en so interessanter mense word deur bewus te raak van hierdie interessante boek, die woordeboek, 'n bron van inligting. Dit is interessant hoe ver hy reeds met sy aanbevelenswaardige doelwit gevorder het, in die opvoeding van die jeug, nie net op akademiese vlak nie, maar ook op sosiale vlak. Ander potensiele woordeboeksamestellers kan baie uit sy wenke en ervaring put, en sodoende volgens hulle eie behoeftes aanpas.

Woordeboeke van wisselende omvang en inhoud in Afrikatale is vanselfsprekend, 'n toekomstige noodsaaklikheid vir die sosiale en akademiese ontwikkeling en handhawing van die onderskeie inheemse tale. Sodoende word die identiteitsbesef aangesterk en gevestig in Afrika, 'n voorbeeld van 'n multikulturele samelewing in meeste van haar lande. Hierdie rol wat woordeboeke kan speel, is van uiterste belang in die bevordering van wedersydse respek en begrip onder die onderskeie taalgebruikers van hierdie komplekse vasteland. Die woordeboekspektrum van Afrikaans moet van sodanige aard wees dat vorme uit alle variëteite leksikografies aan bod kom. Dit geld ook troeteltaal as 'n variëteit van Afrikaans.

HOOFSTUK 7

ETIKETTE: TOELIGTENDE FUNKSIE BY WOORDEBOEKE

7.1 Inleiding

Aangesien troeteltaalvorme nog slegs tot 'n geringe mate as standaard beskou en in die sentrale lys van woordeboeke ingesluit word, het dit tyd geword om meer aandag aan die uitbreiding van hierdie komponent te gee en die voordele daarvan te bespreek, soos reeds in die voorafgaande hoofstukke gedoen is. Uitbreiding van woordeskat is in tale 'n noodsaaklikheid omdat daar gedurig vernuwings op vele terreine aan die orde van die dag is. Daar bestaan dus nie 'n rede waarom heelwat meer as die bekende voorbeelde van troeteltaalvorme, naamlik *sus*, *boet* (-ie, -a) nie ook deel van woordeskatuitbreiding kan wees nie. In die navorsing is interessante nuwe skeppinge soos *dingetjie*, *omi*, *moekie*, *soppie* en veel meer gevind. Sulke vorme kan wel opgeneem word in sekere woordeboeke en so deel word van almal se woordeboek- en omgangstaalgebruik. Belangriker is egter dat hierdie vorme per etiket gemerk moet word as behorende tot die troetelvariëteit.

In die data van woordeboeke is daar 'n netwerk van paradigmatische leksikale items wat sekere semantiese verbande verteenwoordig. As gevolg hiervan is baie woorde as't ware familie van mekaar. Deur middel van etikette by sodanige verwante lemmas word die aandag van die gebruiker vroegtydig gevestig op moontlike verskille en ooreenkomste sodat moontlike alternatiewe oorweeg en getoets kan word, voordat 'n gedagte neergeskryf of geuiter word. Taalverleentheid kan so subtiel uitgeskakel word, soos byvoorbeeld in die geval van die gebruik om na iemand se *gesig* as sy *bakkies* te verwys.

7.2 Agtergrond

Volgens Gouws (1988: 4) verwys die term etiket na daardie inskrywings in woordeboekartikels wat as merkers optree om 'n ander inskrywing in die artikel se beperkinge ten opsigte van byvoorbeeld sy stylaard, sfeer en geografiese voorkoms aan te dui. Etiket help verder gebruikers om die gepastheid, al dan nie, van verskillende lemmas vir 'n verskeidenheid gespreksituasies uit te lig. Vergelyk die gebruik van *aai* vir troetel, *aanlê* vir vry of kru taal soos *moers* in 'n normale meningsverskil. Die gebruik van etikette moet egter vir die gebruiker verstaanbaar en onkontensieus wees, want hulle vervul 'n belangrike toeliggende rol van 'n gemoedelike of 'n onvriendelike gesindheid.

7.3 Soorte woordeboeke

In hoofsaak word tussen ensiklopediese en linguistiese woordeboeke met verdere onderverdelings onderskei. In die hoofstuk *Leksikografiese omgewing van troeteltaal* is 'n volledige bespreking van die onderverdelings. Omvattende woordeboeke behoort ook spesifieke inligting oor verskillende soorte etikette te gee. Die gebruik van spesifieke etikette word deur die woordeboeksoort bepaal. By algemene, verklarende en vertalende woordeboeke geld die standaardtaal gedurende die tyd van samestelling, en is etikette slegs nodig om afwykings van die standaardvariëteit te merk. Die afwesigheid van 'n etiket in 'n standaardwoordeboek impliseer juis dat die lemma standaardstatus het. Om hierdie rede kom so min algemene troetelwoorde in sulke woordeboeke voor, soos *ouboeta*, *moekie*, *klossie*.

In preskriptiewe en aanleerderwoordeboeke soos vir tweedetaalsprekers en aanleeders sou meer etikette gebruiksvriendelikheid beslis bevorder. By die keuse van woorde sal 'n etiketmerker aan bogenoemde gebruikers leiding bied ten opsigte van keuses van woorde. Dubbelsinnigheid en verleentheid kan veral in gespreksituasies vermy word. Vir bevordering van 'n gedetermineerdheid om 'n vreemde taal om persoonlike redes aan te leer, sal etikette vir diegene beslis 'n aanmoediging bied. Aansluitend hierby kan die deiktiese funksie van etikette (Gouws 1989: 202) genoem word. Hier dra die etiket by tot die vorming van 'n netwerk tussen 'n lemma en die res van die woordeskat.

7.4 Tipes en funksies van etikette

7.4.1 Inleiding

Gouws (1988: 48) meld dat die inskrywingswyse van 'n etiket per konvensie vasgelê is om 'n onmiddellike aanduiding van die gemerktheid van die inskrywings te bied. Die posisie en merker van die etiket mag in woordeboeke verskil, maar moet in enige tipe deurgaans op 'n eenselwige wyse gehandhaaf word. Afsonderlike woordeboeke maak van verskillende etiketmerkers gebruik, maar dui in een van hul tekste, gewoonlik een van die voortekste, die waardes van die etikette aan.

Pharos gebruik byvoorbeeld verskillende vorms vir kontekste in gebruikstaal. Hulle onderskei tussen

- informeel (infml.)
- formeel (fml.)
- neerhalend (derog.)

- plat (coarse), en vulgêr (vulg.)
- sleng (sl.)
- argaïes (arch.)
- verouderd (abs.)
- geografies (Am., Br., Du.)
- vaktaal - watter soort (agric., gym.).

Die etiket kan voor of ná die betrokke inskrywing geplaas word.

7.4.2 Onderskeid tussen vier tipes etikette

Van die bestaande tipes etikette is daar veral vier tipes wat gebruik kan word om troetelvorme te merk.

7.4.2.1 Temporele etikette word gebruik om 'n chronolektiese afwyking van die standaardtaal onder die aandag te bring. Met hierdie etikette word die tydsduur van en tydsgewrig waarin 'n woordeboekinskrywing afgespeel het, gemerk. Etikette soos *verouderd*, *verouderend*, *obsoleet*, *ensovoorts*, het 'n temporele funksie en behoort in toeligtende aantekeninge deur die leksikograaf verklaar te word (Gouws, 1989: 203). Sommige leksikografe se siening is moontlik dat moderner woorde soos *mammogram*, *holisme* en *epidermis* reeds algemene gebruikstaal is en etikette geen toeligtende rol by hulle lemmas dien nie. Etikette kan aandui of sekere woorde (*stuiwer*, *tiekie* - outydse 3c -, *diekie* - agterste sitplek in 'n oopkapmotor) reeds as outyds maar nog verstaanbaar beskou word, soos verouderde lengtemate (*jaart*, *voet*), inhoudsmate (*gelling*) en ontlenings uit ander tale (*trousseau*). Daar moet deur die betrokke woordeboeksamsteller vooraf deeglik bepaal word in watter mate die verouderde vorme nog bekend en veral gebruiklik is. Verouderde woorde soos *trippens* en *pennie* kom nog in tekste voor en daarom moet woordeboeke daarvan verslag doen. Etikettering is belangrik om die gebruiksbepערking aan te dui. Eers moet bepaal kan word of 'n etiket geregverdig is. Saam met voorbeeldmateriaal is etikette 'n nuttige inligtingsbron vir aanleerders van Afrikaans, besoekers en toeriste.

7.4.2.2 Geografiese etikette merk die ruimtelike verspreiding van lemmas of ander woordeboekinskrywings. Volgens Gouws (1989: 204) moet 'n geografiese etiket in 'n woordeboekartikel deur ander mikrostrukturelemente in dieselfde artikel ondersteun word en 'n leksikografiese oordrag van streek- en dialektvariasie verteenwoordig. Hier word byvoorbeeld etikette soos *dialekties*, *nie - algemeen*, *gewestelik* gebruik. In die jongste tweetalige PHAROS en in HAT 5 word van verskillende etikette gebruik gemaak. In PHAROS word byvoorbeeld na *larie*, 'n onbekende woord, verwys as (Am., infml.). Ook in Afrikaans is *larie* nie juis bekend nie, behalwe miskien in plattelandse streke, maar in HAT 5 word dit verduidelik as (nie algemeen) *kaf*, *onsin praat*. Daar is

geen inligting oor die plek van optekening nie. Troetelvorme is dikwels woorde wat slegs in 'n bepaalde geografiese gebied voorkom. Naas 'n etiket wat sulke woorde merk, as behorende tot die troetelvariëteit sou 'n tweede etiket gebruik moet word om die geografiese beperking aan te dui.

7.4.2.3. *Stilistiese* etikette dui aan of 'n lemma standaardstatus het ten opsigte van styl en ook op watter sosiale vlak dit gebruik word, vergelyk Lombard (1993: 146). Stilistiese etikette is die oorkoepelende benoeming vir 'n uitgebreide aantal etikette. Hier word stylkenmerke soos *verhewe*, *informeel* en *geselstaal* gemerk. Hiermee saam word ook gebruiksfrekwensie, byvoorbeeld *ongewoon*, en 'n aanduiding van posisie op 'n taboehiërargie aangedui, Gouws (1989: 204). Die subjektiewe aard van baie van hierdie etikette bemoeilik die leksikograaf se taak. Aangesien troeteltaal hoofsaaklik persoonlik is, kan dit as 'n nie-standaardvariëteit beskou word. Alhoewel dit nog nie standaardtaal is nie, beteken dit egter nie dat die taalvorme as minderwaardig beskou word nie; hulle is reeds te algemeen in Afrikaans. Voorbeelde wat baie algemeen in omgangstaal voorkom, is *hartlief*, *hartedief*, *poplief* en *dingetjie*. Dit is dikwels vorme wat in informele taalgebruik voorkom en dit moet as sodanig gemerk word. 'n Finer etiketstelsel is dalk nodig, want die leksikograaf se aanduiding moet die werklike taalgebruik betrek en aangevoel kan word as 'n sosiale gradering van 'n leksikale item. Dit is egter van groot belang dat die etikettering objektief moet wees en objektiwiteit word nie deur reëls vasgelê nie, maar is individueel. Volgens Hartmann (1981: 267), deur Gouws (1989: 204) aangehaal, moet "etikettering eerder op die leksikograaf se arbitrêre oordeel berus as op linguistiese benaderings tot taalverskeidenheid".

7.4.2.4 *Informele etikette* is dikwels vorme wat in informele taalgebruik voorkom en moet as sodanig afgemerk word. In die geval van troeteltaalvorme is dit nie net makrostruktuuretikette wat gebruik word nie, maar ook mikrostruktuuretikette. 'n Troetelgebruik kan byvoorbeeld in 'n voorbeeldsin of ander mikrostruktuurinskrywing voorkom waar dit as troetelvorm geëtiketteer moet word.

7.5 Lys met verklarings van etikette

Volgens Gouws (1989) kan etikette 'n onmiddellike inligtingsoordrag-funksie hê. Kommunikasie-sukses kan dus bevorder word. As 'n etiket aandui dat na 'n troetelnaam, byvoorbeeld *Slimmie of Goggie* verwys word, sal die begrip daarvan in 'n gesprek of 'n verhaal in 'n tydskrif heelwat anders geïnterpreteer word. Nuuskierigheid sal moontlik verdere navrae tot gevolg hê of die leeslus prikkel of selfs die leser laat besluit dat die skrywer se skryftalent maar skraal is. Die besoeker sou moontlik wou weet waarop die naam wat intelligensie impliseer, gebaseer is, en of dit dalk as aansporing vir 'n lui leerder beproef word. Sou die kind se intelligensie deur 'n kundige reeds getoets wees om vir die ouers 'n riglyn vir sy/haar verdere opvoeding te bied?

Waar troeteltaalvorme in woordeboeke opgeneem word, kan hulle per etiket gemerk word. Naas die bestaande etikette wat gebruik kan word, sou daar ook nuwe etikette, spesifiek gerig op troeteltaalvorme, ingevoer kan word.

Etikette behoort saam met ander struktuurmerkers in 'n verklarende buitetekst verduidelik te word. Die gebruiker moet daaruit die korrekte objektiewe afleiding kan maak. 'n Volledige betroubare lys van merkers, gewoonlik verskillend vir spesifieke soorte woordeboeke, is noodsaaklik en so 'n buitetekst by alle soorte woordeboeke, soos in die verklarende handwoordeboek HAT 5, sal vir gebruikers interessant en 'n betroubare bron en handleiding wees. Dit kan woordeboekbelangstelling en gebruik van woordeboeke, wanneer benodig as inligtingsbronne, stimuleer en vir sommige navorsingsprojekte en take noodsaaklik maak. Die verfyning van merkers is hier dus ter sake. Vir die gebruiker moet dit duidelik wees wat die presiese implikasie van die optrede van 'n spesifieke etiket is. Waar die etiket 'n negatiewe waarde merk soos by die troetelvorme, *laspos* en *boelie*, kan 'n blokkie met 'n minusmerkie [-] en by 'n positiewe waarde 'n blokkie met 'n plusmerkie [+] gekoppel word.

7.6 Slot

Hierdie addisionele inligting in woordeboeke sal moontlik gebruikers meer bedag maak op gepaste woordkeuses in individuele asook groeps gesprekke. Die hoofdoel van troeteltaalgebruik is juis om op die aantreklike krag in taal opgesluit te fokus. Die vestigingsrol wat etikette hierin kan speel, kan nie misken word nie, en verdien pertinente klem in algemene woordeboeke.

HOOFSTUK 8

BETEKENISASPEKTE VAN TROETELTAALVORME

8.1 Algemene betekenisaspekte

'n Omvattende beskrywing van betekenis is in werklikheid onmoontlik, want elke mens is met 'n individuele ingesteldheid in hierdie verband gebore. De Stadler (1989: 15) wys op hierdie diversiteit van die begrip van semantiek met sy beskouing dat 'n mens sou kon onderskei tussen uitingsbetekenis, maar verder ook tussen deskriptiewe, preskriptiewe, sosiale en emosionele betekenis. Deskriptiewe betekenis het verder volgens De Stadler 'n verband met logika, veral die waarheidslogika wat berus op data uit 'n empiries verantwoordbare ondersoek, veralgemenend in 'n bepaalde omgewing en volledig bespreek. Troetelvorme skakel hoofsaaklik met deskriptiewe emosionele individuele interpretasies wat nie noodwendig logies gefundeer is nie. Hoe bring 'n mens byvoorbeeld die kloutjie by die oor in die volgende voorbeelde: *turksvy*, *gevoelens opkrop*, *hoei-haai*, wanneer 'n mens die verklarende betekenis in 'n algemene woordeboek lees en Afrikaans nie ken nie? Wat troeteltaal betref, sou 'n mens die verhouding tussen buitetalige werklikheid en gebruikstaal kon ondersoek.

Betekenis-komponente van leksikale items bepaal dikwels die semantiese velde waarin leksikale items ingedeel is. Leksikale items se funksie berus op 'n sinchroniese benadering van leksikale betrekkinge wat op grond van hul betekenis met 'n wye verskeidenheid onderskeidings gefundeer is, volgens Lyons (1968: 443). In die geval van troetelvorme en -name val die taalgebruik, wat dikwels in onderskeidende nuanses voorkom meestal in die betekenisdomein van *liefde*. Die aanleiding tot spesifieke keuses berus op persoonlike waarneming van kinders se nabootsing, reaksies op gebeure, voorkeure vir kossoorte of lekkernye, voorkoms, vlei of prys, tugtiging en skertsende spot, maar veral op liefde in verskillende grade geuiter. Meer aandag aan troeteltaalvorme en hul betekenis in algemene woordeboeke kan 'n interessante belangstelling in taalbewustheid tot gevolg hê, veral as dit in skoolleerplanne ingevoeg word.

Volgens Botha (2006: 130) word die begrip van betekenis die raakste beskryf in die samevatting van *Encarta World English Dictionary*: "make understand by experience; to bring understanding to somebody, especially through experience." Hierby sluit WAT Deel 1 se uiteensetting van betekenis aan: "... die begrip of sin wat deur die taal uitgedruk of oorgedra word ... die bedoelde betekenis van die spreker en begrepe betekenis van die hoorder is nie altyd identiek nie." Die volgende sin "Hy is 'n man van aansien" kan verstaan word as 'n aantreklike persoon of een wat groot aansien geniet. Hierdie verskynsel van polisemie kom ook in troeteltaal voor by byvoorbeeld *troepie* as troetelnaam of met die betekenisonderskeiding van 'n klein groepie soldate. Hierdie geval van

polisemie wys dat 'n bepaalde leksikale item een betekenisonderskeiding kan hê wat tot die domein van troeteltaal behoort terwyl die ander betekenisonderskeidinge nie deel van troeteltaal is nie. In hulle hantering van betekenis moet woordeboeke ook hiervan verslag doen.

'n Konseptuele betekenisbenadering is veral relevant in kontrei- en troeteltaal wat intern van aard is en kan verwys na, onder andere, sekere tipiese of eienaardige gewoontes van 'n persoon se handgebare of gesigsuitdrukkinge wat dikwels tot 'n bynaam aanleiding gee. Botha (2006: 133) verwys hierby na Taylor (2002) wie se siening dit is dat dit die taal-wêreld-betekenisrelasie in sekere situasies betrek. Hierdie standpunt toon 'n verband met Lyons (1977: 177) se "referring expression" soos in die geval van troeteltaal wat na liefde, toegeneentheid - 'n besondere verhouding in 'n spesifieke situasie - verwys. Taylor interpreteer taalinterne situasies waarin persoonlike verhoudings setel, as "symptomatic of meaning, not as meaning itself". Vergelyk die mening oor interpretasies in hierdie bespreking waar na menings oor troetelnuanses verwys word. Volgens Mües (1967:15) kon niemand nog tot dusver die werklik omvattende sfeer van betekenis aanvaarbaar verklaar nie, veral omdat dit ten nouste verband hou met onvoorspelbare menslike situasies en hul reaksies in taaluitinge. In troeteltaal is daar ook sprake van uiterlike vorm plus interne gedagte (gevoel) in een woord sigbaar en hoorbaar. "Wesentlich ist, daß es hier nur um zwei Aspekte ein und derselbe Sache handelt, daß das eine nicht um das andere ist" (Mües: 20). Die een betekenis is dus nie afhanklik van 'n ander moontlike interpretasie nie. De Villiers (1975: 71) verwys weer na Antal (1972: 960) en Droste wat glo dat sekere semantiese onderskeidinge binne een betekenis saamhang met die sake waarna verwys word, met ander woorde die sake waarvoor die betekenis gebruik word. Dit geld dan ook troetelname waar na sekere mense verwys word, want hier is die betekenis in besondere mate aan individuele waarneming en ervaring gekoppel. Die invloed van buitestaanders en ander se menings naamlik in spotprente, foto's van ongelukke en beskrywings deur joernaliste en nuuslesers, besprekings deur paneellede by vergaderings asook voorlesings uit eie werke by woordfeeste kan hier ook 'n rol speel. Hieruit vloei dikwels besprekings van wisselende indrukke, bruikbare wenke en wysiginge in persoonlike reaksies, 'n faktor ter sprake by troeteltaal. Besprekings deur woordeboeksamestellers waarin troeteltaal as onderwerp ingesluit sou kon word, kan dalk 'n bydrae lewer om te help met die vestiging van troeteltaal as volwaardige variëteit waarvan die items 'n eie en unieke betekenis het. Konteks en situasies speel 'n buitengewone rol in die gee en gebruik van troetelname en -aksies in gesinsverband.

8.2 Betekenistipes

8.2.1 Leksikale betekenis is 'n oorkoepelende begrip wat hoofsaaklik ter sprake is by aspekte wat met woorde te doen het en dus ook troetelvorme met verskeie vorme, betekenis-skakerings en afwykinge insluit. Leksikale betekenis en betekeniswaarde geld

dus hier ook. Volgens De Stadler (1989: 16) kan die faktor met die ekstensionele definisie van woorde geassosieer word. Dit gaan om 'n definiens waarin al die lede van 'n klas wat deur die definiendum genoem word, gelys is. 'n Mens sou betekenis kon bind aan 'n woord wat in samehang met verskillende elemente in 'n bepaalde konteks gebruik word, soos troetelwoorde in 'n uiting van liefde, sorg, jammerte, simpatie en selfs ontevredenheid en sarkasme ('my engel'). Volgens De Villiers (1983: 176) kan 'n mens verskillende tipes betekenis en waardes onderskei. Die leksikon van 'n taal bestaan uit 'n volle versameling van sy leksikale items. Woorde is een tipe leksikale item. Die ander tipes sluit in stamme en affikse en meerwoordige items soos leenwoordgroepe – *ad fundum*, groepsetsels – *ten spyte van* en vaste uitdrukkings – *klein muisies het groot ore*. Leksikale semantiek rig hom op die betekenis van al die tipes leksikale items asook op die onderlinge betekenisbetrekkinge wat tussen hulle bestaan. Die verklaring van die betekenis van troetelvorme val ook binne die toepassingsterrein van die leksikale semantiek en die weergawe hiervan in woordeboeke.

8.2.2 Referensiële betekenis dui op 'n spesifieke saak in die buitetalige werklikheid soos *Ma(rs)banker*. Dis 'n groot marsbanker wat jy gevang het - 'n spesifieke, soort vis. In die woordeboek word verwys na 'n minder bekende soort vis, byvoorbeeld waar dit voorkom - see, varswater, damme of riviere, wyse van vang (hengel, van 'n boot af) - wat riglyne vir die begrip van die woord is. Die verwysing lei dan na verdere navrae en uitbreiding van taalkennis. Wanneer 'n toeris of vreemdeling navraag doen oor iets of iemand onbekends sal referensies na, onder andere, opvallende gebou- en straatname die persoon op 'n regte spoor vir die bereiking van sy doel kan bring. In troeteltaal lê die verwysingswaarde in die koppeling met mens-, dier- en voorwerpname wat bekendes in die omgewing is.

8.2.3 Deskriptiewe betekenis weerspieël, onder andere, 'n semantiese verhouding tussen taal en werklikheid deur in duidelike en verstaanbare taal na voorbeelde te verwys. Hier gaan dit oor 'n algemene betekenis van 'n woord. Die beskrywing van wie of wat ook al moet sodanig wees dat dit kan lei na 'n suksesvolle bereiking van 'n doel en die navraer se behoefte sal bevredig. Leksikale betekenis kan hier ook soms deskriptief of kognitief wees. Die totale kennis van lemmawaardes moet by die moedertaalspreker 'n teken toon dat daar 'n bewustheid bestaan en rekening gehou word met verwante betekeniswaardes van dieselfde woorde (polisemie) in alledaagse gesprekke aangesien dit 'n normale verskynsel is. Sinne en uitings het ook deskriptiewe betekenis. Volgens De Stadler (1985: 27) is sinne abstrakte uitings en die betekenis is kompleks, want hulle hang saam met wat die spreker wil sê of skryf. Word 'n stelling gemaak of iets bevraagteken?

Interessant in hierdie verband is die volgende stelling deur Hörmann (1970: 305):

“... nach der Autismus-Theorie erwirbt das Kind das Habt ein gewisses Wort zu produzieren bereits durch hören; das sekundäre Reinforcement besteht dann; dass es von sich aus das gehörte Wort nachahmen will und dabei autistische Befriedigung erfährt... die Rolle der imitation nicht unterschätzt werden.” Die siening van Lewis (1963) “Imitation ist wichtig für das Verständnis des Sprachsignals.” (nabootsing skyn belangrik te wees om die spraakklanke te verstaan) sluit hierby aan en geld dikwels in troeteltaal.

8.2.4 Leksikale items - isoleerbaar / koppelbaar

Volgens Eksteen (1978) is die betekenisse van leksikale items enersyds isoleerbaar, maar ook koppelbaar aan ander leksikale items, soos aan *verlange*, *gunsteling*, *liefste*, afhangend van die semantiese kognitiewe situasie of konnotatiewe aard (konteks). In hierdie verband moet die betekenis van troeteltaalitems ook gesien word as gekoppel aan die betekenis van ander items. Op semantiese vlak vertoon die leksikon 'n netwerk van betrekkinge waarby alle leksikale items, ook troetelvorme, betrek word. Van Sterkenburg (*mondeling - Konferensie*, Julie 2008) glo weer “Words in isolation do not have meanings, but great potential of meanings. One has to study structure of meanings which lead to semantic structure.” Troetelvorme se betekenis moet binne die breër semantiese struktuur van die leksikon bestudeer word. Volgens De Villiers (1975: 70) meen die semantikus dat verskeie betekenisse aan een vorm verbonde kan wees wat nie noodwendig betekenseenheid weerspieël nie - soos in die aangehaalde troetelname wat soms ook polisemiese leksikale items is met die troetelwaarde as een van 'n reeks betekenisonderskeidinge.

Elke taal het 'n verskeidenheid leksikale elemente waaruit, onder meer, 'n logiese *woord-verskeidenheid* kan voortvloei wat in verskeie kontekste toepaslik is. In sy beskrywing van *Actual signification of the context* stel Zgusta sy gevolgtrekking soos volg: “The outstanding properties of lexical meaning draw a line between Generality which can be perceived in different Dimensions” (1971: 60). De Villiers (1975: 71) se siening is dat 'n semantikus nie sou meen dat verskeie betekenisse wat aan een item gekoppel word, noodwendig dieselfde waarde sal verteenwoordig nie. Die woord sou polisemies van aard kon wees. Die leksikograaf verwag ook nie duidelike eenheid van betekenis nie, aangesien dieselfde woord in 'n groot verskeidenheid kontekste verstaanbaar is.

Taalgebruikers kategoriseer taaluitinge in elk geval, ook in troeteltaal, as eenders of ongeveer eenders. In vormlik verwante troetelvorme, byvoorbeeld *Poppie* en *Popsie*, bly die gevoelswaarde van toegeneentheid dikwels min of meer dieselfde, hoewel moontlik in graad verskillend deur individue ervaar.

Betekenis kan ook verander as gevolg van toevoeging van verskillende tipes *affikse* aan 'n woord.

- prefiks: ont- (ontwortel)
- suffiks: ...lik, .. (paslik), "ie.. (liefie)
- ambifiks: ge...te (gedoente)
- affiks: ou ...sie (oubasie)

8.2.5 Betekenismomente

Combrink (1990) belig 'n interessante standpunt dat 'n morfeem (die kleinste betekenisdraende taaleenheid) saamgestel is uit verskillende stukkies kennis wat hy "Betekenisdraende momente" noem, waarvan hy 5 onderskei. Combrink onderskei onder meer 'n *emotiewe* betekenismoment wat wel by troeteltaal kan inskakel. Hy voer aan dat, by die gebruik van 'n betekenismoment 'n bepaalde situasie van goed – of afkeuring en selfs onsteltenis soos byvoorbeeld in troeteltaal ter sprake kan wees. As voorbeelde noem hy kru taal en vloekwoorde deur kinders gebruik. Die *emotiewe* betekenismoment van 'n taalskepping sien hy nie as die gevoelswaarde daarvan nie. Dit weerspreek egter nie die feit dat gevoelswaarde elders wyer geïnterpreteer word en tog ook met die algemene gesproke en geskrewe woord 'n duidelike verband toon. Voorbeelde van die siening kom telkens in die bespreking voor en kan in die terugvoering van troetelnaamlyste deur ouers voorsien, gevind word. 'n Mens sou graag menings oor huidige nuwe neigings - soos sogenaamde verskuiwings van betekenis, byvoorbeeld *doos* en *tert* vir 'n meisie met 'n afkeurenswaardige persoonlike reputasie (volgens individuele oordeel) wou hoor. Natuurlik is die konteks waarin dit in gebruikstaal voorkom bepalend ten opsigte van die gesindheid en verhouding tussen die spreker en aanhoorder.

- Opvallend by troetelname in Afrikaans is die invloed van onvoorspelbare gebeure en situasies wat die individu se gevoelservaring óf positief óf negatief kan laat neig, en byvoorbeeld lei tot die gebruik van 'n *fleksiemorfeem*, soos *-tjie*, *-ie*, *-tjiejie*, *-pie*, hoofsaaklik in die beperkte gesins- en familieverband. Blykbaar skep die suffiks 'n gevoel van intenser troeteling. Die mens bly maar in sy diepste wese 'n gevoelsmens. Die Griekwas se Afrikaans wemel byvoorbeeld van *-ie-* en *-tjie-woorde*. Hulle noem 'n troetelnaam 'n "hysnaampie" of "kleinnaam". Van Rensburg (1984: Band I). Dit vorm egter ook deel van hul gewone gebruikstaal. Uit die inligting blyk dit dat die naam by geboorte gegee word en by seuns spontaan die algemene noemnaam word. Die dogters se hysnaampie mag gebruik word tot na die 'hokfase' (inlywing as volwasse genoeg om te trou) wanneer sy 'n doopnaam as noemnaam kry.

- Aan troeteltaal kan selfs 'n leksikale betekenismoment van *flikflootaaal* toegedig word wat sonder negatiewe bybedoeling toegepas word. As 'n meisie se beste vriend haar aanspreek as sy *dommie* wanneer sy 'n ontoepaslike beswaar om te gaan *sokkie* opper met die verskoning dat sy nie 'n *gepaste aandrok* het nie.
- Troeteltaal word ook soms ingespan met 'n leksikale betekenismoment soos in *vleitaal*, om iemand se guns te wen, byvoorbeeld "Hierdie rok pas darem perfek jou vietse lyfie, my engel", wanneer 'n man sy vrou probeer beïnvloed om sy kleurkeuse vir hul nuwe motor te aanvaar. Troeteltaal kan ook 'n leksikale betekenismoment van *omkooptaal* hê wanneer 'n volwassene sy tweejarige seuntjie wil oorreed om sy motor se wielbande te was wanneer hy nie daarvoor tyd of lus het nie.

Benewens reeds genoemde *nuanses* is daar nog vele ander wat tot troetelname aanleiding kan gee of gegee het. Die redes hiertoe kan insluit afwykende voorkoms, geaardheid, voorkeure vir kos, musiek, sport, afleiding, studie, humorsin, ensovoorts; is normaalweg positief en kom by albei geslagte, jonk en oud voor.

8.3 Gidsvrae om gebruikersbegrip van betekenis te evalueer

Die volgende tipe vraag kan by geleentheid aan 'n individu gestel word:

- Watter *betekenis* het die skielike aanhoor van jou baba-troetelnaam deur jou baie siek moeder vir jou gehad?

OF

- Watter *sin* het dit vir jou gehad toe 'n goeie vriend van lank gelede jou vanaf New York bel en op sy spesiale troetelnaam vir jou gelukwens met 'n besondere prestasie, hoewel julle na jul studentedae geen verdere kontak gehad het nie?

Die antwoorde sou natuurlik kon wissel in ooreenstemming met die persoonlikheidseienskappe van die persone aan wie die vrae gerig was.

Die verskeidenheid vrae wat oor betekenis aan individue en groepe gerig sou kon word, sekerlik ook aan ouers in verband met die gee van troetelname, sal 'n interessante verskeidenheid van antwoorde oplewer, met genoeg interessante terugvoering.

8.4 Gevolgtrekking

'n Mens sou moontlik kennis en aanvoeling van taalgebruik kon assosieer met opleiding en werksgeleenthede waaroor net 'n individu beheer het en waarin hy homself moet kan handhaaf. Begrip saam met kennis moet altyd by woordkeuse en taalgebruik, veral ook in troeteltaal, 'n sleutelrol speel.

Woordeboeke is juis hier die sleutel tot almal se taalontwikkeling en taalgroei wat betekenis van hul woordeskat betref. Namate, veral kinders, maar natuurlik ook alle taalgebruikers se waarnemingsvermoë uit nuuskierigheid of noodsaak as gevolg van werksomstandighede ontwikkel en toeneem, speel taalvaardigheid en woordkennis 'n besonder belangrike rol. Veral skoolverlaters en studente kan gerus vir hulself 'n doelwit stel ten opsigte van watter rol woordeboeke as inligtingsbronne wat take en gesprekke betref of selfs wanneer hulle in 'n ontspanningsluim saamkom, kan speel, byvoorbeeld soos in 'n uitruil van streektaal en idiomiekennis. 'n Mens kan jou voorstel hoe luimig 'n ontspanningsessie vir studente met uitruil van *troetelname* kon verloop!

Die feit dat kort kursusse en dinkskrumssessies deur sake-ondernemings, banke, sportunies en soortgelyke beroepe waar saamwerkende groepe mense betrokke is, met gereelde tussenposes, meestal teen hoë koste aangebied word, bring die besef van die noodsaaklikheid van verbeterde taalkennis en woordkennis tuis. By al hierdie geleenthede word hoofsaaklik gepraat en toetse skriftelik afgelê. Kommunikasie in al sy fasette is dus aan die orde van die dag en die mindere of meerdere mate van sukses tydens die sessies of in die opvolging in die werksituasies hang in hoë mate af van die begrip van wat in woorde uitgedruk is. Het die werklike betekenis van wat oorgedra is en verwag word deurgedring? Net resultate in die uitvoer van werkverpligtinge sal as bewyse kan dien. Die relevansie hier met troeteltaal wat, soos reeds telkens in die bespreking geopper, nie noodwendig eroties hoef te wees nie, maak dat die vriendelike aard daarvan nou aansluit by die oordra van kennis en motivering van werkers tot hulle beste diens.

Troeteltaalvorme word algemeen gebruik, maar hulle betekenis is nog selde verklaar. Woordeboeke wat troeteltaalvorme as lemmas opneem, moet kriteria ter sake in die beskrywing van ander woorde se betekenis ook toepas op hierdie weinig behandelde taalvariëteit.

HOOFSTUK 9

BUITETEKSTE IN WOORDEBOEKE

9.1 Inleiding

Die begrip “buitetekste” kan vir die leek misleidend voorkom, want dit gaan juis nie om ’n element buite die inhoud van ’n woordeboek nie. Die doel daarmee is om ’n funksionele bydrae met addisionele inligting oor elemente waarna in die bespreking verwys is, te lewer. Kammerer en Wiegand (1998) voer aan dat ’n woordeboek ’n raamstruktuur vertoon wanneer die sentrale teks aangevul word deur een of meer voortekste asook een of meer agtertekste. Die voor- en agtertekste staan ook as buitetekste bekend. In die bewerking van troeteltaalvorme is die sentrale alfabetiese teks nie altyd die geskikte plek vir die opname en bewerking nie. Daarvoor sou ’n leksikograaf een of meer buitetekste kon gebruik. Die voorkoms en rol van hierdie tekste en hulle posisie binne die struktuur van ’n woordeboek kry vervolgens aandag.

9.2 Tekste in woordeboeke

Inligting oor buitetekste as aanvulling in woordeboeke word uitvoerig deur Gouws (2004: 68) bespreek. Uit die voorafgaande besprekings oor woordeboeke blyk dit reeds duidelik dat die samestelling van ’n woordeboek maar net ’n deel vorm van die hele leksikografiese proses. In die voorafgaande beplanningfase moet ’n konseptuele plan geformuleer en ’n grondige teoretiese basis eers bepaal word. Die gebruikers moet ’n optimale opgawe van inligting aan die spesifieke woordeboek kan onttrek. In die woordeboekplan moet veel meer as ’n opsomming van ingeslote data in ’n woordeboek vervat wees. In die naslaanbron behoort ook inligting oor tekstipes en die plasing daarvan in die verskillende gepaste teksgleuwe te dien as ’n nuttige hulp vir gebruikers. Volgens Gouws (2004: 67) word daar in verskeie algemene tweetalige woordeboeke weinig of geen aandag aan buitetekste gegee nie. Hy wys daarop dat buitetekste as hulpmiddel sal dien om die verspreiding van data in woordeboeke doelgerig te beplan en uit te brei. Sorgvuldige beplanning van die struktuur van ’n beoogde buitetekste is hier ook die sleutel tot sukses in die bereiking van ’n doelwit van leiding aan die gebruiker om verlangde inligting te kan naslaan. Buitetekste moet verder inskakel by die leksikografiese funksies van ’n betrokke woordeboek. Kennis van kommunikasiegerigte en kognitiewe funksies, waarby troeteltaal inpas, is nodig. Hierdie funksionele toevoeging tot woordeboeke kan tot groot voordeel, veral ten opsigte van tydbesparing en taalverryking vir enige gebruiker strek. Die inhoud daarvan moet egter gebruikersvriendelik wees, want vir ’n gebruiker word die sukses van ’n woordeboek bepaal deur die sukses wat hy behaal in die vind van die inligting wat hy soek. Hierdie sukses word nie net

bepaal deur relevante data nie, maar deur verstaanbare maklike toegang tot die vind van sy inligting.

9.2.1 Gedeeltelike / volledige raamstruktuur

Die woordeboeksamsteller kan 'n gedeeltelike of volledige raamstruktuur van verskillende buitetekste ontwerp. Nie alleen die data in 'n woordeboek nie, maar ook die samestelling daarvan kom in aanmerking by die evaluering van die soort woordeboek. Woordeboeke word vir 'n verskeidenheid gebruikers, van leke tot mense in professionele beroepe, saamgestel en teikengroepe moet die bronne as middels tot nuttige gebruik ervaar. Woordeboeke moet verder as draers van tekstipes gebruik kan word en plasing van die tekstipes in verskillende gepaste tekstuele plekke reflekteer. Raamstrukture bied dan plek aan verskillende tekste van 'n woordeboek.

9.3 Die raamstruktuur van woordeboeke en buitetekste

In meer onlangse studies deur leksikograwe en metaleksikograwe word die fokus op die sentrale lys in woordeboeke verplaas na die wyer struktuur van woordeboeke.

Die veronderstelling is dat voor- en agtertekste wat as buitetekste funksioneer die sentrale lys kan komplementeer. Daar word onderskei tussen 'n *gedeeltelike* uitbreiding waar 'n gegewe teks gekomplementeer word deur óf 'n voor- óf agterteks. 'n *Volledige* uitbreiding sluit sowel 'n voor- as agterteks in.


In 'n *gedeeltelike* uitbreiding word die sentrale teks met 'n voor- of 'n agterteks aangevul. In 'n volledige uitbreiding is die volgorde Voortekste – Sentrale teks – Agtertekste.

Die volgende illustrasies dien as voorbeelde van konstruksies:

Gedeeltelike uitbreiding




Volledige uitbreiding



Gouws (2004: 68) wys daarop dat onlangse navorsing in metaleksikografie tot die gevolgtrekking gelei het dat vroeëre aandag aan slegs die sentrale lys in woordeboeke na 'n meer *inklusiewe strukturele benadering* verskuif het. Die sentrale lys kan aangevul word met addisionele inligting in voor- en agtertekste wat as buitetekste funksioneer. 'n Onderskeid tussen primêre en sekondêre strukture bied aan die leksikograaf meer moontlikhede vir besluite oor die verspreiding van data in 'n woordeboek.


In 'n woordeboek met 'n *primêre raamstruktuur* sal daar 'n sentrale teks met een of meer woordelyste voorkom.

9.3.1 Voorbeeld van 'n *primêre struktuur*



In 'n primêre raamstruktuur is die buitetekste voor- of agtertekste van die woordeboek as 'n geheel en nie van een woordelyskomponent of van 'n ander buitetekste nie. 'n Tweetalige woordeboek soos PHAROS sal dus die twee komponente *Afrikaans-Engels – English-Afrikaans* aanbied. Die twee komponente word dan saam as sentrale tekste in een raamstruktuur voorgestel.

9.3.2 Voorbeeld van 'n *sekondêre struktuur*



In die geval van 'n *sekondêre raamstruktuur* word buitetekste aangebied vir een van die tekstuele komponente, byvoorbeeld vir die Afrikaans / Engelse komponent in 'n woordeboek Afrikaans-Engels / Engels-Afrikaans of vir buitetekste. Hierdie buitetekste is nie buitetekste van die woordeboek as 'n geheel nie, maar van een teks in die woordeboek. Daarom vorm dit 'n sekondêre

raam. 'n Buiteteks oor byvoorbeeld *taalvariasie* kan in 'n tweetalige woordeboek meer voorbeelde van troetelwoorde opneem. Sulke buitetekste wat spesifieke temas of items uit die bepaalde variëteit aanbied, kan maklik as agtertekste in die woordeboek opgeneem word. Daar kan die betrokke lemmas óf vir die eerste keer in die woordeboek verskyn, óf uitvoeriger bewerk word as wat in die sentrale teks moontlik is.

In die tekssamestelling van so 'n woordeboek is daar dan 'n primêre struktuur saam met een of meer sekondêre raamstrukture. In 'n agterteks waar byvoorbeeld meer as een woordelys voorkom, word afsonderlike strukture vir elke woordelys ontwerp. Dit kan moontlik vir die gebruiker baie interessant wees, veral in sport waar *rare* name wat nie noodwendig as byname geïdentifiseer kan word nie en nogal algemeen is, in 'n sekondêre raamstruktuur in 'n agterteks in 'n woordeboek verskyn. Volgens koerantberigte kry *gewilde spelers* wat hulle reeds as uitmuntend en haas onvervangbaar bewys het, maklik uitkenbare spelersname soos *Bakkies en Riempies*. Meer inligting oor die rede vir die spesiale nuwe name wat eintlik troetelname word wat gereeld in gesprekke in plaas van die ou bekende noemname voorkom, kan in buitetekste aangebied word en sal beslis vir rugbygeesdriftiges 'n bonus wees. Daarmee word dan ook 'n taalbewustheid gekoppel aan 'n spesiale gevoel van óf bewondering óf teleurstelling, soos deur troetelname ook verwoord. Die gevoelsaspek bly trouens in troetelvorme die woordpadwyser.

In die inhoudsopgawe van sodanige buitetekste kan die gebruiker die toegangsroete na die relevante onderwerp in die buitetekste vind. 'n Buitetekste in 'n algemene Afrikaanse woordeboek kan so ook inligting oor troetelname vir taaluitbreiding byvoeg. Daarmee kan die dataverspreidingsstruktuur die soeke na inligting, vir die verbruiker minder tydrowend en gebruiksvriendeliker maak. Die gebruiker se oplossings vir sy probleme en gebruiksheidsleiding bly die belangrikste. 'n Duidelike struktuurgerigte benadering wat op sowel die woordeboek as sy ingeslote data klem plaas, lei tot die beste tipe inligtingsbron.

9.3.3 Gebrek aan woordeboekcultuur

Die gebrek aan 'n algemene woordeboekcultuur by die meeste gebruikers van Afrikaans laat die feit nie tot hul deurdring dat sukses van woordeboekraadpleging nie bloot deur die ingeslote data bepaal word nie. Die kwaliteit, toegang tot strukturering en inligting oor verlangde kennis is voorvereistes en bepalende faktore vir 'n suksesvolle resultaat. Hierdie nuttige aanvulling kan ten dele deur buitetekste voorsien word.

Deur die ontwerp van raamstrukture word die fokus van die belangrike sentrale lys in woordeboeke ook op die wyer struktuur van woordeboeke geplaas. Die veronderstelling is dat raamstrukture se buitetekste die sentrale lys sal aanvul, soos uiteengesit. Die aanvulling kan meer of minder ekstra

inligting bied deur óf 'n gedeeltelike uitbreiding waarin na 'n voorteks of agterteks plus die hoofteks verwys word, óf 'n volledige aanvulling waar voorteks, hoofteks en agterteks ingesluit word.

Tipes data wat in buitetekste aangebied sou kon word, kan, onder meer, die volgende insluit: vorms van begroeting en afskeid, voetbewegings, dansbewegings, maniere van eet, mate en gewigte, lyste van taalname, lande en inwoners, ensovoorts.

'n Buiteteks is 'n ideale plek vir die leksikografiese aanbod van talle troeteltaalvorme wat nie tot die algemene gebruikstaal behoort nie en nie kandidate vir lemmatisering in die sentrale teks is nie. In 'n woordeboek kan woorde wat as troetelname gebruik sal kan word, ingevoeg word met *redes* vir sodanige aanbeveling. Die gebruiker kan dan na 'n buitetekste verwys word vir meer data as aanvulling by 'n bewerking van 'n artikel in die sentrale lys. Die meegaande lys voorgestelde troetelname is uit terugvoering deur respondente gehaal.

Die volgende voorbeelde daaruit dien as illustrasie.

- *Bokkie* - algemeen by ouers, jongmense en getroude pare
- *Lollo* - deur kleuters, probleem van uitspraak
- *Bakkies* - by vriende en ouers na aanleiding van gesigvorm
- *Blondie* - afgelei van haarkleur
- *Mina* - verkorting van noemnaam Minuette
- *Kleintjie* - in gesin, onderskeid tussen twee gelyksoortige doopname, soos Willem / Daniël en net Willie
- *Lukie* - aangename persoonlikheid en maklike uitspraak
- *Babbels* - iemand wat baie praat
- *Seun* - dikwels by ouers wat net een seun het, maar 'n paar dogters
- *Tiekie* - klein gebou

Die meeste algemene woordeboeke fokus in hul data-aanbod egter ongelukkig slegs *op die sentrale lys* en maak soms nie eens gebruik van 'n buitetekste nie, ten spyte van die addisionele inligting wat daarin opgesluit kan word en dus as kennisbron 'n nuttige bydrae tot 'n woordeboek as betroubare verrykende inligtingsbron kan lewer. Gouws (2004: 77) verwys na die *Groot Woordeboek* van Van Dale saamgestel vir Nederlanders, waar daar in 'n buitetekste lemmata verteenwoordigend van beide kennis- en kommunikasiegerigte voorbeelde van, onder meer, woorde gebruik ter aanduiding van mate en gewigte ingesluit is. Die eksterne toegangstruktuur - die soekroete - is veral vir aanleerders, selfs ook vir jong kinders, ouers en besoekers, van groot waarde en bevorder woordeboekgebruik. Juis daarom is aanduiding van inhoud in buitetekste en 'n inhoudsopgawe, soos deur Gouws aanbeveel, baie nuttig en rigtinggewend. Troetelvorme kan met

sukses in 'n buitetekste aangebied en bewerk word. Leksikograwe besef dus dat so 'n benadering 'n aanvaarbare tendens in moderne leksikografie verteenwoordig.

Dit sou dan ook ten opsigte van 'n buitetekste vir name wat in werklikheid troetelname is, geld. Dit is veral die geval in skoolwoordeboeke vir die verskillende grade, maar ook van belang by bemarking van woordeboeke, wanneer die buitetekste onder die aandag van die gebruikers gebring sal kan word. Hierdie struktuur bied aan die leksikograaf 'n breër ruimte vir die keuse van data vir insluiting. Daar kan deur die leksikograaf besluit word of, byvoorbeeld troeteltaalvorme, wat met artikels in die sentrale lys in 'n woordeboek saamhang, in 'n buitetekste verstrek gaan word. Tekste van selfs 'n spesifieke subseksie van 'n afdeling in, onder andere, troetelnaamgewing vir *babas* kan ook geskep word. 'n Subseksie vir aanvaarbare name vir liggaamsdele deur kinders self gebruik soos *pypie* vir *penis*, *bekkie* vir *soen* kan hierby ingesluit word.

Oorwegend raadpleeg woordeboekgebruikers uit spontane gewoonte gewoonlik eerstens die inskrywings in die *sentrale lys* van ingesamelde data in algemene Afrikaanswoordeboeke (een- en tweetalig). Hulle besef nie dat die toegang tot die suksesvolle vind van benodigde inligting ook deur ander faktore bepaal kan word nie. Hierdie faktore kan in voor- en of agterbuitetekste genoem en verduidelik word. Die gebruiker vind dan gouer nuttige kennis wat die vind van die oplossing van probleme bespoedig. Met die gebruik van gedeeltelike of volledige raamstrukture saam met buitetekste by verskillende tekssamestellings en tekssoorte in woordeboeke kan die teiken-gebruiker baat ten opsigte van die vinniger vind van verlangde inligting. 'n Gedeeltelike raam lei 'n gebruiker na 'n bepaalde teks waarby óf voor- óf agtertekste voorkom. By 'n volledige raamstruktuur komplementeer sowel voor- as agtertekste die sentrale teks. Die illustrasies soos aangetoon, kan ook in aangepaste sketse op ander onderwerpe toegepas word, byvoorbeeld waar gesins- en streektaal - die gewone terreine vir troeteltaalgebruik - bespreek en uitgelig wil word. Aangesien die gebruik van troetelname nou met estetiese en persoonlike voorkeure saamhang, kan met 'n opsomming van troetelname wat tot nog toe deur sommige mense as rassisties geïnterpreteer word, soos *kaffer*, *meidjie* en *klonkie* en 'n verduideliking dat hulle uit streekterugvoering verkry is, onsekerhede in die kiem gesmoor word.

Die buitetekste bied aan die leksikograaf die geleentheid om 'n bepaalde troeteltaalvorm in veel meer besonderhede te bespreek. Die aangehegte lys in Bylaes 1 en 2 van gelewerde troetelname sluit hierby aan.

9.4 Beplanning van buitetekste

9.4.1 Geïntegreerde en ongeïntegreerde buitetekste

Die beplanning van buitetekste en die keuse van ingeslote data in hierdie tekste moet 'n integrale deel van 'n woordeboekplan vorm. Gevolglik moet die keuse van ingeslote data in die beoogde buitetekste met groot sorg bepaal word om seker te maak dat die keuse van inligting funksioneel in die struktuur inpas en volgens die tipologiese aard van 'n woordeboek beplan is. Volgens Gouws kan tussen *geïntegreerde* en *ongeïntegreerde* tekste onderskei word. *Ongeïntegreerde* buitetekste komplementeer die sentrale lys, maar dra nie by tot die bereiking van die werklike doel van die woordeboek nie. 'n Leksikograaf kan byvoorbeeld grammatiese data in 'n artikel beperk. Miskien vind die leksikograaf dit beter om in 'n buitetekste 'n meer uitgebreide en sistematiese bespreking van relevante grammatiese feite as van meer praktiese onderrighulp in te sluit, veral in skool- en aanleerderwoordeboeke. 'n Geïntegreerde buitetekste sal hier ter sprake wees. Gebruikers kan dan by 'n artikel in 'n woordeboek verwys word na die betrokke afdeling in 'n spesifieke buitetekste waar data verstrekkend word om die gebruiker te help om die probleem gouer op te los. Daar kan ook gereken word dat dit beter is om idioome nie in 'n sentrale lys in te sluit nie en liever na 'n aparte buitetekste uit te faseer. 'n Gebruiker hoef dan nie spesiaal 'n idioomeboek vir 'n geringe onderdeel van 'n skriftelike of mondelinge probleem te raadpleeg nie, maar kan dit byderhand in sy woordeboek-buitetekste vind. *Geïntegreerde* buitetekste funksioneer in koördinasie met die sentrale lys en help verseker dat die optimale en volledige oordrag van informasie plaasvind en die werklike doel van die woordeboek bereik word. In die geval van 'n buitetekste met 'n minigrammatika kan 'n tabel van kodes saamgestel word en die gebruiker in artikels in die sentrale teks met behulp van so 'n kode na die betrokke buitetekste verwys word. So 'n buitetekste dien as 'n geïntegreerde buitetekste, want dit komplementeer nie slegs die sentrale lys nie, maar vorm ook 'n funksionele deel van die leksikografiese bewerking van die lemmata. Hierdie buitetekste dra wel by tot die wyse waarop 'n onderwerp in algemene tweetalige woordeboeke en skoolwoordeboeke behandel en verstaan sou kon word.

Troetelvorme uit die gebruikstaal vanaf respondente ontvang, behoort dus vir opname en bewerking in buitetekste *oorweeg* te word alhoewel die woorde nog nie as standaard geag word nie. Tog is vele vorme reeds in die oorkoepelende bespreking genoem en daar is gewys op die bekendheid en spontane spreektaalgebruik daarvan in uiteenlopende gemeenskappe.

Verskeie voorbeelde van respondente en voorstelle vir moontlike troetelname geniet nog nie standaardstatus nie. Hulle vorm dus nog nie deel van die sentrale lys van 'n woordeboek nie, en is nie in algemene Afrikaanse woordeboeke ingesluit nie. Hulle lewer ook nie 'n bydrae tot die samestelling van 'n woordeboek nie. Die gebruik van 'n buitetekste sal help om die werklike

funksionele waarde van woordeboeke te verhoog. 'n Buitetekst in 'n woordeboek is van praktiese hulp, veral in navorsing en oordrag van informasie vir die gebruiker om volledige inligting oor taalgebruik in die verskillende landstreke, omgewings en ouderdomsgroepe in die tyd van insameling van voorbeelde te verkry. Ook die leksikograaf sal vir die samestelling van sy sentrale lys van sy beoogde woordeboek moontlik nuttige aanvullers van inligting hier vind. Aangesien gebruikers prioriteit moet geniet in die aanbieding van inligting in woordeboeke, hang die sukses van publikasies af van die verstaanbaarheid en toepaslikheid van die aard en inhoud, opgestel volgens die behoeftes van teikengroepe. Hiermee word 'n verhouding tussen gebruikers met 'n suksesvolle woordeboek geskep. Die gebruiker sal meer sekerheid oor toepassing van sy gebruikstaal kan ervaar as hy skriftelike voorbeelde van troetelvorme in erkende woordeboeke ontdek en inligting oor die werklike bestaan en gebruik van troeteltaal kry, met ander woorde, dat dit in gewone omgangstaal ook algemeen voorkom. Die stelling kan hier met voorbeelde gedemonstreer word met *Boet en Sus* wat reeds in Standaardafrikaans erkenning geniet. Buitetekste kan hier baie bydra om troeteltaal as variëteit van Afrikaans onder gebruikers se aandag te bring.

Daar word verder ook onderskei tussen primêre en sekondêre raamstrukture. Vir hierdie verwysing na buitetekste geld 'n primêre struktuur.

9.5 Die funksies van buitetekste

Buitetekste moet ook sekere leksikografiese funksies bevredig.

9.5.1 Kognitiewe funksies

Wanneer 'n gebruiker byvoorbeeld 'n spesifieke troetelnaam soos *engel* in 'n woordeboek soek, moet in gedagte gehou word dat die konteks bepalend is. Daar sal hier tussen verskillende funksies onderskei moet word, naamlik tussen *kognitiewe en kommunikasiegerigte kontekste*. Die *kognitiewe funksies* sluit in:

- algemene kulturele en ensiklopediese data,
- spesiale data oor die bepaalde onderwerp onder bespreking, soos *troeteltaal*,
- data oor die taal onder bespreking, naamlik *Afrikaans*.

Dit is dié tipe data wat dikwels ten opsigte van troetelvorme nodig is. Die kognitiewe funksie moet deur bewerking van troetelvorme ook in buitetekste bevredig word.

9.5.2 Die kommunikasiegerigte funksies omvat 6 kategorieë, waarvan net drie in hierdie bespreking ter sake is, naamlik:

- die teksbegrip in die spesifieke taal, Afrikaans
- die teksproduksie in 'n spesifieke taal
- vertaling uit Engels / 'n ander taal byvoorbeeld Xhosa en Duits, in Afrikaans soos soms in troetelname, byvoorbeeld *Lulu na Loeloe* wat *dissipline* beteken, *Schatz na Skat*, *Boytjie na Seun*.

Die funksie van 'n buitetekst word deur sowel die gebruikers daarvan as die situasie waarin dit toegepas word, bepaal. Veral die situasie of konteks moet 'n definitiewe invloed op die ingeslote dataverspreiding asook die doel van die ingeslote buitetekst hê. In hierdie geval is dit die bewusmaking van die aanwending van troeteltaal en spesifieke betekenis daarvan in algemene Gebruiksafrikaans. In 'n woordeboek oor byvoorbeeld kontreitaal, soos *Ghantang* sal daar inligting oor die oorsprong en ontwikkeling van die onderwerp verwag word, dit wil sê 'n kognitiewe funksie. 'n Funksionele verband met verwysing daarna in 'n kennisgerigte buitetekst wat nog nie oor troeteltaal bestaan nie en waarvoor 'n inhoudslys vir die teks opgestel sal moet word, word dan so geskep. In 'n omgewing waar multifunksionele woordeboeke nodig is, soos in die meeste Suid-Afrikaanse streke, word die behoeftes van verskillende groepe gebruikers wat geraadpleeg is, aangespreek, naamlik Afrikaans en Engels. In tweetalige woordeboeke word tradisioneel gefokus op vertaalekwivalente saam met konteksinsligting wat die gebruiker kan help om die gepaste woorde in verskillende situasies te kies, dit wil sê teksproduksie. Hier sal 'n buitetekst met troetelvorme by die funksie van die woordeboek moet aansluit. Waar slegs 'n vertaalekwivalent of betekenisverklaring gesoek word, is bevrediging van die teksbegripfunctie voldoende.

9.5.3 Voorbeelde van relevante agterbuitetekste by troeteltaal

Die empiriese insameling van troetelvorme bied in hierdie bespreking 'n bruikbare basis vir die samestelling van een of meer buitetekste van 'n woordeboek. Soos in 'n buitetekst van hierdie aard verwag word, is die onderwerp kultureel van aard omdat troetelwoorde deel is van die algemene Afrikaanse woordeskat. Die bykomende inligting byderhand in 'n buitetekst kan dus die breë omvang van die woordeskat beklemtoon en die gebruik daarvan bevorder.

Daar kan onderverdelings van verstrekte inligting in die volgende subtekste van hierdie relevante buitetekst onder die aandag gebring word.

- Subteks vir baba- en kleutername saam met moontlike betekenis
- Subteks vir tieners en jongmense
- Subteks vir seniors

- Subteks vir nuwe skeppinge
- Subteks deur leerlinge by skoolopname verstrek.

'n Buiteteks “*Troeteltaalvorme*” kan 'n komplekse teks wees met verskillende subtekste. 'n Sekondêre raamstruktuur soos aangetoon kan gebruik word om aan die teks 'n eie inhoudsopgawe (as voorteks) en selfs een of meer agtertekste wat ter sake is vir toeteltaal te gee.

9.6 Gevolgtrekking

In hierdie redelik verteenwoordigende oorsig van buitetekste, wat in die bespreking van troeteltaal ingesluit is, is daar 'n aaneenskakeling van elemente wat die waarde van die wenslikheid van die tekste vir die gebruiker van algemene woordeboeke beklemtoon. Klem is gelê op die feit dat woordeboeke vir spesifieke gebruikers saamgestel word, en hulle gevolglik behoort te kan help om die optimale aanbieding van inligting vir probleme te kan vind. Nie slegs die data in 'n woordeboek nie, maar ook die struktuur en verspreiding van die inskrywings daarin bepaal die kwaliteit en sukses van die publikasie. Wanneer 'n woordeboek getakseer word, word 'n direkter fokus op 'n struktuurgerigte benadering aanbeveel.

HOOFSTUK 10

EVALUASIE VAN OPNAME VAN LEERDERS IN GRADE 7 - 12 SE KENNIS VAN TROETELTAAL EN WOORDEBOEKE

10.1 Inleiding

Om 'n evaluering van die huidige stand van kennis en gebruik van algemene woordeboeke en van die lemma *troetel* in alledaagse gebruikstaal te kon daarstel, veral by kinders, is 14 skole se leerders betrek deur middel van 'n proefvraelys. Skoolhoofde en leerkragte is vooraf geskakel om hul samewerking te versoek, die rede daarvoor te verduidelik en hul goedkeuring te verkry. Goeie samewerking het gevolg en terugvoering van 'n totaal van 975 leerders uit 12 skole is ontvang. Die volgende bespreking is op hierdie inligting geskoei. Die interpretasie van die bevindinge van hierdie ondersoek word nie gebruik vir empiriese navorsing nie, maar net om op informele manier die bestaan van sekere tendense te noem en te bespreek.

10.2 Proses en motivering

Daar is aan skoolhoofde en Afrikaanse leerkragte van 'n paar hoër- en laerskole persoonlik, telefonies en per faks (waar moontlik), die doelwit van hierdie opname verduidelik. Leerders moes 'n kort proefvraelys oor hul kennis van die woord *troetel* asook *gebruik van woordeboeke* as bron van inligting en taalbevordering persoonlik skriftelik beantwoord.

Die baie pertinente versoek was egter dat die verantwoordelike leerkragte, deur die skoolhoofde gekies, vooraf die vraelys met die leerders moes bespreek en deur middel van eenvoudige voorbeelde uit die huidige alledaagse spreektaal geneem, moes verduidelik. Hieroor was daar ongelukkig nie enige beheer nie, behalwe kontrole deur die aangewese leerkragte en raadpleging deur hulle met die skoolhoof, indien so gereël. Die terugvoering moes egter die menings van die leerders, sonder inmenging van 'n leerkrag wees. Ook die toepassing van hierdie versoek kon nie werklik beheer word nie.

Aan die skoolhoofde is 'n skrywe gerig om die doel met die opname te verduidelik en 'n versoek te rig om verlof vir die samewerking van sy leerkragte. Hierdie addisionele opdrag deur hom sou inbreuk maak op sy leerkrag(te) se onderrigtyd. Die doelstelling hiermee was motivering vir positiewe reaksie en nuttige toepasbare inligting. Dit was ook noodsaaklik vir verteenwoordigende bronne in verskillende skole in plattelandse areas en in dorpskole waarna in die evaluasie verwys kon word. Die proses is per padvervoer en telefonies of per faks afgehandel.

Ook aan die betrokke senior leerkrag, aangewys deur die skoolhoof, is in 'n aparte skrywe basiese leidrade vir die verduideliking aan die leerders voor die stel van die taak en uitdeel van die vraelys ingesluit. Die besluit dat die opname anoniem, insluitende name van skole, skoolhoof, betrokke personeel en leerders, vertroulik sal bly, is deurgaans gehandhaaf.

Daar was dan ook geen navrae deur leerkragte, skoolhoofde en leerders oor enige onsekerhede nie. Bewyse van moontlike pligsversuim deur leerkragte ten opsigte van verduideliking en duidelike praktiese voorbeelde kon moontlik as rede vir onvolledige voltooiing deur sommige leerders, soos uit aangehegte terugvoering blyk, as staving vir hierdie indruk aangevoer word. Dit mag wel wees dat sommige leerkragte nie na steekproewe uit die terugvoerings gekyk het nie en nie bewus was van onvoltooide en swak antwoorde wat geen begrip getoon het nie. Sommige skole het self afskrifte van die vraelys gemaak, wat moontlik nie vir volledigheid gekontroleer is nie, maar aan ongeveer 80% moes die beoogde getal vraelyste, bereken volgens die getal leerders, wat betrek is, voorsien word.

10.3 Doelstellings

Die woord *troetel* kom as lemma in verskeie Afrikaanse woordeboeke voor soos in besprekings van al die verskillende hoofstukke verwys is, maar tot nog toe is troetelwoorde nog nie as standaardtaal erken nie en is daar nog nie 'n omvattende opname in streke en by etniese groepe landswyd onderneem nie. Daar moes nagegaan word of die woord *troetel* bekend is, of die verskynsel van troeteltaal en die gebruik daarvan bekend is en of woordeboeke en woordeboekgebruik 'n rol speel in die vestiging van troeteltaal. Indien 'n algemene woordeboekkultuur en -gebruik gevestig kan word, sal ook troeteltaal beter onder die aandag van taalgebruikers kan kom.

Belangstelling van linguïste oor hierdie benadering behoort dus gestimuleer te word. In definieë is die gevoelswaarde nog nie genoegsaam in breë trekke belig nie, soos byvoorbeeld positiewe nuanses wat blyk uit benaminge as troetelname skertsend bedoel in *dommie*, *aap*, waarna in die bespreking van naamgewing verwys is. *Aap* is wel as standaardtaalitem in woordeboeke opgeneem, hoofsaaklik semanties negatief, naamlik as *dom mens* en dus nie in vertroetelende sin waarin moeders die woord dikwels gebruik nie. Die doelstelling met hierdie opname was juis om die waarde van troetelname se krag in gebruikstaal te onderstreep, veral waar dit by intieme verhoudinge, soos moeder-kind, voorkom.

Die hoofdoelstelling van die vraelys met die klem op die waarde van woordeboekgebruik en die opskerpings van 'n bewustheid van die kennis in hierdie boeke opgesluit was dat hierdie doelwit deur skoolonderrig bereik kan word. Met gereelde woordeboekgebruik volgens 'n vaste rooster in

elke skool se program moet so 'n dissipline gevestig word. In die opname is die gee van woordeboeke as geskenke aan hul kinders en leiding in gebruik daarvan sterk aanbeveel. 'n Omvattender opname met verduidelikings sal beslis meehelp om hierdie doelwit te bevorder.

Die motivering vir die gebruik van 'n vraelys was om in die vroegste opvoedingstadium die persoonlike response van kinders (heel jonk en tot sowat 18 jaar) eerstehands te verneem en te gebruik vir die vestiging van 'n taal- en woordeboekkultuur. In die huidige tydsgewrig word invloed van ander taalvorme, veral van Engelse woorde, byvoorbeeld *fabulous*, *stunning*, 'n algemene hedendaagse verskoning om verskeie redes, wat moontlik spekulatief mag klink. Redes kan wees dat die woorde wat so algemeen in gewone spreektaal voorkom, die taalgebruiker belangrik laat voel of dat hy / sy te lui is om die Afrikaanse woorde te vind. Tog bestaan daar reeds erkende beskrywende Afrikaanse woorde, naamlik *ongelooflik* en *pragtig / puik* in tweetalige woordeboeke. Boonop word Engelse woorde oral algemener soos *nice* wat *plesier* aandui terwyl Afrikaans reeds die gewilde woord *lekker* het wat eintlik as 'n *troetelwoord* beskou kan word, omdat klein en groot maklik met hierdie woord positief tot 'n handeling oorreed kan word. Uit terugvoering na die afgehandelde opname was dit opvallend hoe gevestig *nice* en *cool* reeds by graad VII is, spekulatief moontlik in na-aping van ouer kinders en volwassenes. Met die vraelys en verwagte opvolging deur leerkragte word die twee woorde hopelik minder algemeen in gebruikstaal.

Getal Skole geskakel: Primêr 5
Sekondêr 7

Getal leerders betrek: 985

10.4 Hoofdoel met die proefopname

Die hoofdoel was om vas te stel of en in watter mate die gebruik en betekenis van die woord *troetel* en van troeteltaalvorme vervaag of selfs heeltemal verdwyn het uit die aktiewe taalgebruik van die huidige skoolgaande jeug in primêre en hoërskole en of die gebruik van *woordeboeke* deur leerders en skoolpersonele nog 'n beduidende rol speel.

10.4.1 Kommentaar deur leerders op 'n nie-amptelike vraelys oor kennis en gebruik van troetel

Troetelname, hoofsaaklik binne gesinsverband of vir vriende, bestaan eintlik nie meer nie. Slegs ongeveer 3% van die respondente op die vraelys ken die woord *troetel*. Die res het slegs die bewerking in 'n woordeboek oorgeskryf. Sommige het nie eens die vraag beantwoord nie, moontlik omdat hulle dit nie nageslaan het nie. Die ma's, en in enkele gevalle die pa's en grootouers, is

gewoonlik die benoemers. Dit blyk dat die gebruik van troeteltaal meestal voorkom waar 'n besondere ernstige verhouding tussen die twee betrokkenes bestaan.

Verwysings na doopname is minimaal. Moontlik het hier in naamgee vir kinders 'n nuwe tendens ontstaan. Die moderne neiging is in baie gevalle skynbaar om vir kinders net op 'n doopnaam volgens persoonlike keuse te besluit, dikwels afgelei van 'n familienaam wat verkort is soos *Okkie* van *Jakobus*. Tog interessant hier is voorbeelde van kinders algemeen genoem op 'n naam waarmee 'n oupa of ouma bekend was, en wat bloot by hom voortgesit is en waarmee hy en sy vriende gelukkig is. Die doopnaam word en bly 'n noemnaam wat dan ook amptelik geregistreer word, want dit is die naam waarop almal die kind ken. Die noemnaam *Madelein* word dikwels verkort tot *Madie* of *Lientjie* wat dan sommer ook 'n troetelnaam word.

Ouers sal soms 'n troetelnaam, soos *hartjie*, *skat*, *liefie* by die noemnaam voeg, ook dikwels as omkoop- of vleitaal. Ongeveer 25% leerders sal so 'n gevoelsuiting verwelkom en besonder baie daarvan hou. As die behoefte aan meer aandag sterk is, mag sommige die gebruik selfs met hul ma bespreek en word 'n vlammetjie vir troeteltaal gestimuleer en die gebruik van Engelse leenwoorde minder.

Slegs een verwysing na 'n *baba* in 'n troetelverband kom in 'n totaal van 975 antwoorde op die vraelys voor.

Ongeveer 50% hou nie van troetelname nie en sal dit maar net soms (veral in die tienerjare) vir 'n spesiale vriendin of vriend gee. Ongeveer 25% sal 'n troetelnaam vir *katte* en *honde*, *gunstelingbesittings* of selfs vir 'n *knipmes van Oupa* of *Pa se motor* gee.

Alhoewel die woord *troetel* by 97% onbekend is, is troetelname waarna in die tesis verwys is en blykbaar in geselstaal algemeen voorkom, gekoppel aan 'n positiewe gevoel naamlik, *Liefie*, *Skapie*, *Poppie*, *Liefkind*, *Gogga*, *Skattebol*, *Boeta*, *Blommie*, *Ghantang*, *Hartjie*. Die volgende name is egter feitlik 90% vreemd: *Kanoesie*, *Ghantang* (assosiasie negatief), *Skat* (meestal aan rykdom gekoppel), *Poppie* (meestal vir 'n *plastiek-uitstalmodel*) en word nie met liefde geassosieer nie.

Eufemistiese taalgebruik met die verkleiningsuitgang in noemname, byvoorbeeld *Bokkie*, *Katryntjie*, *Apie*, *Boetie*, is vry algemeen.

Troetelvorme in gebruikstaal is geensins gevestig nie, maar het nog nie heeltemal verdwyn nie en kom hoofsaaklik lukraak voor.

Uit die terugvoering is dit duidelik dat die leerders nie die woord *troetel* ken nie, maar tog sal ongeveer 50% van hulle van 'n *troetelnaam* hou, want dit laat hulle spesiaal voel, byvoorbeeld *Koeka skat, kom help my gou, asseblief*. Die volgende troetelvorme deur respondente verskaf, kan in die bestaande lysie bygevoeg word, naamlik *Kapoenkie, Poenka, Tittie, Tiesie, Pikkie, Tjekie, Nan*.

Die sinonieme verwysing van '*hou van*' en '*lief wees vir*' by ouers en vriende na aanleiding van vrae in verband met troetel kom dikwels voor.

Troetel is verder ook nie met byname geassosieer nie.

10.5 Gevolgtrekking

Met hierdie opname is 'n kringloop in hierdie tesis voltooi. Die uitgangspunt in die hoofstuk oor *Oorsprong in Aansluiting by Antieke Tale* - is dat troetel ten nouste met liefde saamhang. As regverdiging vir hierdie standpunt is tot v.C. - tye teruggegaan en bewyse gevind. In hierdie pas bespreekte komponent is bewyse van die interpretasie van troetel deur 'n veel jonger geslag gesoek en gevind. Liefde en omgee deur ouers en vriende was hier nog steeds die fokuspunt. Met verloop van tyd en weens veranderde leefwyse is dit logies dat die basiese patroon van die raamwerk van mense se lewens, taal en gewoontes in die algemeen wysiginge sou ondergaan. Hierdie opname skep die indruk dat troeteling deur middel van troetelname nie meer in die babastadium algemeen is nie, maar na gebruikname verskuif het. Die hoofindruk van nader aan die oppervlak in hegte verhoudinge is afileibaar. 'n Mens kan die standpunt vergelyk met 'n siening van die Duitse filosoof Kant in J. Gaarder se *Sophie's World*: "... there are certain conditions governing the mind's operation which influence the way we experience the world ..." - 'n aanvaarbare logiese verloop.

'n Mens wonder tog of sommige van die leerders by hul ouers sou gaan navraag doen oor troetelname se afname, die redes daarvoor en hul kennis van die woord. 'n Heropname na ongeveer 10 jaar sal heel interessant wees!

10.6 Terugvoering oor kennis en gebruik van woordeboeke

Uit die navorsing blyk dat leerders woordeboeke om die verkryging van hulp op die volgende gebiede gebruik: spelling, vertaling, woordeskat, hulp met skooltake en mondelinge eksaminering.

100% van die betrokke leerders weet van verskillende soorte woordeboeke wat hulle reeds hanteer het, meestal in opdrag van die leerkrag of in baie min gevalle uit vrye wil. Hierdie beperkte gebruik kan toegeskryf word aan die feit dat persoonlike besit 'n uitsondering is.

Dit skep die indruk dat woordeboeke, hoofsaaklik tweetalig, in die taalklaskamers in die meeste skole wel beskikbaar is. Die aantal en soorte sal vanselfprekend in ooreenstemming met die graadindeling en omgewingsomstandighede wissel, soos taalvaardigheid, naslaanvaardigheid en bekostigbaarheid. Dit blyk egter dat *HAT 5* en 'n *Tweetalige skoolwoordeboek* algemeen in die klaskamers opvallend geplaas en maklik bereikbaar is. Die hantering van woordeboeke - hoe om 'n woord na te slaan - is verduidelik, en die ordening in alfabetiese volgorde nuttig gevind, hoewel daar duidelike tekens was dat die kennis van die lettervolgorde gebrekkig is en 'n naslaanopdrag van 'n woord vertraag. Daar behoort wel meer aandag aan naslaanvaardigheid in die skoolprogram ingeruim te word.






Diagram gebaseer op terugvoering op volgende relevante vrae in vraelys:


1. Het jy al ooit 'n woordeboek gebruik?
3. Het die woordeboek jou gehelp om die probleem op te los?
4. Sal woordeboeke jou in jou skoolwerk kan help?
5. Het jy 'n troetelnaam?
6. Sal jy hou daarvan om 'n troetelnaam te hê?
7. Wil jy graag 'n troetelnaam vir iemand of iets gee?
8. Het jou familie of vriende jou al op troetelname genoem?
9. Besit jy self 'n woordeboek?



- 1.1 Het jy al 'n woordeboek gebruik?
3. Het die woordeboek jou gehelp om die probleem op te los?
- 1.3 Verklarende woordeboek of tweetalige woordeboek?



7. Het jy 'n troetelnaam?
9. Sal jy daarvan hou om 'n troetelnaam ('n spesiale naam net vir jou) te hê?
10. Wil jy graag 'n troetelnaam vir iemand of iets gee?



1. Het jy al 'n woordeboek gebruik?
Verklarende woordeboek of tweetalige woordeboek?
2. Hoekom? Watter van die volgende was jou redes?
Vertaling of Spelling?
15. Besit jy self een van die volgende twee woordeboeke?
'n Verklarende Afrikaanse Woordeboek
'n Tweetalige Woordeboek

(Sien “Bylae 3: Vraelys: Leerders” op bladsy 120)

10.6.1 Woordeboekgebruik deur leerders

Uit die navorsing blyk dat leerders woordeboeke om die verkryging van hulp op die volgende gebiede gebruik soos aangedui in die grafieke:

- SPELLING 100% Dit lyk amper of ons terug is by die heel begin van Afrikaans van 'skryf soos jy praat'.
Voorbeelde: ... *voute*, *verbeeter*.
- VERTALING 90% As gevolg van gebrekkige taalkennis, van beide tale.
- VERKLARING 90% Vertaling en verklaring was vir die meeste leerders verwarrend en is beslis nie deur leerkragte met voorbeelde verduidelik nie.
- HULP MET SKOOLTAKE 50% Waarby bogenoemde behoeftes asook woordeskat hoofsaaklik geld.
- WOORDESKAT 25% Nog nie verbind met verbetering van Taalvaardigheid nie. Woorde as vreemd aangedui sluit in *forum*, *ambisie*, *ekstase*, *eksklusief*.
- MONDELING 80% Belangrik, want dit skakel met uitspraak in eksamens en dus, slaag of druip.
- KOMMUNIKASIE 60% belangrik, wanneer hulle werk soek.
- BESIT VAN EIE WOORDEBOEK 1%

'n Mens kan verstaan dat een skool 'n *Woordelys en Spelreëls* as *Woordeboek* in die taalklaskamer by ander woordeboeke plaas. Die betrokke leerlinge glo dat gebruik van woordeboeke baie kan bydra tot verbetering in hul skoolwerk, maar leerkragte sal hulle moet opskerp in die gebruik daarvan. Almal is gretig om in eksamens beter te vaar en 'n hoër graad te verwerf, maar die werkywer bly 'n probleem, wat hulle self saam met ouers of ander hulpmiddele moet oplos. Die sin en persoonlike waarde van vaardige leesvermoë saam met netjies en korrekte spelling het oor die algemeen nog nie begin ontkiem nie.

Die meeste leerders dra kennis van 'n verskeidenheid woordeboeke: *Skoolwoordeboeke*, *HAT*, *The Oxford Concise Dictionary* en *Pharos Beknopte Verklarende Woordeboek*. Voorbeelde van WAT in die klaskamers ontbreek. Die lywige getal dele is moontlik in 'n spesiale kas of biblioteek beskikbaar of kan nog nie bekostig word nie. Leerders behoort inligting oor hierdie omvattende woordeboek en sy bevorderingstaalrol te ontvang. Daarin is moontlike voordele opgesluit van breër inligting oor hoe hulle hul kan help en nie maar net op bystand van hulle skool of hulle onderwysdepartement moet hoop en wag nie. Hulle behoort deur leerkragte ingelig te word oor volledige besonderhede oor wat die WAT reeds vermag het oor die afgelope 85 jaar, asook die waardevolle addisionele gratis dienste wat gebied word om Afrikaans by die algemene publiek en onderwysinstellings te bevorder.

Uit die voorafgaande inligting blyk duidelik dat woordeboeke 'n pertinente rol kan speel in hulp aan leerders om 'n hoër standaard in hul mondelinge en skriftelike werk te bereik en so die moontlikheid van slaag en bevordering bevorder.

10.6.2 Unieke taalrol van woordeboeke

Buitengewone taalgebruikseise word in die jongste tyd aan een en almal, maar veral aan die jong geslag met hul min lewenservaring, en aan agtergeblewenes in gemeenskappe gestel. Tegnologiese ontwikkelinge waarvoor individue geen beheer het nie is hier die hoofrolspeler. Om uiteenlopende redes hou die ontwikkelinge, onder andere, groot voordele in soos verhoging of groei in produksie op boerderygebiede, kennis van verkeersfasiliteite, asook vinniger en doeltreffender kommunikasie. Veral kinders ervaar egter probleme in sosiale omgang en opvoedkundige inrigtings in hulle aanpassings by hierdie probleme. In hierdie probleme is redes en behoeftes so nou ineengestrengeel dat dit moeilik is om hulle afsonderlik te definieer. 'n Mens sou egter 'n vae skeidslyn soos volg kon toepas en, wat meewerkende faktore betref, die fokus op opleiding en sosiaal kon laat val.

10.6.3 Voorstelle

As motivering vir die volgende voorstelle kan aangevoer word dat kinders deesdae in die algemeen meer visueel as ouditief ingestel is. Hierdie persepsie het sy grondslag verkry deur die algemene sosiale aanvaarde klem wat deesdae op die visuele gelê word, aangehelp deur die era van televisie, selfone sowel as die rekenaarwetenskap. In opvoeding behoort meer klem geplaas te word op die betekenis van meer kennis as op die getal simbole in matriekeindeksamens behaal. In die meeste tersiêre inrigtings dien die getal A-simbole, as die groen lig vir aanvaarding vir verdere studie. Hoe werklik meetbaar is intelligensie? Begrip is eintlik meer bepalend vir sukses in die meeste beroepe, soos uit gesprekke verneem word.

- **Opleiding en Opvoeding.** Kinders is meer visueel as ouditief ingestel en sal spelling in 'n woordeboek volg. Letters van die alfabet word nie meer volgens die eertydse klankmetode op primêre vlak aangeleer nie. In gesprekke word woorde normaalweg nie juis foneties uitgespreek nie en hieruit volg dat geskryf word wat gehoor word. Dit kan dus die aanvaarbare rede wees dat 'n *f v (vout) en ui y (hys) geskryf word*. Kinders dra ook al kennis van teksboodskappe, sogenaamde *Mixittaal* waarin klinkers weggelaat word. Skryf soos jy praat, het eintlik mode geword, want om na te slaan in 'n woordeboek is tydrowend. Die nadelige uitwerking hiervan word by die eksamens en gebrek aan bevordering gevoel. Klem word in media (TV, radio, koerante), in opvoedkunde, ensovoorts op hoër opleiding geplaas. In tersiêre opleiding waar baie lees- en skryfwerk verwag word, is dit té laat om hierdie agterstand aan te spreek.

Akademie:

- Boeke word nie meer gelees nie, want baie word verfilm (flics en TV-reekse en op CD's verkrygbaar). Kinders luister en kyk liever as om te lees.
- Inligting word vanaf die internet verkry en blootstelling aan biblioteke vir leesdoeleindes geminimaliseer.
- Skoolopleiding is meer op tegnologie ingestel en die vakke waarop gefokus word, is Wetenskap en Wiskunde.
- Slaag in tale teen 'n minimum voorgeskrewe persentasiepunt is nie meer 'n absolute vereiste vir bevordering nie.
- Skoliere slaag matriek met universiteitsvrystelling sonder om 'n taal behoorlik onder die knie te hê. Spel- en leesvaardighede is reeds op universiteitsvlak 'n groot probleem en word dan 'n nog wesentliker krisis wanneer om 'n werk aansoek gedoen word en persone in professionele beroepe staan.
- Daar is selfs akademici wat veral Engelse ekwivalente, *nice, cool, issue* as sogenaamde nuutskeppinge in skriftelike werk aanvaar, alhoewel daar erkende Afrikaanse alternatiewe bestaan.

Sosiaal:

- Ouers se oorvolprogramme bring mee dat tyd om vir hul jong kinders te lees beperk is. Leeskultuur word dus nie op kleines se ontvanklikste ouderdom met slaapstories gevestig nie.
- Aktiwiteite wat vroeër deel van skoolkurrikula en leefstyl was, soos sport, musiek en debattering, is onttrek en ouers moet daarvoor instaan en tyd vir vervoer afstaan.
- Kommunikasie tussen ouers en kinders word deur tegnologie verwaarloos. Die klem val in hierdie samevatting van *redes* en *behoefes* op komponente wat die hele lewensverloop van jeugdige aanspreek. Omdat troetelvorme veral hierdie gemeenskapsgroep raak, is dit nodig geag om aan te dui in welke mate volwassenes 'n rol van verantwoordelikheid behoort te vervul. In die uitlewing daarvan is hoofsaaklik liefde en sorg (die kernwoorde in troetel) die uitgangspunt, as faktore ter sake in die opsomming. Woordeboeke kan in vele opsigte help om die genoemde probleem die hoof te bied.
- Begeerte vir meer verklarende en vakgerigte woordeboeke, beskikbaar in die klaskamer sluit hoofsaaklik in: *HAT 5* en *Pharos Beknopte Verklarende Woordeboek*. Die onderwysdepartemente behoort dringend hieraan aandag te gee indien opvoeding hulle werklike erns is.
 - PHAROS, Sinonieme en verwante woorde. 2009, EERSTE UITGAWE
 - PHAROS, Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom, EERSTE UITGAWE.

10.7 Gevolgtrekking

Om beter te kan presteer - wat beslis 'n 80% - doelwit is, sal die volgende aspek dringende aandag moet geniet.

Persoonlike besit van woordeboeke wat deel behoort te word van Onderwysdepartemente se skoolboekepakket vir elke leerder in grade VII en XII aanvanklik, en met verloop van tyd uitgebrei na al die grade, volgens behoeftes van elke graad.

Wanneer 'n mens op die ingewing van die oomblik wonder oor die huidige geslag skoliere (leerders) se taalkennis en -gebruik, omdat jy werklik in kinders belangstel, is daar voldoende motivering en net een manier om dit met persoonlike skakeling - telefonies, per faks, brief of besoeke vas te stel. My keuse van die woordjie *troetel* het wel geblyk 'n raak besluit te wees omdat bevordering van 'n nuwe bewustheid en gebruik daarvan beter menseverhoudinge kan help skep,

veral in 'n era van groot verandering in lewensbeskouinge in die saambestaan van wyd-uiteenlopende kulture se waardebepalings.

10.8 Algemene slotsom oor die evaluasie

Die ervaring wat my die meeste verbaas het, was dat *troetel* by die jonger geslag leerkragte en by 90% kinders 'n totaal vreemde woord was, maar na 'n aantal vrae, 'n algemene *assosiasie met liefde* deur hulle aangedui is. 'n Poging om 'n verklaring hiervoor te vind, kon nie van die kinders verkry word nie, behalwe dat die woord 'n gevoel van toegeneentheid teenoor hulle deur die leerders aangevoel is. Die meeste het die woord egter met hul ma of ouma, 'n nabygeliefde, of in mindere mate, met beste maats verbind. Iets wat verder opgeval het, was dat nie baie kinders in 'n troetelnaam belanggestel het nie en hulle met hul noemnaam, wat skynbaar aan hul eie persoonlike identiteit gekoppel is, tevrede was, maar die koppeling van 'n troetelvorm soos veral *skat, liefie en hartjie*, byvoorbeeld *Bettie hartjie*, sal verwelkom. 'n Moontlike verklaring hiervoor sou dalk kon wees, 'n behoefte aan aandag en 'n sterker versekering van intense gevoel. Hulle vind dit moeilik om die begrip van *betekenis* regtig te snap en tog "praat" troetel met hulle. Leerkragte sal meer aandag hieraan moet gee, want in opvoeding en kennis oordra, is *aandag* 'n sleutelwoord en 'n moet-strategie vir sukses. Wanneer aan die medewerkers aan hierdie opname verslag van die resultaat gestuur word (waarin hulle besonder baie belangstel), sal dit benadruk word. Spelling, 'n wesenlike probleem, kan met oefening reggestel word, maar wanneer die probleem meer na binne gerig is, word heelwat meer troeteldiplomasie in die taalvorme en sprekende rolmodelvoorbeelde van leerkragte vereis.

Die onverwagte versoek uit die bloute deur 'n vreemdeling is deur almal - van die ontvangsdames tot die personeellede (wat saam met hul velerlei moeilike opdragte, eksamens en inspekteur-besoeke, die eintlike 'werkesels' was), asook deur skoolhoofde spontaan en entoesiasies verwelkom. 'n Mens sou die opname net nog wyer wou uitbrei, veral na die veraf plattelandse streke, en in staat wou wees om oral woordeboeke, soos benodig te kon uitdeel. Jy sou kon hoop dat die besef dringend tot Onderwysdepartemente kon deurdring en tot uitvoering daarvan kon lei. Die gretigheid om te vorder en in doelwitte te slaag, kan nie maar net ontken word nie. Daar is begin met die saai van saadjies, waarvan sommige beslis sal ontkiem en plantjies word. Juis daarom moet hierdie *troetelplantjies* betyds en gereeld water en voedingstowwe kry om blomme en vrugte te produseer - al is die resultaat aanvanklik maar skraal. Aansteklikheid en nabootsing is deel van menswees. Veral by gereelde maandelikse ouerprogramme (al daag net 1 ouerpaar op), wat aantreklik saam met musiek, bydraes deur kinder- of ouerprogramme en selfs 'n suiglekkertjie, aanloklik gemaak word, kan 'n skoolhoof net wen. Ook persoonlike skakeling met 'n skrande of talentvolle kind se ouers en bespreking van samewerking kan net positiewe resultate vir al die betrokkenes lewer.

Wat Afrikaans betref, bestaan daar reeds 'n basiese infrastruktuur, maar die genoemde probleme kan nie weggepraat word, as die standaard in skole nie verhoog word nie. 'n Woordeboekkultuur moet dringend gevestig word en vereis die besef en uitvoering daarvan deur Onderwysdepartemente.

Na empiriese navorsing deur middel van vraelyste, mondelinge skakeling met seniors, volwassenes, studente en kinders van verskillende ouderdomsgroepe oor die kennis en gebruik van troeteltaal- en woordeboekraadpleging in hedendaagse Afrikaans, het die vraag by my ontstaan, "Hoekom sou troeteltaalvorme in woordeboeke as gesaghebbende inligtingsbronne, soos deur taalkundiges aangevoer, belangrik geag kon word? Waarom is dit nie die geval nie, wanneer hierdie navraag in gesprekke met mense in gemeenskappe geopper word?" Tog is dit 'n lewensfeit dat troeteltaalwoorde, soos *doedoe*, *mamma*, *moeder*, *liefie*, *skattie*, *baba* in Afrikaans die heel eerste woordeskatitems (*taal*) is waaraan kinders blootgestel word. Ook by kennismaking met vreemdes bied woorde die ideale aanknopingspunt vir 'n verdere gesprek. Afhangende van die situasie en persoonlikhede van aangespreektes en luisteraars kan troetelwoorde reeds hier inglip, wanneer verrassing en blydskap ter sprake is, byvoorbeeld: "Ons noem jou sommer Hoffie in plaas van mnr. Steve Hofmeyr." Hierby kan gevoeg word dat eerste taal- en selfs gebaieskakeling tussen verskillende kulture en taalgroepe ook moontlik troetelwoorde en troetelbelaaide tekens kan insluit, afhangende van die konteks soos van ontmoetings op sosiale en romantiese vlak. In ander tale na aan Afrikaans is troetelwoorde, volgens ons veelvolkige gemeenskappe welbekend in sosiale omgang. Dit geld ook vir skriftelike skakeling. Voorbeelde sluit in *Schatz* (Duits); *lovey*, *sweet*, *momai* (Frans); *bello* (Italiaans); *sithandwa* (Xhosa). 'n Verdere vraag wat hieruit voortvloei, is die onsekerheid waarom woordeboekmakers nog nie meer troeteltaalvorme as die enkeles, soos *boet* en *sussie* saam met *ousie* en *liefie* / *liefing* as standaard en aanvaarbaar vir insluiting beskou het nie.

Uit die navorsing by skole was die gevolgtrekking dat die woord *troetel* en begrip daarvan hoogs uitsonderlik is. Omdat hulle nie hierdie woord ken nie, is hulle ook nie vertrou met die begrip nie. Hulle het die woorde *liefie* en *skat* gehoor, maar assosieer die woorde nie met die begrip van liefde en sorg nie.

Uit die navorsing is die indruk ook gelaat dat taalvariante met hul leksikale waarde wisselend in streke en in gebruiksfrekwensie, in woordeboekformaat kan meehelp om troeteltaal te vestig. Die verskeidenheid van betekenis wat aan dieselfde woord geheg kan word, soos reeds in die voorafgaande bespreking aangedui, lei daartoe dat die verskynsel algemeen in verskillende gemeenskappe voorkom en 'n invloed op onderlinge verhoudinge het, soos in die geval van *kaffer* wat as troetelnaam voorgekom het óf as rassisties en beledigend beskou kan word. Nou voel 'n mens geneig om te wil weet waarom kragwoorde soos *bliksem*, *donner*, *moer*, *donder*, (saam met

'n etiketteken) wat vir die gemiddelde Afrikaanssprekende as taboetaal beskou kan word, tog in gewilde woordeboeke opgeneem is. Die feit dat troetel, die medium is waarmee liefde oorgedra word op verskillende vlakke en terreine, soos in kantore, binne families en vriendekringe, romanties by alle ouderdomsgroepe, in gewoontespraak en werksomgewing dien as genoegsame bewys dat troeteltaal op dieselfde aandag as kragwoorde in ons woordeboeke geregtig is, mits hul gebruiksfrekwensie dit regverdig.

In ons Grondwet word respek en waardigheid vir alle Suid-Afrikaners as basis gebruik. Al die multikulturele gemeenskappe in sogenaamde kultuurgroepe word verteenwoordig. Geen taal, wat as diskriminerend ten opsigte van 'n persoon se integriteit beskou kan word, word verdra nie. Dit is die dilemma. In een gemeenskap is 'n woord troeteltaal en in 'n ander 'n growwe belediging. Dis verder 'n onbeheerbare lewensfeit, want geen mens het 'n keuse van sy geboorteplek en opgroeitaal en -omgewing nie.

Hierin kan woordeboeke 'n waardevolle bydrae lewer deur hul inligting van spelling, woordorde, skryftekens, vertaling en keurige woordkeuse, en die persepsie van skryf soos jy praat, wat tans nogal algemeen by gewone gebruikers voorkom, uitskakel. Die erkenning van veel meer troeteltaalvorme en die persepsies daarvan as voorbeelde van gebruiksvriendelike taal en gereelde gebruik en propagering daarvan in gewone geselstaal is aanbevelenswaardig. Daarmee speel hulle dan 'n belangrike rol om gemeenskappe te verenig in 'n breër samelewing.

Die waarneembare veroudering en gevolglike gebrekkige kennis en toepassing van troetelvorme, veral by ouers, kan dalk 'n gevolg wees van die vinniger en veeleisender tempo van lewe vandag.

'n Tipe oplossing kan moontlik gevind word in buitetekste as aanvulling in standaardwoordeboeke oor die volgende:

- meer inligting oor die woorde wat in werklikheid troetelwoorde is, byvoorbeeld afkortings van noemname.
- betekenis in kontekste

Troeteltaalvorme pas boonop perfek in by die voorgeskrewe reëls vir die samestelling van 'n woordeboek, waar die insameling van data oor 'n wye area prioriteit is. Die ingesamelde data moet gekoppel wees aan 'n duidelike betekenis, soos in die geval van troetelname wat uitsluitlik vir 'n spesifieke persoon om 'n definitiewe rede - feitlik altyd uit liefde of besorgdheid, maar soms ook in luimige sin, en baie selde negatief bedoel, gegee word. Dit is nou wel bevind dat *troetel* as kwalifiseerder in verskillende woorde optree, onder andere, *troetelplant*, *-dier*, *speelgoed*,

ensovoorts. Dit verbreed dan eintlik die betekenisomvang van die begrip waarmee die waarde daarvan as variëteit verhoog word.

Die algemene gebruik, hoewel meestal onbewustelik, is so algemeen dat 'n mens wonder of gebruikers beseft dat hulle eintlik 'n troetelvorm gebruik, soos in die geval van *oudste*, en verskeie name deur respondente ingedien. Semantiese parameters, soos sinonimiese en etimologiese verwysings of byvoorbeeld 'n oorgeërfde Oupa-naamgewing, is beslis in troeteltaalvorm relevant en dit regverdig meer aandag in algemene twee- en eentalige woordeboeke. In buitetekste is hierdie aanvulling by die sentrale teks gewis aan te beveel hoofsaaklik om die positiewe krag daarvan. Basies is die hele mensdom se bestaan gekoppel aan en beheers deur een of ander element van gevoel.

Troetelname en -taal was vanaf die heel vroegste ontstaan van Afrikaans algemeen 'n aktiewe deel van geselstaal. Dit het van meet af aan deur die paar eeue tot vandag toe veral onder jong liedjiesmakers as inspirasie gedien en sowel aanvaarding as navolging verwerf. Nie net sommer as woorde om iewers in te pas of te rym nie. Die semantiese waarde van omgee, sorgsaamheid, soos in woordeboeke verduidelik, skemer altyd deur (vergelyk "Song vir Katryn").

10.8.1 FAK

In een van ons vroegste volksangbundels met 'n omvattende verskeidenheid singbare liedjies - treurig tot "Afrikaners is plesierig ..." - kom troetelwoorde telkens in liefdesverband voor, byvoorbeeld:

- My hartjie, my liefie ... (No. 361)
- Ek en my Bokkie woon stoksiel alleen ... (Volksmond)
- Jy, Jy is my klein hartedief (No. 83)
- Bolandse Nooientjie (No. 83)
- Boetie, sy's 'n perskeblom (No. 107)

10.8.2 Gedigte: Groot Verseboek: D.J. Opperman

- J. Lion Cachet: Die Afrikaanse taal: ("my sussie ... No.14; hartjie")
- Anoniem: "soetlief" ... (No. 24)

Selfs digters en letterkundiges ag hulle nie verhewe bo troetelwoorde nie:

- N.P. van Wyk Louw: “... kan jy my woorde, liefste hoor ...” 125
- B. Breytenbach: “Allerliefste, ek stuur ... ” 416
- Adam Small: “pellie” ... 3

Miskien kan die intrinsieke nuanses van liefde, toegeneentheid, sorgsaamheid, behoefte aan saamwees, vriendskap met al sy skakeringe en selfs speelsheid en lughartigheid, vergestalt in troetelwoorde en –taal, taalvriendelikheid beduidend begunstig. Die dikwels aggressiewe en mengeltalige gesprekvoering wat maar alte spontaan deesdae in ons daaglikse taalgebruik deursyfer, kan andersyds ’n verdiende knou kry.

10.9 Slot

Afrikaans is beslis nie meer ’n afskeptaal nie, maar wel die maklike, inspirerende, skeppende middel, veral in ons puik woordeboeke wat vryelik in biblioteke en boekwinkels tot almal se beskikking is. Grootse bemarking deur alle soorte media moet hierin heelhartig en konstant saamwerk.

Bestudeer ’n mens die ontwikkelinge en verwikkelinge in die ontstaan en onafgebroke verloop van die Afrikaanse taal oor 358 jaar - 1652 tot 2011 - is dit indrukwekkend en inspirerend om agter te kom hoeveel noemenswaardige faktore en uitnemende linguïste ’n rol te speel gehad het teen wisselende verloop in ons land met sy ingewikkelde uiteenlopende geheel, veral ook op taalgebied. Taalgroei het nog nooit in Afrikaans gestagneer nie, soos uit die toename in soorte woordeboeke in die hoofstuk Leksikografiese Omgewing vir Troeteltaal blyk. (Leksikografiese belangstelling en wye navorsing word vervolgens vollediger bespreek.)

Voordat Leksikografie bestaansreg as selfstandige studieveld verwerf het, was daar ’n langdurige stryd ten opsigte van die uitruil van wisselende menings en besluite oor hierdie belangrike taalsaak in ’n stadium van groei en die vestiging van ’n waardige sisteem. Daar is egter doelgerig voortgegaan met die proses, want die oortuiging was dat die ordening van die ryk woordeskat in woordeboeke as inligtingstaalbronne ’n bruikbare toevoeging tot verbetering en verryking van spreek- en skryftaal kan wees.

Daar moes egter rekening gehou word met die feit dat net *woorde* nie die sentrale fokus van hierdie woordeboekbronne mag wees nie. Ongelukkig blyk dit dat die vind van ’n oplossing vir een of ander algemene probleem, soos spelling, maar veral vir verklarings van betekenis vir die korrekte keuse en inpas van woorde, die hoofdoel van die gewone gebruiker nog altyd was en is.

